

**Suid-Afrika en die Universele Periodieke Hersieningsmeganisme van die
Verenigde Nasies se Menseregte Raad:
Die waardebeplating van akkulturasie**

deur

Inge Absalom



Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes
vir die graad Magister Artium (Politieke Wetenskap)
in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
aan die Universiteit Stellenbosch

Studieleier: Prof. S. Cornelissen

April 2022

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

April 2022

Abstract

The question often arises whether international human rights law can make a difference. The importance of this question can be ascribed to the institutions that monitor the implementation of international human rights norms. These institutions only deserve support to the extent that they significantly contribute towards the protection of international human rights. A commitment to improve the human rights situation in all member states of the United Nations (UN) was made in 2008 in the establishment resolution of the UN human rights monitoring mechanism, the Universal Periodic Review mechanism (UPR), an international human rights monitoring institution. This softer, cooperative mechanism is applied by the UN Human Rights Council and has the purpose of improving human rights and addressing human rights abuses in all countries. Member states of the UN are reviewed once every 52 months by means of uniform procedures.

Current literature on international accountability mechanisms has focused on confrontation and the potential of cooperative mechanisms is therefore often overlooked. Consequently, this study investigated three cycles of the UPR process through a case study design. The aim of the study was to assess the effectiveness of South Africa's participation in the three cycles of the UPR to determine to what extent the country's behaviour contributed to the success of the UPR. The focus was on the visibility of the positive aspects of the regionalism amongst South Africa and its region, the willingness of South Africa to implement recommendations and commitments, and whether any visible acculturation patterns were present.

The theoretical model by Goodman and Jinks was used as basis to theoretically support the study. The model was used to explain South Africa's effective action in the UPR in terms of the country's adherence regarding human rights recommendations and commitments. In this area, cognitive and social pressure from a peer group is important.

This study reviewed South Africa's participation as a member of the UPR, where the Africa group took an oath to enhance the quality of their recommendations to other countries. The study found that South Africa upheld the oath by the Africa group due to role internalisation as an African country and therefore felt compelled to act like the group. Solidarity with the African region points to the positive impact that regionalism might have. Furthermore, South Africa was generally receptive to the UPR recommendations during the review sessions due to social pressure by the international peer group. However, there were some gaps in implementation of these recommendations.

The implications of the research findings are that investigations into the UPR processes are essential, because they raise the question whether participation by a country in the processes of a voluntary, unforced universal human rights initiative can have positive consequences, or whether it is an exercise without substance.

Opsomming

Kommer word dikwels uitgespreek oor of internasionale menseregte wetgewing 'n verskil kan maak. Die belangrikheid van hierdie vraag kan toegeskryf word aan die instellings wat die implementering van internasionale menseregte norme moniteer. Hierdie instellings verdien slegs ondersteuning tot die mate waartoe hulle betekenisvol bydra tot die beskerming van internasionale menseregte. 'n Belofte om die menseregte situasie in alle lidstate van die Verenigde Nasies (VN) te verbeter, is in 2008 gemaak in die vestigingsresolusie van die Verenigde Nasies se menseregte moniteringsmeganisme, die Universele Periodieke Hersieningsmeganisme (UPH), 'n internasionale menseregte moniteringsinstelling. Hierdie sagter, samewerkende meganisme word deur die VN Menseregte Raad aangewend en het ten doel om die menseregte te verbeter en menseregte vergrypinge in alle lande aan te spreek. Lidstate van die Verenigde Nasies word eenmalig elke 52 maande deur uniforme prosedures hersien.

Bestaande literatuur oor internasionale verantwoordbaarheidsmeganismes neig om te fokus op konfrontasie en die potensiaal van samewerkende meganismes word dus veral misgekyk. Gevolglik het hierdie studie die drie siklusse van die Universele Periodieke Hersieningsmeganisme proses deur middel van 'n gevallestudie ontwerp ondersoek. Die navorsingsdoel was om te fokus op die Afrika-kontinent, met die klem op Suid-Afrika om die effektiwiteit van die land se deelname in die drie siklusse van hierdie Hersieningsmeganisme na te gaan. Op hierdie wyse is vasgestel tot watter mate Suid-Afrika se deelname bygedra het tot die sukses van die UPH. Die fokus was op die sigbaarheid van die positiewe aspekte van regionalisme tussen Suid-Afrika en sy streeksgroep, die geneigdheid van Suid-Afrika om aanbevelings en beloftes te implementeer, sowel as of daar sigbare akkulturasiepatrone teenwoordig was.

Goodman en Jinks se akkulturasie model is as basis gebruik om die studie teoreties te rugsteun. Hierdeur is effektiewe optrede van Suid-Afrika in die Hersieningsmeganisme verklaar in terme van staatstoewyding ten opsigte van menseregte aanbevelings en beloftes. Kognitiewe en sosiale druk, van 'n verwysingsgroep is in hierdie verband van belang.

Hierdie studie het Suid-Afrika se deelname in die Hersieningsmeganisme ondersoek, waar die Afrika-groep 'n eed geneem het om die kwaliteit van hul aanbevelings aan ander state te verbeter. Die studie het bevind dat Suid-Afrika die eed van die Afrika-groep gestand gedoen het as gevolg van interne druk en rolinternalisering as 'n Afrika-staat en dus verplig gevoel het om op te tree soos genoemde groep. Solidariteit met die Afrika-streek het gedui op die positiewe impak wat regionalisme moontlik kan hê. Suid-Afrika was verder ook oor die algemeen bereid om aanbevelings te aanvaar, weens sosiale druk deur die internasionale portuurgroep. Daar bestaan egter 'n gaping in die implementering van hierdie aanbevelings.

Die implikasie van die navorsingsbevindings is dat ondersoek na die Hersieningsmeganisme se prosesse noodsaaklik is, omdat dit die vraag laat ontstaan of staatsdeelname in die prosesse van 'n vrywillige, nie-gedwonge universele menseregte inisiatief, positiewe gevolge kan hê en of dit 'n oefening sonder substansie is.

Bedankings

'n Hartlike woord van dank aan die volgende rolspelers:

- Die Hemelse Vader, vir 'n onbeperkte bron van krag;
- My ouers, vir emosionele bystand verleen tydens die skryf van my tesis;
- Dr. Danny Titus, voormalige Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissaris, vir die voorbeeld gestel wat my belangstelling in die Verenigde Nasies en menseregte gevoed het;
- Die biblioteek personeel van die Universiteit Stellenbosch, vir onbaatsugtige diens gelewer; en
- My vriende, vir hul ondersteuning en aanmoediging.

'n Spesiale dankbetuiging aan my studieleier, Prof. Scarlett Cornelissen, vir 'n reuse-aandeel in die suksesvolle afhandeling van hierdie projek; haar bydraes was van deurslaggewende belang.

Inhoudsopgawe

Verklaring	ii
Abstract	iii
Opsomming	iv
Bedankings	vi
Lys van Figure	xi
Lys van Tabele	xii
Lys van Afkortings	xiii
Hoofstuk 1: Algemene Inleiding	1
1.1 Agtergrond en rasionaal	1
1.1.1 Regverdiging vir die fokus op Afrika	4
1.1.2 Suid-Afrika as deel van die Afrika-streek	5
1.2 Probleemstelling	6
1.3 Navorsingsvrae	6
1.4 Teoretiese raamwerk: Akkulturasie	7
1.5 Metodologie	8
1.5.1 Gemengde navorsingsmetodes	9
1.5.2 Gevallestudie ontwerp	10
1.5.3 Inhoudsanalise	10
1.5.4 Data	11
1.6 Konsepte	11
1.6.1 Nakoming	12
1.6.1.1 Eerste-orde en tweede-orde nakoming	12
1.6.2 Implementering	12
1.6.2.1 Implementering van beloftes	13
1.6.2.2 Implementering van aanbevelings	14
1.6.3 Effektiwiteit	14
1.6.4 Verantwoordbaarheid	14
1.6.5 Die Verband tussen Nakoming, Implementering, Effektiwiteit en Verantwoordbaarheid	15
1.7 Hoofstukindeling	15

Hoofstuk 2: Sosialiseringmeganismes, Implementering en die Universele Periodieke Hersieningsmeganisme	17
2.1 Inleiding	17
2.2 Internasionale instellings en sosialisering	18
2.3 Meganismes van sosiale invloed	19
2.3.1 Dwang	19
2.3.2 Oorreding	20
2.3.3 Akkulturasie van state: Die teoretiese model	22
2.4 Akkulturasie	23
2.4.1 Interne kognitiewe druk	24
2.4.2 Eksterne sosiale druk	25
2.4.3 Probleme en vooruitsigte van staat sosialisering	27
2.4.3.1 Die probleem van nakoming	27
2.4.3.2 Variante van ont koppeling	27
2.5 Akkulturasie teenoor Dwang en Oorreding	30
2.5.1 Die verskil tussen Dwang en Akkulturasie	30
2.5.2 Die verskil tussen Oorreding en Akkulturasie	31
2.6 Universele Periodieke Hersieningsmeganisme Regime Ontwerp: Gunstige Toestande vir Akkulturasie	32
2.6.1 Institusionele omgewing	32
2.6.2 Onderwerp van analise: Suid-Afrika as agent	33
2.7 Die bepaling van empiriese voetspore van akkulturasie	33
2.8 Studies oor sosialisering en internasionale betrekkings	34
2.9 Samevatting	37
Hoofstuk 3: Die Vestiging en Funksionering van die Universele Periodieke Hersieningsmeganisme	38
3.1 Inleiding	38
3.2 Agtergrond tot die Menseregte Raad en sy Universele Periodieke Hersieningsmeganisme	38
3.2.1 Die Menseregte Kommissie	38
3.2.2 Die ondergang van die Menseregte Kommissie	40
3.2.3 Van Kommissie tot Raad: Hervormingsvoorstelle	42
3.2.3.1 Besprekings oor die struktuur van die Universele Periodieke Meganisme	43

3.3	Meganisme van die Menseregte Raad: Universele Periodieke Hersieningsmeganisme	45
3.3.1	Die portuurhersieningsinstelling en verantwoordbaarheid	45
3.3.2	Die drie dimensies van verantwoordbaarheid	45
3.3.2.1	Standaard dimensie	45
3.3.2.2	Inligting dimensie	46
3.3.2.3	Sanksie/straf dimensie	46
3.3.3	Vorme van verantwoordbaarheid	46
3.3.3.1	Vertikale verantwoordbaarheid	47
3.3.3.2	Horisontale verantwoordbaarheid	48
3.3.4	Portuurhersiening: Horisontale verantwoordbaarheid	48
3.4	Die Funksionering van die Universele Periodieke Hersieningsmeganisme	50
3.4.1	Die Universele Periodieke Hersieningsmeganisme se mandaat	50
3.4.2	Beginsels van die Universele Periodieke Hersiening	51
3.4.3	Periodisiteit	51
3.4.3.1	Orde van die Hersiening	52
3.4.3.2	Basis van die Hersiening	52
3.4.4	Modus operandi van die Universele Periodieke Hersieningsproses	53
3.4.4.1	Fase 1: Voorbereiding en samestelling van verslae vir die staat onder hersiening	54
3.4.4.2	Fase 2: Hersiening van die staat deur die Menseregte Raad werkgroep	54
3.4.4.3	Fase 3: Voorbereiding van die hersiening se uitkomsverslag	56
3.4.4.4	Fase 4: Aanneem van die hersiening se uitkomsverslag voor die vollediger Menseregte Raad	56
3.4.4.5	Fase 5: Opvolgstadium	57
3.4.5	State as belangrike aandeelhouers	57
3.4.6	Regsritualisme	58
3.5	Literatuuoroorsig van die Universele Periodieke Hersieningsmeganisme	59
3.6	Samevatting	62
Hoofstuk 4: Staatsbetrokkenheid by die Universele Periodieke Hersieningsmeganisme: Die Effektiviteit van Suid-Afrika se Optrede		63
4.1	Inleiding	63
4.2	Agtergrond van Suid-Afrika se menseregte gedrag	64
4.3	Akkulturasie deur interne kognitiewe druk (intra-identifikasie)	66
4.3.1	Interne kognitiewe druk	66
4.3.2	Akkulturasie deur interne druk: Implementering van die Afrika-groep se eed	67
4.3.2.1	Teoretiese interpretasie van die resultate: Akkulturasie deur interne kognitiewe druk	71

4.4	Akkulturasie deur eksterne sosiale druk (ekstra-identifikasie)	72
4.5	Akkulturasie deur eksterne druk: Nabootsing van die internasionale portuurgroep	73
4.5.1	Suid-Afrika as 'n staat onder hersiening binne die internasionale UPH portuurgroep	73
4.5.1.1	Aanbevelings aanvaar deur Suid-Afrika	74
4.5.1.2	Implementering	75
4.5.1.3	Teoretiese interpretasie van die resultate: Akkulturasie deur eksterne sosiale druk	77
4.6	Akkulturasie deur sosiale druk en ontkoppeling	79
4.6.1	Geweld wat verband hou met seksuele oriëntasie	79
4.6.2	Rassisme en xenofobie	80
4.6.3	Lyfstraf	81
4.6.4	Kategorie 2 Ontkoppeling: Publieke konformiteit met globale praktyke teenoor private implementering	82
4.7	Sosiale druk en ontkoppeling: Akkulturasie as remedie?	82
4.8	Wegbeweeg van ontkoppeling: Die progressie van akkulturasie deur sosiale druk	83
4.8.1	Die "Beskawende mag van skynheiligheid I": Eksterne gehoor koste	83
4.8.2	Die "Beskawende mag van skynheiligheid II": Interne gehoor koste	84
4.8.3	Toenemende eise deur globale burgerlike gemeenskap	84
4.8.4	Evolusionêre staatsleer	85
4.9	Samevatting	85
Hoofstuk 5: Slot: Waardebepaling van Akkulturasie en Suid-Afrika se Betrokkenheid by die Universele Periodieke Hersieningsmeganisme		87
5.1	Inleiding	87
5.2	Evaluering van die studie	87
5.2.1	Resultate	89
5.2.1.1	Akkulturasie en die implementering van die eed	89
5.2.1.2	Akkulturasie en die implementering van aanbevelings	89
5.3	Slot: Akkulturasie en die toekoms	90
Bronnelys		92

Lys van Figure

Figuur 2.1: Trigotomie van sosiale invloed	19
Figuur 2.2: Akkulturasie model	22
Figuur 2.3: Twee variante van akkulturasie	24
Figuur 3.1: Onderskeid tussen vertikale en horisontale verantwoordbaarheid	47
Figuur 3.2: Die UPH-proses	53
Figuur 4.1: Ekstra- en Intra-identifikasie met 'n verwysingsgroep	66
Figuur 4.2: UPH I: Aanbevelings gemaak deur Suid-Afrika volgens aksie kategorieë	69
Figuur 4.3: UPH II: Aanbevelings gemaak deur Suid-Afrika volgens aksie kategorieë	69
Figuur 4.4: UPH III: Aanbevelings gemaak deur Suid-Afrika volgens aksie kategorieë	70
Figuur 4.5: UPH I tot III: Persentasie aanbevelings aanvaar deur Suid-Afrika	74
Figuur 4.6: Implementering van Suid-Afrika se UPH II aanbevelings	76
Figuur 4.7: Progressie van akkulturasie deur sosiale druk	83

Lys van Tabele

Tabel 2.1: Verskillende soorte ontkoppeling	27
Tabel 2.2: Drie meganismes van sosiale invloed op state	31

Lys van Afkortings

<i>CEDAW</i>	<i>Committee on Elimination of Discrimination Against Women</i>
EU	Europese Unie
GRULAK	groep van Latyns-Amerika en die Karibiese eilande
KHKM	Kantoor van die Hoë Kommissaris van Menseregte
LGBT	lesbiese, gay, biseksuele, transgender
NRO	Nie-regeringsorganisasie
OEG	Oos-Europese groep
<i>OHCHR</i>	<i>Office of the United Nations High Commissioner for Human Rights</i>
<i>UK</i>	<i>United Kingdom</i>
<i>UNHRC</i>	<i>United Nations Human Rights Council</i>
UPH	Universele Periodieke Hersieningsmeganisme
<i>UPR</i>	<i>Universal Periodic Review</i>
VN	Verenigde Nasies
VSA	Verenigde State van Amerika
WEAG	Wes-Europese en Ander groep

HOOFSTUK 1: ALGEMENE INLEIDING

1.1 AGTERGROND EN RASIONAAL

Na die Tweede Wêreldoorlog, het die Verenigde Nasies (VN) menseregte in die sfeer van die internasionale gemeenskap geplaas, deur die vestiging van die VN Handves in 1945 (Tistounet, 2020:8). Die doelstellings was gemik op die skep van toestande van stabiliteit en welstand dwarsoor die wêreld, insluitende die bevordering van universele respek vir menseregte en waarneming van menseregte vir almal. Sedert 1945, is dit dus opvallend dat menseregte nie meer as 'n binnelandse kwessie, verskans deur staatsoewereiniteit, beskou kan word nie (Joseph & Kyriakakis, 2010:1).

Om die implementering van menseregte verbondstandaarde te reguleer, was die VN fundamenteel in die daarstel van verskeie internasionale instellings om die implementering van menseregte te monitor. Onder die vaandel van die VN Handves, is politieke organisasies gevestig wat bestaan uit verteenwoordigers van regerings, soos byvoorbeeld die Menseregte Raad (Joseph, Schultz & Castan, 2004:28).

In teenstelling met die Handves se liggame is daar ook Verdragsliggame gevestig onder die belangrikste VN Menseregte Verdrae, wat die implementering en interpretasie van hul spesifieke verdrae monitor (Joseph & Kyriakakis, 2010:2). Verdragsliggame verskil van Handves se liggame, aangesien hulle die kwasi-juridiese been van die VN menseregte monitering is, wat bestaan uit menseregte kundiges wat in hul individuele kapasiteit optree (Joseph et al., 2004:28). Die hoop is daarop gevestig dat verslae konstruktiewe "dialoog" tussen state en die verskillende Verdragsliggame, saamgestel uit menseregte kundiges, sou bevorder (Smith, 2007:53). Hierdie verwagting het nie gerealiseer nie en teen 2000 was die verbondmonteringsstelsel in 'n krisis weens 'n groot agterstand met laat verslae, hulpbron- en finansiële struikelblokke, asook beperkte ondersteuning van state met betrekking tot die verbetering van die stelsel. Alhoewel daar sedertdien voorstelle was om die menseregte verdragsliggaam moniteringsstelsel te verbeter, was vooruitgang minimaal (Oette, 2018:115). Teen Januarie 2021 was daar ongeveer 588 agterstallige verdragsliggaam verslae (Gielsing, 2020:1-2).

Nie westerse state was ook in kontroversie gehul oor landspesifieke en spesiale prosedures wat opgestel is deur die voormalige VN Kommissie vir Menseregte om gruwelike en sistematiese skendings van menseregte, asook landspesifieke kwessies aan te spreek. Hierdie kwessies is daarop gemik om sekere lande uit te sonder vir menseregte vergrypinge. Dit is gewoonlik nie-westerse state wat die onderwerp is van landspesifieke resolusies (Joseph & Kyriakakis, 2010:3). Hierdie prosedures is later vervat in die Menseregte Raad se werkswyse. Baie nie-westerse state het op grond van die selektiwiteit en dubbele standaarde herhaaldelik hul misnoë uitgespreek teenoor bevindings en resolusies wat gerig was op die menseregte praktyke van spesifieke state of streke (Jordaan, 2020:82).

In respons op die selektiwiteitsprobleem is 'n nuwe en kenmerkende toevoeging tot die VN menseregte sisteem ontwikkel, naamlik die Universele Periodieke Hersieningsmeganisme (UPH) wat in 2006 deur die Menseregte Raad tot stand gebring is om die menseregte situasie met behulp van portuurgroepe in alle state te hersien (Tistounet, 2020:8). Die term 'portuurgroep' of 'eweknie' verwys na rolspelers wat gelyk is in status of statuur. Ingesluit in hierdie definisie is 'n vorm van gelykheid tussen deelnemende partye in die UPH. Dit impliseer dat portuurhersienings uitgevoer word op 'n nie-teenstander basis en wedersydse vertroue, goeie trou van die betrokkenes in die proses, asook as 'n algemene blywende verbintenis tot die uitkoms van die proses (Turianskyi, 2019:2). Verder word die UPH prosedures onderneem in ooreenstemming met betroubare inligting ten opsigte van elke staat se bereiking van sy menseregte verbintenisse en beloftes. (Dominguez-Redondo, 2008:724).

Portuurhersiening onder state as 'n meganisme om nakoming met internasionale menseregte norme te bevorder, word deesdae toenemend deur state in globale regering gebruik. Die proses bestaan uit "die sistematiese ondersoek en assessering na die optrede van die staat deur ander state met die uiteindelijke doel om die staat wat hersien word te help met die verbetering met die formulering van beleide, aanneem van beste praktyke, voldoening aan gevestigde standaarde en beginsels. Portuurhersiening word gekenmerk deur state wat inligting verskaf oor hulle ondervindings met die implementering en konformering tot internasionale standaarde en beleidspraktyk (Vandenbogaerde, 2016:54). Die inligting word deur state geassesseer. Hierna ontvang state wat hersien word 'n aantal aanbevelings oor hul werkswyse om hulle gedrag met betrekking tot 'n bepaalde kwessie te verbeter (Pagani, 2002:15).

Die eerste siklus van die UPH het gestrek vanaf 2008 tot 2011, die tweede siklus vanaf 2012 tot 2016 en halfpad deur die derde siklus vanaf 2017 tot 2021. 'n Kenmerk van die UPH as 'n benadering om menseregte implementering te monitor, is dat dit verband hou met samewerking en dialoog, inklusief samewerkend is, en 'n proses is wat deur state beheer word (Gielsing, 2020:3). Daar is skrywers wat 'n optimistiese opinie omtrent die UPH huldig, *inter alia*, Brett (2009:10), wat voorstel dat state deel wil wees van 'n groep en na daardie doel sal streef – 'n manier om dit te bewerkstellig is om te voldoen aan die UPH en 'n gunstige hersiening te kry vanaf die werkgroep. Bostaande argument word ondersteun deur statistiek van Junie 2009 wat aantoon dat 70 state hersiening ondergaan het en daar 'n 100% samewerkingskoers was. Dit is in teenstelling met, byvoorbeeld, die Internasionale Verbond op Burgerlike en Politieke Regte waar state meer as 'n dekade laat is met die indiening van hul verslae oor implementering (Brett, 2009:10).

Jacobsen (2010:11-12) maak melding van die sterk punte van die UPH, wat insluit universaliteit en die behandeling van state op 'n gelyke vlak, terwyl dit terselfdetyd 'n internasionale portuurhersiening is. Volgens Jacobsen (2010:11-12) kan dit verskillende betekenis hê, soos ook deur die onderstaande skrywers waargeneem is.

Volgens McMahon (2012:28), beteken dit dat state nie langer kan wegbly van die erkenning van menseregte as algemene standaard vir die internasionale gemeenskap nie. Charlesworth en Larking (2014:7) het aangevoer dat die publieke portuurondersoek 'n internasionale gebeurtenis is waarvan bywoning nie van die hand gewys sal word nie, omdat daar probeer word om te voldoen aan algemene standarde (tot dusver is waargeneem dat die meganisme ernstig opgeneem word deur state onder hersiening). Dominguez-Redondo (2012:706) het waargeneem dat die UPH holisties is, in die sin dat sy normatiewe basis die Universele Verklaring van Menseregte is, wat alle kategorieë van regte en vryhede insluit. Die hersiening bevat alle verbondsverpligtinge van 'n gegewe land, sowel as aanbevelings wat aan die staat gerig word deur menseregte liggame – die hersiening dek dus 'n breër omvang van menseregte verpligtinge as enige ander meganisme (Dominguez-Redondo, 2012:706). Tistounet (2020:15) het genoem dat die UPH periodies is, wat beteken dat alle state elke vier jaar hersien word. Dit bied die geleentheid om state onder hersiening verantwoordbaar te hou ten opsigte van verbintenisse vanaf die vorige hersieningsessie. Die mate waartoe die UPH bewys sal word as effektief, kan getoets word gedurende die tweede siklus van die UPH. Laastens, die UPH voorsien nuwe verbande tussen internasionale meganismes en menseregte implementering op nasionale vlak. Dit open nuwe deure vir voorspraak vir menseregte en bevorderingsaktiwiteite (Joseph & Kyriakakis, 2010:35).

Aan die ander kant bevraagteken sommige akademici egter die effektiwiteit van die UPH, veral in terme van die vlak van staatsbeheer oor die UPH prosesse (Storey, 2018:61). Nowak (2011a:23), die voormalige VN Spesiale Rapporteur op Marteling, het genoem dat die UPH “ly onder die nadeel van staatsoptrede in die veld van menseregte wat geassesseer word deur ander state, eerder as deur onafhanklike kundiges”. De Frouville (2011:264) argumenteer dat die UPH nie die nakomingsprobleem van die VN menseregte sisteem kan aanspreek nie.

Die algemene aannames wat dus die werk van De Frouville (2011) en Nowak (2011a) onderlê, is dat die monitering vir menseregte implementering die beste aangespreek word deur kundige liggame eerder as state. Dit is belangrik om bewus te wees dat die twee skrywers se opvattinge die potensiële waarde van die UPH ondermyn en dat empiriese data oor die effektiwiteit van die UPH vir die verbetering van die menseregte situasie nie in hul studies verskaf is nie.

Daar word ook beweer dat menseregte meganismes wat staatmaak op die samewerking van state swak is en nie menseregte kan bevorder nie. Collister (2014:109) is van mening dat die UPH nie aan verwagtinge voldoen nie, omdat die harde werk van verdragsliggame daardeur misgekyk word. Hy noem ook dat die meganisme afhanklik is van die goedgesindheid van state en nie as 'n politieke entiteit 'n wettige assessering of interpretasie van die menseregte verpligtinge van state kan maak nie. De Frouville (2011:265) is verder ten gunste van 'n meganisme met konfrontasionele kenmerke en vra vir die vestiging van 'n Wêreld Hof vir Menseregte. Dit toon 'n ooreenstemming met akademici wat argumenteer dat 'n legalistiese benadering ingespan moet word vir “voldoening aan” menseregte verpligtinge wat beter resultate sal lewer (Clapham, 2012:323). Die skrywer verwys verder daarna

dat “voldoening aan” menseregte norme grootliks ‘n funksie van magtige state of instellings se gewilligheid is om hul wil af te dwing. ‘n Argument in hierdie verband is dat menseregte instellings net ‘n impak kan hê as dit geskep word met die mag om die norme af te dwing en state te straf vir vergrypinge (Clapham, 2012:235). Die rede vir dwang meganismes kan verbind word aan die eenvoudigheid van internasionale reg in vergelyking met nasionale reg (Dominguez-Redondo, 2008:724). Die geskiktheid van internasionale reg word gemeet teen modelle van nasionale jurisduksies met gesentraliseerde juridiksie, administratiewe en regsmaatstawwe van afdwinging (Dominguez-Redondo, 2012:673). Hieruit word afgelei dat enige stap om nader te kom aan hierdie perfekte model gewens is.

Hierdie neiging om implementering gelyk te stel aan juridiese afdwinging waar nasionale modelle van beregting gevolg word, is nie bruikbaar of selfs moontlik op internasionale vlak nie (Dominguez-Redondo, 2012:673). Opsahl (1989:13-14) en Schachter (1994:14) is voorstanders van die noodsaaklikheid van ‘n “sagter benadering” eerder as die tradisionele model wat lei tot die materiële straf van enige oortreder.

Dit is dus duidelik uit bogenoemde skrywers se opvattinge dat die klem te veel geplaas word op dwang meganismes. Metodes van dwang word oorwegend deur internasionale instellings gebruik wat menseregte nakoming moniteer – daar word dwang op state geplaas om hul menseregte rekords te verbeter (Schachter, 1994:14). Alhoewel daar ‘n tendens is dat navorsers in die rigting beweeg om die effektiwiteit van genoemde konfronterende benaderings tot die implementering van menseregte te heroorweeg, word meer samewerkende meganismes om menseregte nakoming te bevorder steeds dikwels oor die hoof gesien. Hierdie opvattinge dat ekonomiese sanksies, veroordelende, legalistiese en ander konfronterende benaderings die beste menseregte norme kan afdwing, het die potensiaal om die meer samewerkende meganismes met betrekking tot menseregte implementering te ondermyn (Dominguez-Redondo, 2012:673).

Deur die UPH as werktuig te gebruik, het hierdie studie ‘n assessering gedoen van die uitkomst van die mees universele en samewerkende benadering tot die implementering van menseregte. In hierdie verband noodsaak die nabye beëindiging van die derde siklus en die begin van die vierde siklus in 2022 die noodigheid vir so ‘n navorsingsprojek (Gielsing, 2020:3). Hierdie studie het Afrika se effektiewe staatsdeelname ondersoek ten einde lig te werp op die waarde van so ‘n samewerkende meganisme vir die universele menseregte projek.

1.1.1 Regverdiging vir die fokus op Afrika

Die Afrika-streek is gekies veral omdat Afrika die kontinent is wat die meeste onderwerp word aan menseregte vergrypinge – ten spyte daarvan dat dit die kontinent is wat die meeste deur sanksies geraak word. Gevolglik is Afrika uitgesproke teenoor menseregte afdwinging wat met dwang gepaard gaan (Charron, 2013:98). Daarom was alle Afrika-state ten gunste van VN resolusies wat die gebruik van unilaterale dwang meganismes verwerp. Afrika is ook skepties teenoor

landspesifieke resolusies van die Menseregte Raad wat op 'n disproporsionele wyse fokus op nie-westerse state (Pillay, 2021:1). Die vraag volg hieruit of 'n samewerkende benadering Afrika-state kan oorhaal tot groter samewerking binne internasionale menseregte instellings en praktyke.

Bostaande omstandighede bied regverdiging vir die fokus op Afrika wanneer daar gekyk word na staatsbetrokkenheid by die UPH, wat op 'n nie-konfronterende manier gebruik om 'n werklike verandering in menseregte gedrag te bewerkstellig (Bulto, 2014:236). Die samewerkende aard van die instelling behoort moontlik 'n positiewe bydrae te wees, veral gesien in die lig van Afrika-lande wat 'n geskiedenis van dreigemente deur middel van sanksies en humanitêre intervensies met koloniale ondertone beleef het (Abebe, 2009:35).

'n Tweede rede, is 'n gebrek aan teoretiesgeleide studies oor Afrika-state en die UPH, wat dus gedien het as 'n bykomende stimulis vir hierdie navorsingsprojek. Bulto (2014) het ook Afrika se betrokkenheid by die UPH ondersoek. Sy bevindings het daarop gedui dat die Afrika-state meer betrokke is by die UPH as by ander menseregte meganismes. Hy verbind dit aan die beheer wat state het tydens die UPH proses (Bulto, 2014:236). Navorsers, soos Abebe (2009) en Smith (2014), het ook navorsing gedoen oor Afrika-state se deelname in die UPH. Hierdie skrywers het egter in gebreke gebly om teoretiese verklarings te bied wat Afrika-state se gedrag verklaar.

Die Afrika-streek word ook uitgesonder as gevolg van die bevindings van Bulto (2014) se studie, wat daarop dui dat die Afrika-streek meer aktief deelneem aan die UPH as aan hul eie regionale instellings. Dit laat die vraag ontstaan omtrent die effektiwiteit van die Afrika-streek se betrokkenheid by die UPH. Hierdie studie het gefokus op Suid-Afrika as deel van die Afrika-streek.

1.1.2 Suid-Afrika as deel van die Afrika-streek

Suid-Afrika, as deel van die Afrika-streek, se menseregte gedrag word deur drie perspektiewe beskryf. Brysk (2009:171) en Landsberg (2005:723) skilder Suid-Afrika as 'n model internasionale burger wat menseregte voorop stel. Die tweede perspektief bejeën Suid-Afrika se verbintenis tot menseregte as ietwat lou van aard en dat dit net prioriteit geniet wanneer nasionale belange ter sprake is (Black, 2001; Ngari, 2017; Piccone, 2011). Die derde perspektief fokus op Suid-Afrika wat slegter optree as ander demokrasieë (Gerson, 2008; Jordaan, 2014).

Laasgenoemde perspektief dui daarop dat Suid-Afrika slegter gedrag binne internasionale menseregte instellings openbaar as die land vergelyk word met ander demokrasieë (Gerson, 2008; Jordaan, 2014). Daarom wou hierdie studie ondersoek of daar patrone van akkulturasie sigbaar is binne-in die genoemde instelling, asook of akkulturasie 'n bydrae kan lewer om Suid-Afrika te beweeg om die organisasie se doelstellings te bevorder, sodat implementering van beloftes en aanbevelings kan plaasvind. Die vraag wat hieruit voortvloei is of Suid-Afrika beter gaan optree in die konteks van die samewerkende UPH instelling en dus bydra tot die effektiwiteit van die instelling.

Hierdie studie het dus spesifieke temas ondersoek wat te voorskyn gekom het uit die betrokkenheid van Suid-Afrika binne die UPH van die Menseregte Raad. Die onderliggende beginsels van universaliteit, samewerking en dialoog wat die hersiening lei, het Afrika met 'n hernude gevoel van betrokkenheid by die internasionale menseregte instelling gelaat (Bulto, 2014:236). Volgende word 'n kort uiteensetting gegee om die probleemstelling van die studie verder te verduidelik.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Oor die algemeen word die klem geplaas op metodes van dwang en legalistiese benaderings om verantwoordbaarheid vir menseregte te verkry (Opsahl, 1989:13). Hierdie meganismes toon egter sekere tekortkominge. Dit het die potensiaal om meer samewerkende meganismes vir die monitering van menseregte implementering te ondermyn (Dominguez-Redondo, 2008:723).

In die lig van die feit dat Afrika die kontinent is wat onderworpe is aan die meeste menseregte vergrypinge (ten spyte daarvan dat dit die kontinent is wat die meeste deur sanksies geraak word), was dit nodig om op hierdie kontinent te fokus ten einde te bepaal of hulle betrokkenheid by die Universele Periodieke Hersieningsmeganisme kan meehelp met die bevordering en versterking van menseregte (Charron, 2013:98). Die samewerkende aard van die instelling behoort 'n positiewe bydrae te wees, veral gesien in die lig van Afrika-lande wat 'n geskiedenis het van dreigemente deur middel van sanksies en humanitêre intervensies met koloniale ondertone (Abebe, 2009:35).

Weens die genoemde probleem het hierdie studie gepoog om 'n alternatiewe manier van verantwoordbaarheid vir menseregte gedrag te ondersoek deur te fokus op die UPH van die Menseregte Raad, 'n samewerkende en inklusiewe benadering tot die monitering van state se menseregte verpligtinge, wat 'n 100% staatsamewerkingskoers verkry het (Charlesworth & Larking, 2014:7). Daar is meer spesifiek gefokus op of die UPH state kan laat inkoop by die bevordering van menseregte. Die effektiewe optrede van Suid-Afrika is ondersoek, om vas te stel tot watter mate hierdie staat beloftes en aanbevelings van die UPH geïmplementeer het. Volgende word die navorsingsvrae van die studie van naderby beskou.

1.3 NAVORSINGSVRAE

Die navorsing is gelei deur een primêre en drie sekondêre navorsingsvrae. Die primêre navorsingsvraag word soos volg omskryf:

Hoe effektief neem Suid-Afrika deel in die drie siklusse van die Universele Periodieke Hersieningsmeganisme?

Die drie sekondêre navorsingsvrae is soos volg:

1. Is postiewe aspekte van regionalisme sigbaar tussen Suid-Afrika en sy streeksgroep?
2. Tot watter mate is Suid-Afrika geneig om die aanbevelings en beloftes van die UPH te implementeer?
3. Is daar patrone van akkulturasie teenwoordig?

Hierna word melding gemaak van die teorie wat in die studie gebruik is, naamlik akkulturasie. 'n Motivering word verskaf vir die keuse van genoemde teorie.

1.4 TEORETIESE RAAMWERK: AKKULTURASIE

Goodman en Jinks (2013) het 'n belangrike bydra gemaak tot die groeiende literatuur by die kruising tussen Internasionale Reg en Internasionale Betrekkinge, in hulle boek, genaamd. *Socializing States: Promoting Human Rights Through International Law*. Die boek se primêre doel is om te verduidelik hoedat rolspelers in die internasionale regsisteem die gedrag van state beïnvloed. Dit hou verband met hoe state beïnvloed kan word om hulle nakoming van internasionale menseregte norme kan verbeter. Ten einde daardie doelstelling te bereik, het die skrywers inter-dissiplinêr te werk gegaan deur te fokus op die regte, politieke wetenskappe, sosiologie, sielkunde, internasionale betrekkinge en ander dissiplines.

Die boek maak melding van sosialiseringsmeganismes. Goodman en Jinks (2013:4) het waargeneem dat literatuur meestal fokus op die twee meganismes van *dwang* en *oorreding*. In die boek word 'n derde meganisme, *akkulturasie*, beklemtoon. Akkulturasie is die "algemene proses waardeur rolspelers die opvattinge en gedragspatrone van die omringende kultuur aanneem sonder die teenwoordigheid van dwang en oorreding" (Goodman & Jinks, 2004:623). In hierdie verband is druk deur portuurgroepe en sosialisering belangrik, omdat bepaalde opvattings omtrent menseregte hierdeur geskep kan word. Die aanvaarding van menseregte norme in 'n politieke gemeenskap en gedrag is die magtigste metode van afdwinging (Moscrop, 2014:2).

Die institusionele ontwerp van die UPH bied die ideale omstandighede vir akkulturasie om werkzaam te wees aangesien die meganisme die geleentheid verskaf om druk te genereer en akkulturasie fokus op sosiale en kognitiewe druk van 'n verwysingsgroep om die menseregte situasie te verbeter (Goodman & Jinks, 2004:623). Volgens Vandenbogaerde (2016:27) toon die UPH die mag van portuurdruk en globale kultuur in die afdwinging van menseregte wetgewing deur staatsinvloed. Akkulturasie is veral ten gunste van die UPH, omdat dit gebruik maak van portuurhersiening en nie 'n geselekteerde groep van eksperte nie. Dit help dus om weg te doen met die persepsie van 'ons' versus 'hulle' (Vandenbogaerde, 2016:28). Volgens Goodman en Jinks (2015:121) is die kognitiewe en sosiale druk wat gegenereer word deur die akkulturasie mikroproses van identifikasie meer effektief wanneer 'n internasionale regeringsorganisasie universele lidmaatskap voorsien en alle lidstate onderwerp aan hersiening.

Die verpligte lidmaatskap van die UPH behoort egter gesien te word as 'n positiewe kenmerk van regime ontwerp. Die insluiting van alle lede van die UPH help "om die aanspraak te staaf" dat menseregte universeel is, gegewe dat akkulturasie staatmaak op druk om te konformeer tot 'n verwysingsgroep of globale kulturele voorskrifte. Dit is dus belangrik dat baie menseregte oorweeg moet word as 'n universele norm van toepassing op almal (Goodman & Jinks, 2004:623). Verpligte lidmaatskap bring egter ook die potensiaal vir "diskursiewe verskrikking", waar state verplig voel om

menseregte situasies te verbeter of die risiko te loop om alle geloofwaardigheid en aansien te verloor (Munro, 2011:1194).

Internasionale Betrekkinge teorieë van sosialisering wat soortgelyk is aan akkulturasie, is *sosiale invloed* en *rolspel*. Akkulturasie bied egter 'n beter verklaring vir die doel van die studie, aangesien die doel was om groter patrone en neigings in die staat se gedrag te identifiseer. Johnston (2008) se model van sosiale invloed (uit sy boek, *Social States*) verduidelik hoekom state beweeg het van konfrontasie na samewerking. Sy sienings het aansluiting gevind by sosiologie en sosiale sielkunde om die prosesse van sosiale invloed en oorrëding te ondersoek. Sosiale invloed word verbind aan state se pro-sosiale gedrag weens moontlike groepsgebaseerde sosiale belonings (in hierdie verband is status maksimalisering of vermyding van straf uiters belangrik). Sosiale invloed kom daarop neer dat state konformeer tot pro-sosiale gedrag en dit word beïnvloed deur gedeelde begrip omtrent aanvaarbare gedrag (hierdie aanvaarbare gedrag verwys na spesifieke reëls, doelstellings, verwagtinge of belonings of straf) (Johnston, 2008:25).

Akkulturasie gaan verder as Johnston se model van sosiale invloed deur die variante van ontkoppeling te spesifiseer. Dit is belangrik in die opsig dat lig daarop werp oor hoe om ontkoppeling te oorkom (Goodman & Jinks, 2008:729). Verder verduidelik akkulturasie ook hoe om te beweeg van 'n oppervlakkige nakoming na 'n meer diepgaande "voldoening". Johnston (2008) se model is gevolglik staties van aard, terwyl akkulturasie 'n vloeibare verduideliking in terme van state se nakoming te verskaf. Akkulturasie maak ook voorsiening daarvoor om sosiale beïnvloeding wat plaasvind in die konteks van groter groepe (die forum van analise in hierdie studie is 'n internasionale organisasie) te verduidelik, terwyl rolspel 'n meganisme van sosialisering is wat verbind kan word aan organisasie teorie en kognitiewe sosiale sielkunde. Hiervolgens is state rationeel en kan hulle nie aan alles gelyktydig aandag gee of die koste en voordele noukeurig antisipeer nie. Organisatoriese- of groepsomgewings verskaf leidrade wat rolspel onder agente kan laat ontwikkel. Kontak in klein groepe dien dus as 'n stimulus vir internalisering (March, 1981:563). In hierdie opsig verskil akkulturasie van rolspel in die sin dat rolspel slegs op kleiner groepe fokus, verder is die rolspel model ook staties van aard, terwyl akkulturasie dinamies van aard is (Goodman & Jinks, 2013:587).

1.5 METODOLOGIE

Dit is belangrik dat die navorsingsvraag, paradigma, ontwerp en metodologie moet korreleer, want navorsers moet duidelik wees oor hoe die ontwerp en metodes kan help om die navorsingsvraag te beantwoord (De Vos, Strydom, Fouché & Delpont, 2011:320). In hierdie verband behoort die fokus te wees op die navorsingsvraag en die geskiktheid van die navorsingsmetode en -ontwerp om die doelstellings duidelik te omlin (Bogdan & Biklen, 2007:55).

1.5.1 Gemengde navorsingsmetodes

Gemengde navorsingsmetodes, naamlik 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetode, is vir die doel van hierdie studie aangewend. Tashakkori en Teddlie (2003:711) het gemengde navorsingsmetodes definieer as 'n tipe navorsingsontwerp wat gebruik maak van kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings in tipiese vrae, navorsingsmetodes, data-insameling en analise prosedures of afleidings. Ivonkova, Creswell en Plano Clark (2007:261) het gemengde navorsingsmetodes ook uitgebeeld as "n prosedure vir die insameling, analisering en 'vermenging' van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe data teen 'n sekere stadium van die navorsingsproses binne 'n enkele studie om 'n navorsingsprobleem meer volledig te verstaan". Voorafgaande skrywers beklemtoon dus almal dat hierdie benadering die navorser die geleentheid bied om beide numeriese inligting en teksinligting in te vorder, ten einde die studie se navorsingsvraag te beantwoord. Die term 'gemengde' impliseer ook dat die data of die bevindings geïntegreer word tydens verskeie waarnemings wat binne die studie gemaak word (Johnson & Onwuegbuzie, 2004:17).

Bovermelde gemengde paradigma benadering was geskik beskou vir hierdie studie, aangesien Suid-Afrika se effektiewe deelname ondersoek is. Effektiviteit behels implementering van beloftes en aanbevelings en dra dus by tot die verbetering van die menseregte situasie en tot "voldoening" aan internasionale menseregte verantwoordelikhede (wat die doel van die UPH instelling is). Die implementering is aan kwantifisering onderwerp.

Daar mag gevra word wat die bydraes is wat gemengde navorsingsmetodes kan maak wat nie deur kwalitatiewe of kwantitatiewe benaderings op hul eie voorsien kan word nie. Opinies hieromtrent word deur verskeie skrywers gehuldig. Volgens Teddlie en Tashakkori (2009:146), stel gemengde navorsingsmetodes die navorser in staat om gelyktydig 'n reeks van bevestigende en eksplorerende vrae aan te spreek met beide die kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings. Creswell en Plano Clark (2011:5) is van mening dat gemengde navorsingsmetodes sterkpunte voorsien wat die swakhede van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing aanspreek en daarom die potensiaal het om beter (sterker) afleidings te voorsien. Gemengde navorsingsmetodes skep ook volgens genoemde skrywers die geleentheid vir 'n groter verskeidenheid van uiteenlopende sienings en perspektiewe en maak navorsers bewus van die moontlikheid dat kwessies meer veelsydig is as wat hulle aanvanklik veronderstel het.

Ten spyte van voorgenoemde positiewe kenmerke wat toegedig word aan gemengde navorsingsmetodes, is daar tog ook skrywers wat swakpunte omtrent die gemengde navorsingsmetode uitlig. Johnson & Onwuegbuzie (2004:17) is van mening dat gemengde navorsingsmetodes moeilik kan wees, omdat die navorser sy studie met twee verskillende metodes moet uitvoer en dit dus harde werk verg om dit wat jy geleer het vanuit die twee verskillende metodes te integreer. Die meerderheid vakkundiges (Creswell, 1994; Greene & Caracelli, 1997; Newman & Benz, 1998) is egter daarvan oortuig dat die bruikbaarheid van gemengde navorsingsmetodes vir

navorsingsdoeleindes 'n insiggewende bydrae kan lewer om 'n bepaalde navorsingsvraag te beantwoord.

1.5.2 Gevallestudie ontwerp

Hierdie studie het 'n gevallestudie ontwerp gebruik as 'n manier om Suid-Afrika se gedrag te konseptualiseer. Die waarde van só 'n benadering lê daarin dat die aandag gevestig word op dít wat geleer kan word vanuit 'n enkele verskynsel (Leedy & Omrod, 2005:94). De Vos et al. (2011:320) stem hiermee saam en voer aan dat gevallestudies 'n enkele verskynsel beklemtoon, sodat navorsers beter insae kan verkry in die sosiale wêreld en daardeur patrone kan vasstel wat deur bepaalde aksies ontbloot word. Verder voorsien die gevallestudie ook kennis oor spesifieke sosiale kwessies met die duidelike fokus om 'n beter begrip oor 'n verskynsel te vorm (De Vos et al., 2011:320).

Kritici van die gevallestudie benadering beskou dit as 'n ontoepaslike strategie van ondersoek. Die debat fokus op die probleem van veralgemening (De Vos et al., 2011:322). Die genoemde kwessie oor veralgemeenbaarheid word met agterdog bejeën. Wat betref die gebruik van 'n gevallestudie ontwerp, word daar egter beklemtoon dat die doel van 'n gevallestudie is om besonderhede na te gaan en nie te veralgemeen nie (Stake, 1995:8). Die gevallestudie is deel van 'n groter geheel, maar die konsentrasie is op die kwessie wat na vore kom (Leedy & Omrod, 2005:94). Die doel van hierdie navorsing was daarom juis nie om te veralgemeen nie, maar slegs te fokus op die effektiewe betrokkenheid van Suid-Afrika by die UPH ten einde te bepaal wat die staat se ingesteldheid teenoor implementering is. Die implementering is ontleed volgens kwantitatiewe inhoudsanalise.

1.5.3 Inhoudsanalise

'n Aantal definisies van inhoudsanalise beklemtoon bepaalde opvattinge. Holsti (1968:596) het aangevoer dat inhoudsanalise afleidings moontlik maak deur bepaalde eienskappe van die boodskappe stelselmatig en objektief te identifiseer. Krippendorff (1980:57) het na inhoudsanalise verwys as 'n metode om herhaalbare en geldige afleidings vanaf data te maak. Volgens Druckmann (2005:22) is inhoudsanalise enige assesseringsprosedure wat die mate waartoe gespesifiseerde verwysings, houdings of temas 'n gegewe boodskap of dokument deurdring. Daar is twee tipes inhoudsanalises, naamlik kwalitatiewe en kwantitatiewe inhoudsanalise. Hierdie studie het kwantitatiewe inhoudsanalise gebruik deur te fokus op die tel en meet van die voorvalle of spesifieke frases, woorde, konsepte en insidente. Berelson (1952:45) beskou kwantitatiewe inhoudsanalise as 'n navorsingsmetode vir die objektiewe, stelselmatige en kwantitatiewe beskrywing van die gemanifesteerde inhoud van kommunikasie.

Indien bogenoemde definisies van naderby beskou word, is dit duidelik dat hierdie navorsingstegniek klem plaas op die volgende aspekte: sisteem, objektiwiteit, kwantifisering, konteks en geldigheid, met duidelike verwysings na die afleidings wat gemaak word oor die inhoud van kommunikasie.

Inhoudsanalise gaan in wese ook oor die maak van geldige, herhaalbare en objektiewe afleidings oor die boodskap volgens duidelike reëls (Krippendorff, 1980:57).

Dit moet vermeld word dat inhoudsanalise ook bepaalde beperkinge het. Volgens Smith (2000:76) ontblyt dit nie veel oor die oorsaaklike verhoudings tussen veranderlikes wat bestudeer word nie. Dit kan, byvoorbeeld, gebruik word om veranderende neigings in die onderwerp te verduidelik, maar die metode kan nie verklaar hoekom daar veranderinge in die inhoud van die onderwerp was nie. Inhoudsanalise kan ook tydrowend wees, weens die kodering van groot volumes teks (Druckmann, 2005:22).

Tog word inhoudsanalise steeds deur navorsers gebruik as 'n tegniek om bevindings van hoofstroom navorsingsontwerpe aan te vul (Smith, 2000:76). 'n Belangrike voordeel van hierdie tipe analise is dat dit 'n sistematiese prosedure volg wat maklik deur ander navorsers herhaal kan word – dit is gevolglik deursigtig en herhaalbaar (Krippendorff, 1980:57). Woodrum (1984:9) argumenteer dan ook: “inhoudsanalise word onderskat as 'n navorsingsmetode met groot potensiaal vir die bestudering van opvattinge, organisasies, houdings en verhoudinge”. Volgende word gefokus op die proses van data-insameling.

1.5.4 Data

Die studie het ten doel gehad om die effektiwiteit van Suid-Afrika se betrokkenheid by die UPH te ondersoek ten einde te bepaal tot watter mate die staat beloftes en aanbevelings implementeer. Die fokus was op 'n dokumentêre analise. Die aksie kategorie van McMahon (2012) asook die Implementering Aanbevelingsindeks is gebruik (soos gebruik deur UPR Info, 2012). Primêre data bronne van die empiriese analise is verky van die databasis van die VN Kantoor van die Hoë Kommissaris van Menseregte (KHKM) en van UPR Info. Verder is sekondêre bronne soos akademiese boeke en artikels ook gebruik. Die analise gebruik deurgaans bepaalde konsepte soos vervolgens verduidelik.

1.6 KONSEPTE

Die konsepte kan verbind word met die doelstelling van die studie, naamlik: Om die effektiwiteit van Suid-Afrika se betrokkenheid by die UPH van die Menseregte Raad te assesser. Daarom word 'n deeglike omskrywing van hierdie konsepte verskaf ten einde duidelikheid te gee oor wat hierdie studie gepoog het om te meet. Die literatuur onderskei eerstens tussen 'nakoming' en 'implementering'. Literatuurstudies fokus ook op effektiwiteit en verantwoordbaarheid soos vervolgens bepreek.

1.6.1 Nakoming

Volgens Simmons (1998:77) word 'nakoming' gedefinieer as gedrag wat konformeer tot die vereistes van 'n gespesifiseerde reël, gemotiveer deur faktore soos vermyding van sanksies, reputasie of gehoorsaamheid wat spruit uit die internalisering van die reël en gevolglik verbetering van die menseregte kondisie bewerkstellig.

Young (1979:87) het ook 'n studie gedoen oor nakoming met internasionale publieke outoriteit en het die volgende voorgestel: "Daar kan gesê word dat nakoming plaasvind wanneer die werklike gedrag van 'n gegewe subjek tot voorgeskrewe gedrag konformeer en dat skending voorkom wanneer werklike gedrag merkwaardig afwyk van voorgeskrewe gedrag". Fisher (1981:274) maak 'n belangrike onderskeid tussen 'eerste-orde' en 'tweede-orde' nakoming.

1.6.1.1 Eerste-orde en tweede-orde nakoming

Enersyds dui eerste-orde nakoming op bestaande substantiewe reëls wat dikwels in verbondsreëlings voorkom, soos byvoorbeeld nakoming van die VN Konvensie teen marteling (Chayes & Chayes, 1998). Andersyds het tweede-orde nakoming te doen met die outoritêre besluit van 'n derde party, soos die VN Menseregte Komitee of die Internasionale Hof van Geregtigheid (Fischer, 1981; Bulterman & Kuijer, 1996). In hierdie studie word nakoming verbind aan beloftes en aanbevelings van die UPH.

1.6.2 Implementering

Implementering word beskou as spesifieke aksie wat deur state onderneem word in reaksie op vrywillige internasionale verbintenisse (Raustiala & Slaughter, 2002:540; Victor, Raustiala & Skolnikoff, 1998:3). Implementering van beloftes en aanbevelings is dus die wyse waarop die menseregte kondisies verbeter kan word (McMahon, 2012:14).

Gevolgtrek is implementering 'n funksie van nakoming omdat dit te doen het met maatstawwe wat aangeneem word deur 'n staat om nakoming te verkry met sy internasionale verpligtinge (Donoghue, Kingsbury, Young, Chayes, Weiss & Downs, 1997:73; Simmons, 1998:78). Dit blyk dus dat implementering 'n belangrik stap tot nakoming is.

Hierdie navorsing se fokus was op die betrokkenheid van Suid-Afrika by die UPH van die Menseregte Raad. Spesifieke aksies wat onderneem word deur Suid-Afrika in verhouding tot aanbevelings en hul belofte van betrokkenheid by die UPH is ondersoek. Daarom is die fokus op implementering en nie op nakoming nie. Implementering in hierdie studie is beskou as aksies wat 'n staat neem om te voldoen aan die aanbevelings en beloftes deur sy portuurgroep gedurende die UPH proses. Terwyl nakoming en implementering inter-verbandhoudend is, is implementering in die konteks van hierdie studie meer meetbaar en waarneembaar, omdat dit staatsaksies in respons op aanvaarde UPH verbintenisse beteken.

1.6.2.1 *Implementering van beloftes*

Implementering van die beloftes is deur McMahon (2012) se raamwerk gemeet aangesien Suid-Afrika se beloftes, na die einde van die eerste en tweede siklus, verband hou met die verbetering van spesifiekheid van die aanbevelings wat die staat maak. Die rede vir die fokus op hierdie belofte, is omdat die Afrika-groep deurgeloopt het onder kritiek van belanghebendes oor die algemene aard van hul aanbevelings (Abebe, 2009). McMahon se raamwerk wat die kwaliteit van aanbevelings meet is daarom toepaslik. Ten einde die kwaliteit van die aanbevelings na te gaan, het McMahon (2012:14), tesame met UPR Info, besluit om die aksie wat deur die aanbeveling aangevra word te analiseer. Dit was meestal gedoen deur te kyk na die werkwoord waarmee elke aanbeveling begin en dan 'n kategorie toe te ken. Hierdie kategorisering gee range aan aanbevelings op 'n skaal van (1) (minimale aksie) tot (5) (spesifieke aksie) (McMahon, 2012:15).

Volgens Vandenbogaerde (2016:51) is die voorstel van aanbevelings deur state aan state onder hersiening die hoofaspek van die hersiening. Daarom is die inhoud van aanbevelings belangrik wanneer die hersiening evalueer word (McMahon, 2012:15). Kategorisering van die aanbevelings volgens die aksies wat vereis word en daarna die analisering daarvan dra by tot waarneming van die aanbevelings se sterkte. Die aksie kategorie, ontwikkel deur McMahon (2012:14), skep 'n nuwe benadering van ondersoek van die tipe aksie wat deur die aanbevelings versoek word.

Soos reeds genoem, plaas aksie kategorieë aanbevelings in range volgens 'n skaal van (1) tot (5) (McMahon, 2012:15):

- (1) is minimale aksie, wat verwys na aanbevelings wat gerig is op 'n nie-staat onder hersiening, of doen 'n beroep op die staat onder hersiening om tegniese hulp te versoek of inligting te deel, byvoorbeeld werkwoorde soos “beroep op, versoek en deel”.
- (2) is voortdurende aksie, wat beteken dat die aanbevelings kontinuïteit beklemtoon, byvoorbeeld “aanhou, behou en uithou”.
- (3) is die oorweging van aksie en beteken dat die aanbevelings verandering oorweeg, byvoorbeeld “oorweeg, reflekteer oor en eksploreer”.
- (4) is algemene aksie en verwys na algemene aanbevelings van aksie wat 'n algemene element bevat, byvoorbeeld “verseker, waarborg en bevorder”.
- (5) is spesifieke aksie wat beteken aanbevelings versoek spesifieke aksie, byvoorbeeld, “aanneem, implementeer en ratifiseer”.

In samehang met die beginsels wat hierdie kategorisering rig, waar twee verskillende aksie kategorieë vereteenwoordig is in 'n gegewe aanbeveling, word die klem geplaas op die eerste aksie. Wanneer 'n aanbeveling begin met twee werkwoorde soos byvoorbeeld “aanhou” en “versterk” word voorkeur gegee aan die tweede werkwoord en die aanbeveling wat gekategoriseer is in daardie kategorie. Wanneer 'n aanbeveling begin in die kategorie 4, maar gevolg word deur kategorie 5 werkwoorde, word so 'n aanbeveling geplaas in kategorie 5. (UPR Info, 2012:64).

1.6.2.2 Implementering van aanbevelings

Die Implementering Aanbevelingsindeks word aangewend om staatsimplementering van die UPH aanbevelings te meet. Hierdie maatstaf is 'n indeks van UPR Info (2012) wat 'n gemiddelde syfer van aandeelhouders se response verskaf. Die indeks sluit in beide state en aandeelhouders se gedrag omtrent die implementering van UPH aanbevelings. Wanneer die implementering van UPH aanbevelings nagegaan word, moet onthou word dat die UPH 'n deurlopende proses is (UPR Info, 2012:36). Tydens die ontleding van die empiriese bewyse van implementering, word kategorieë van implementering gebruik (UPR Info, 2012:63):

- Die eerste kategorie is “volledig geïmplementeer”, wat beteken dat staatsaksie verbind kan word aan die UPH aanbeveling;
- Die tweede kategorie is “gedeeltelik geïmplementeer”, wat daarop dui dat staatsaksie verbind kan word aan die UPH aanbeveling, maar dat sekere aspekte van die aanbeveling nie geïmplementeer word nie;
- Die derde kategorie is “nie geïmplementeer”, wat daarop dui dat geen aksie onderneem is aangaande die spesifieke UPH aanbeveling nie of waar 'n teendeel aksie onderneem is.

Vir nadere besonderhede oor hoe UPR Info die inligting omtrent die implementering van aanbevelings saamstel, kan UPR Info se webtuiste geraadpleeg word (UPR Info, 2012).

1.6.3 Effektiviteit

Effektiviteit verwys na 'n aksie of 'n optrede wat die gewenste uitwerking het (Victor, Raustiala & Skolnikoff, 1998:35). Volgens hierdie skrywers verwys effektiewe optrede in die konteks van die UPH na daadwerklike pogings wat aangewend word om die oogmerke van 'n bepaalde instelling te laat realiseer. Hierdie studie konseptualiseer effektiviteit volgens laasgenoemde definisie. Tot watter mate bevorder Suid-Afrika se optrede dus die hoof-doelwit van die instelling, naamlik die bevordering en verbetering van die menseregte situasie en gevolglik 'implementering' van internasionale menseregte verantwoordelikhede (Raustiala & Slaughter, 2002:539). Effektiviteit word dus in die konteks van hierdie studie verstaan as die mate waartoe die staat daarna streef om die menseregte kondisie te verbeter. Om die 'effektiviteit' van staatsbetrokkenheid by die UPH te evalueer, is ondersoek of die staat die beloftes en die aanbevelings van die staat implementeer het.

1.6.4 Verantwoordbaarheid

Volgens Schedler (1999:13) gee die term 'verantwoordbaarheid' uitdrukking aan die voortdurende bekomernis oor opvolg en toesighouding, asook beperkings op die uitoefening van staatsmag. Yarwood (2010:198) stem hiermee saam en sê: “verantwoordbaarheid is 'n apparaat vir regulering en reaksie op die misbruik van staatsmag...”. Mulgan (2002:555) het die konsep van 'verantwoordbaarheid' definieer as 'om verantwoordbaar te wees aan 'n outoriteit vir jou aksies of gebrek aan aksies'. In 'n meer uitgebreide sin word die konsep van verantwoordbaarheid verstaan

‘om die reg in te sluit om ander rolspelers verantwoordbaar te hou vir ‘n stel van standarde of norme en om sanksies in te stel (materieel of sielkundig), wanneer daar bevind word dat daardie rolspelers nie aan genoemde standarde of norme voldoen het nie’ (Curtain & Nollkaimper, 2005:9). Bovens (2007:450) gee die volgende definisie vir verantwoordbaarheid: “‘n Verhouding tussen ‘n rolspeler en ‘n forum, waarin die rolspeler ‘n verpligting het om sy of haar gedrag te verduidelik en te regverdig; die forum kan vrae vra en oordele fel en die staat mag gevolge (materieel of sielkundig) in die gesig staar”.

Schedler (1999:14) is egter van mening dat die konsep en die verskillende definisies van verantwoordbaarheid die potensiaal vir rekeninghouers moet insluit om te vra vir inligting of ‘n verduideliking oor die aksies of gebrek aan aksies van die state. Daarom is hierdie skrywer van mening dat, “...die essensiële basis van verantwoordbaarheid is om die optrede van state te ondersoek deur die soek van inligting, verduideliking en regverdiging”. Volgende word gefokus op die verband tussen die genoemde konsepte.

1.6.5 Die Verband tussen Nakoming, Implementering, Effektiviteit en Verantwoordbaarheid

Verantwoordbaarheid dui op die verpligting wat op elke staat rus om sy menseregte verpligtinge na te kom ten einde menseregte te bevorder (Young, 1979:376). Gevolglik kan nakoming as ‘n konsep direk gekoppel word aan verantwoordbaarheid en nakoming identifiseer ‘n konformiteit tussen die gedrag en die verpligting (Raustiala & Slaughter 2002:558). Implementering verwys weer na “die proses om internasionale verbintenisse in praktyk om te skakel, byvoorbeeld, die aanneem van binnelandse wetgewing, promulgasie van regulasies, skep van instellings op binnelandse vlak en afdwinging van reëls” (Victor, Raustiala & Skolnikoff, 1998:3).

Hierdie studie het gefokus op die implementering van verbintenisse. Implementering is gevolglik ‘n faset van nakoming, wat duidelik waarneembaar is. Om te praat van effektiviteit, beteken om daarop aanspraak te maak dat gedrag ‘effektief’ is en beteken in wese dat dit lei tot bepaalde uitkomstes. Dit blyk hieruit dat implementering effektiviteit kan veroorsaak. In hierdie verband moet onderskei word tussen volledige en gedeeltelike implementering, wat ‘n invloed het op die tipe uitkoms wat bereik word (Raustiala & Slaughter, 2002:538). Volgende word ‘n vooruitskouing van die studie se hoofstukindeling verskaf.

1.7 HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1 bestaan uit ‘n algemene inleiding (agtergrond en rasionaal) gevolg deur ‘n uiteensetting van die probleemstelling en navorsingsvrae. Die teoretiese raamwerk van akkulturasie is verduidelik. Daarna is die navorsingsmetodologie en -ontwerp beskryf. Belangrike konsepte is ook verduidelik. ‘n Kort vooruitskouing van die betrokke hoofstukke in die studie word gegee.

Hoofstuk 2 fokus op die teoretiese raamwerk van die studie. Die studie word teoreties gegiet binne die internasionale instellings- en sosialiseringsbespreking van die Internasionale Betrekkinge literatuur. Meganismes van sosiale invloed word nagegaan. Internasionale Betrekkinge literatuur word oorweeg in terme van sterkpunte en swakpunte ten einde regverdiging te verskaf vir akkulturasie as die gekose teoretiese raamwerk van die studie. Deur 'n teoretiese komponent deel te maak van die studie, word daar gepoog om waarde toe te voeg tot bestaande navorsing wat minder aandag gee aan teoretiese betrokkenheid by die UPH. Die argument oor die effektiwiteit van Suid-Afrika se optrede binne die UPH proses word dus toegelig deur die akkulturasie teorie.

Hoofstuk 3 bevat inligting oor die vestiging en funksionering van die UPH. Hierdie hoofstuk bied 'n oorsig van die UPH om daardeur belangrike kenmerke uit te lig en die relevante aspekte vir die analise te beklemtoon. 'n Verduideliking word gegee oor die agtergrond tot die vestiging van die UPH, hervormingsvoorstelle, verantwoordbaarheid, portuurhersiening as 'n voorbeeld van horisontale verantwoordbaarheid, struktuur, asook die werking en funksionering van die instelling. Persepsies van akademici oor die effektiwiteit van die meganisme word gegee, met die klem op negatiewe kommentaar, sowel as positiewe refleksies oor die aard van die instellingsontwerp en state se deelname daarin.

Hoofstuk 4 gebruik die teoretiese raamwerk van akkulturasie (soos bespreek in Hoofstuk 2) wat aangewend is om Suid-Afrika se betrokkenheid by die UPH te evalueer. Hierdie studie ondersoek Suid-Afrika se effektiewe optrede ten einde vas te stel of hierdie staat die beloftes en aanbevelings geïmplementeer het.

Ten slotte, bevat Hoofstuk 5 'n kritiese analise van die navorsingsresultate in die lig van die teoretiese raamwerk van akkulturasie. Daarna volg 'n samevatting van bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings vir toekomstige navorsing. Volgende verskuif die bespreking na 'n oorsig van die teorieë wat in die navorsing gebruik is.

HOOFSTUK 2: SOSIALISERINGSMEGANISMES, IMPLEMENTERING EN DIE UNIVERSELE PERIODIEKE HERSIENINGSMEGANISME

2.1 INLEIDING

Heelwat huidige navorsing oor Internasionale Betrekkinge maak melding van teoretiese en empiriese kwessies met betrekking tot internasionale menseregte norme en verskaf daardeur 'n bewys van die toenemende belangrikheid van hierdie aangeleentheid (Koh, 2005:975). Goodman en Jinks (2004:624) beskou hierdie as “eerste generasie” denke, aangesien dit die relevansie van internasionale menseregte beklemtoon. Die skrywers verwys verder na 'n “tweede generasie” denke oor Internasionale Reg of Internasionale Betrekkinge. In die proses verander hulle (Goodman en Jinks, 2004:625) die vraag van: “Maak internasionale menseregte saak?” na: “Gegewe dat internasionale menseregte saak maak, wat is die sosiale meganismes wat nakoming van internasionale menseregte norme kan verwesenlik?”

Die studie se doel was om te bepaal of 'n bepaalde meganisme van sosialisering teenwoordig is om nakoming van beloftes en aanbevelings te verkry, soos in Suid-Afrika se geval. Betreffende die meganismes van sosiale invloed, is Goodman en Jinks (2013:10) van mening dat nie net die makroprosesse bestudeer moet word nie, maar ook die sosiale meganismes wat eintlik die sosiale invloed van reg bestuur – hier verwys hulle na die mikroprosesse van sosiale invloed op norm-internalisering. Hierdie mening verteenwoordig 'n gevallestudie in internalisering deur sosialisering (Goodman & Jinks, 2013:11). Goodman en Jinks se opvatting, met 'n duidelik ander fokus, bring 'n nuwe siening tot die studie oor die anatomie van sosiale invloed, naamlik identifisering van patrone van akkulturasie. Die skrywers opper die idee dat gekose sosiale meganismes verskil. Hulle verwys in hierdie verband na rasionaliste wat dwang beklemtoon en konstruktiviste wat oorreding beklemtoon (Patterson, 2006:1218). Die skrywers is verder van mening dat die dwang-oorreding digotomie eintlik 'n trigotomie vorm wat 'n derde manier insluit, te wete, patrone van akkulturasie of sosiale druk op 'n staat om te assimileer met 'n hoër normatiewe standaard (Goodman & Jinks, 2013:626).

Hierdie hoofstuk fokus op die begrip van sosialisering. Goodman en Jinks se drie perspektiewe omtrent sosialisering, naamlik *dwang*, *oorreding* en *akkulturasie* word in besonderhede bespreek om verskille met betrekking tot die meganismes te illustreer en dus 'n beter begrip van die teoretiese raamwerk van akkulturasie te verkry. Hierna word akkulturasie, die teorie wat in hierdie studie aangewend is, in besonderhede nagegaan. Die omstandighede waaronder akkulturasie plaasvind, naamlik interne en eksterne druk, word toegelig, asook die wyse waarop akkulturasie in staatsgedrag geïdentifiseer kan word. Daarmee verskuif die bespreking na 'n kritiek teen akkulturasie as 'n sosiale meganisme om positiewe verandering met betrekking tot menseregte te bewerkstellig. Laastens word gefokus op Internasionale Betrekkinge literatuur oor sosialisering met spesifieke klem op die tekortkominge.

2.2 INTERNASIONALE INSTELLINGS EN SOSIALISERING

Dit blyk dat sosialisering geïnkorporeer word as 'n metode van ondersoek in 'n groot omvang van sosiale wetenskappe (Cialdini, 1984; Turner, Hogg, Oakes, Recher & Wetherell, 1987). Oor die algemeen word 'sosialisering' deur sosiale wetenskaplikes beskou as 'n proses waardeur sosiale interaksie aanleiding gee tot nuwe opvattinge om "verwagte maniere van denke, gevoelens en optredes te onderskryf" (Schieffelin & Ochs, 1986). Volgens Stryker en Statham (1985:325) word 'sosialisering' beskryf as "...die generiese term wat gebruik word om te verwys na die prosesse waardeur state geïnkorporeer word in die georganiseerde patrone van interaksie".


Politiese wetenskaplikes vind aansluiting by hierdie opvattinge omtrent die betekenis van sosialisering wanneer Ichilov (1990:1) na politieke sosialisering verwys het as "die universele prosesse van induksie in enige tipe van regering". Johnston (2008:14) het na politieke sosialisering verwys as die "proses waardeur mense leer om die norme, waardes en houdings aan te neem en gedrag te aanvaar en uit te oefen deur die deurlopende sisteem". Internasionale Betrekkinge teoretici, soos Ikenberry en Kupchan (1990:289-290), het politieke sosialisering beskryf "dat dit tot gevolg het die internalisering van norme, sodat hulle hul vanselfsprekend aanvaarde aard kan aanneem".

Wanneer daar sprake van sosialisering is, is dit is kardinaal om kennis te neem dat internasionale instellings afkomstig is van die internasionale gemeenskap en ook daardie kultuur versprei. Lidlande verbind hulself tot samewerking as gevolg van 'n bepaalde doelstelling om geskik op te tree soos voorgestel deur die gemeenskap (Johnstone, 2021:229). Deur dit te doen, word state blootgestel aan sosiale interaksies wat voorkeure en gedrag kan verander (Johnston, 2008:14).

Die multi-laterale formele of informele instellings dien 'n verskeidenheid doelstellings wat nie in die bi-laterale konteks van toepassing is nie. Instellings is die sosiale omgewing wat deur state in beslag geneem word, en waarsonder sosiale goedkeuring of kritiek van state onmoontlik sou wees. Instellings is dus terreine waar state getuiens kan lewer van hulle goeie gedrag en advies kan soek om hierdie gedrag te verbeter (Johnstone, 2021:229). Hierdeur word aksies of optrede op 'n manier meer publiek gemaak deur die skep van 'n gefokusde area om gedrag waar te neem, openbaar te maak en lof te ontvang (Johnston, 2008:14). Bogenoemde prosesse van sosialisering kan lei tot 'n konvergensie van gedrag binne-in internasionale instellings.

2.3 MEGANISMES VAN SOSIALE INVLOED

Goodman en Jinks (2013:626) het genoem dat daar drie denkrigtings is met betrekking tot meganismes van sosiale invloed, soos aangedui in Figuur 2.1: dwang, oorreding en akkulturasie. Hierdie meganismes word elkeen bespreek.



Figuur 2.1: Trigotomie van sosiale invloed

Bron: Skrywer.

2.3.1 Dwang

Schimmelfennig (2005:827) is 'n voorstaander van 'n dwang-nakoming-gesentreerde teorie wat 'n tradisionele opvatting huldig dat dwang meganismes 'n belangrike middel is om staatsnakoming met menseregte te induseer. State en instellings beïnvloed die gedrag van ander state deur materiële aansporing. Hiervolgens aanvaar regerings internasionale verpligtinge weens die verpligting wat op hulle geplaas word deur groot magte wat hul ideologieë eksternaliseer. Nakoming van menseregte verpligtinge benodig daarom 'n hegemoniese groep van groot magte wat gewillig is om ongehoorsame state te dwing om eersgenoemde groep se norme te aanvaar, aanpassings te maak en hulle te verbind tot internasionale menseregte norme (Moravcsik, 2000:221). Normatiewe en instellingsontwikkelings is dus 'n refleksie van die belange van magtige state (Krasner, 2001:238). Verbintenis tot hierdie norm is daarom 'n funksie van magtige state se gewilligheid om hierdie norme af te dwing. Groter konsentrasie van relatiewe magsvermoëns sal groter druk op ongehoorsame regerings genereer en dit sal tot groter waarskynlikheid lei dat internasionale menseregte norme gehoorsaam word (Keohane 1986; Posner & Sykes, 2013). Dit vind plaas deur die voordele van konformiteit te verbeter of die koste van nie-konformiteit deur materiële belonings en straf te veroorsaak. Hierdie proses het nie noodwendig te doen met enige verandering in die teiken rolspelers se onderliggende voorkeure nie. Gevolglik beskou sekere akademici (Goodman & Jinks, 2013; Johnston, 2008) die rasionalistiese benadering nie as 'n sosialiseringsmeganisme nie. Hierdie studie sluit aan by genoemde opvatting. State en instellings verander die gedrag van ander state dus nie weens die reoriëntasie van hul voorkeure nie, maar wel as gevolg van die verandering van die koste-voordeel berekening van die geteikende staat (Patterson, 2006:1220).

Goodman en Jinks (2013:23) het byvoorbeeld verwys na 'n scenario: Selfs as staat A sou verkies om betrokke te bly by 'n beleid, mag die praktyk stopgesit word ten einde dreigende sanksies deur state B, C en D te vermy. Die skrywers verwys daarna dat hierdie standpunt van state B, C en D oneffektief sal wees indien staat A waarneem dat die verwagte voordeel van die beleid die verwagte koste van die dreigende sanksies oorskry. Hierdie perspektief word geassosieer met die "rasionalistiese" of "rasionele keuse benadering" tot Internasionale Betrekkinge. Tog moet onthou word dat dwang 'n belangrike rol speel in die konstruktivistiese modelle van staatsgedrag (Goodman & Jinks, 2013:24).

2.3.2 Oorreding

Oorredingsteorie stel voor dat die praktyke van rolspelers beïnvloed word deur prosesse van sosiale leer en ander vorme van inligtingsoordrag wat plaasvind in die interaksie binne-in internasionale organisasies en transnasionale netwerke (Finnemore & Sikkink, 1998; Keck & Sikkink, 1998). Oorreding benodig argumentasie en beraadslaging om die gedagtes van ander te verander (Johnston, 2001:487). Rolspelers wat oorreede is, internaliseer nuwe norme en reëls van geskikte gedrag en herdefinieer dan hul belange en identiteite daarvolgens (Checkel, 2001:588).

Volgens Munro (2011:1187) is oorreding 'n meganisme wat deur sosiale invloed aangewend en hoofsaaklik gedokumenteer en toegepas word op die verspreiding van norme. Oorreding word gewoonlik geassosieer met die konstruktivistiese denkskool (Goodman & Jinks, 2004:635). Oorredingsargumente verskil van rasionalistiese/dwang argumente in die sin dat hulle staatmaak op 'n onderskeidende opvatting van interstaat interaksies. Hulle verwerp die keuse-teoretiese basis en in die plek daarvan word die transformatiewe mag van normatiewe morele diskoers vooropgestel (Moravcsik, 2000:222). Dit vloei hieruit dat die belangrikste motiverende mag agter menseregte gedrag nie rasonale aanpassing weens dwang is nie, maar eerder transnasionale sosialisering, die logika van geskiktheid, is (Finnemore & Sikkink, 1998:887).

Rolspelers word oorreede om "nuwe norme en reëls vir toepaslike gedrag te internaliseer". In die proses word hul belange en identiteite hiervolgens verander (Johnston, 2008:155). Terselfdertyd word rolspelers bewustelik oortuig van die waarheid, geldigheid of geskiktheid van 'n norm, opvatting of praktyk. Oorreding vind dus plaas wanneer rolspelers die inhoud van 'n spesifieke boodskap oorweeg en hulle gedagtes verander op grond van die kongruensie van daardie inligting met hul bestaande opvattinge en waardes (Goodman & Jinks, 2004:635).


In samehang met bostaande is dit belangrik om twee mikroprosesse van oorreding te oorweeg waarin die inhoud van 'n boodskap daarin mag slaag om 'n geteikende rolspeler se sienings te verander. In terme van hierdie opvatting kan die oorredende aantrekkingskrag van 'n opponerende boodskap vermeerder indien die kwessie *geherstruktureer* word om ooreen te stem met norme wat alreeds aanvaar is (Keck & Sikkink, 1998:16-18). Hierdie mikroproses is veral belangrik aangesien

dit kan help om variasie te verduidelik – wanneer die kans goed is dat state ooreed kan word en wanneer nie (Bedford & Snow, 2000:611).

Oorreding mag ook plaasvind as 'n gevolg van die “*cuing*” van teiken state om “harder te dink oor die meriete van 'n boodskap wat nie aansluit by die betrokke rolspeler se kultuur nie”. “*Cuing*” is gebaseer op die idee dat bekendstelling van nuwe inligting state kan aanspoor om “deel te neem in 'n hoë intensiteitsproses van kognisie, refleksie en argumentering (Goodman & Jinks, 2004:637). Substansiële empiriese bewyse toon dat state dikwels hul opvattinge verander as hulle gekonfronteer word met nuwe inligting en hulle sistematiese hul posisies ondersoek en verdedig (Zimbardo & Leippe, 1991:192). Sistematiese assessering en “versigtige oorweging van die meriete van die argumente” hou verband met veranderinge van opinies wat meer weerstand bied teen teenstellende oorreding en wat meer waarskynlik volhoubaar sal bly oor tyd (Goodman & Jinks, 2015:121). Vervolgens word Goodman en Jinks (2013) se laaste meganisme van sosiale invloed, naamlik akkulturasie, bespreek.

2.3.3 Akkulturasie van state: Die teoretiese model

Onderstaande akkulturasie model gee 'n uiteensetting van die belangrike prosesse wat kenmerkend is van die teorie van akkulturasie. Die onderliggende boublokke van die model word in die volgende afdeling breedvoerig bespreek.



Figuur 2.2: Akkulturasie model

Bron: Skrywer.

2.4 AKKULTURASIE

Akkulturasie is die eerste keer in 1936 gedefinieer as “daardie verskynsels wat ontwikkel wanneer groepe van individue verskillende kulture deel en in deurlopende eerstehandse kontak kom met daaropvolgende veranderinge in die oorspronklike kulturele patrone van eerder een of meer groepe” (Redfield, Linton & Herskovits, 1936:252). Sielkundiges beskryf akkulturasie deur ‘n verduideliking wat later gegee is deur Graves (1967:337-338) as veranderinge aan houdings en waardes wat spruit uit kontak met ander kulture. In 2004 en 2005 het Goodman en Jinks (2004:623) die konsep van akkulturasie verbind aan state en internasionale regimes met hulle beskrywing van akkulturasie as “die algemene proses waardeur rolspelers die opvattinge en gedragpatrone van die omringende kultuur aanneem sonder om aktief die meriete van daardie opvattinge en gedrag of die materiële koste en voordele van konformering te assesser”.

Verder bevraagteken akkulturasie ook die opvatting oor nakoming van menseregte norme wat die beste verkry word deur die uitoefening van dwang of deur bindende besluite afkomstig van menseregte moniteringsinstellings (Mushkat, 2009a:191). Akkulturasie het gevolglik die uitgangspunt dat mag nie slegs materieel en gesentraliseer is nie, maar ook produktief, kultureel en diffuus is (Goodman & Jinks, 2015:121).


Goodman en Jinks (2015:122) het in hierdie verband verduidelik dat “die kern van akkulturasie is dat verskillende grade van identifisering met ‘n verwysingsgroep verskillende grade van (werklike of verbeelde) kognitiewe en sosiale druk om te konformeer tot gevolg het”. Dit blyk dat state wat identifiseer met ‘n sekere groep nie wil voel soos ‘n “buitestaander” of *pariah* in vergelyking met ander state nie. “Om by te hou met die res is ‘n motivering vir state. Hierdie teorie plaas state binne ‘n globale kulturele orde” waarin sekere wêreldwye praktyke “die doelstellings van staatsaksie definieer en legitimeer”. Daar word geargumenteer dat state verbind is tot menseregte norme, omdat dit die “gepaste” aksie is in soverre dit konformeer tot die globale kulturele voorskrifte vir streeksgemeenskappe (Koh, 2005:976).

Koh (2005:975) is van mening dat Goodman en Jinks se opvatting tog nie nuut nie, omdat hulle model ooreenstemming toon met die Engelse Internasionale Gemeenskapskool van Grotius. Net soos die Amerikaanse konstruktiviste is die Britse internasionale gemeenskap van mening dat “norme, waardes en die sosiale struktuur van die internasionale gemeenskap as ‘n hulpmiddel dien om die identiteit van daardie internasionale gemeenskap te vorm en dan die nasionale rolspelers wat binne-in dit werksaam is, te akkultureer”. Dit volg hieruit dat state internasionale reëls gehoorsaam, nie net as gevolg van berekening oor hoe nakoming of nie-nakoming hul belange sal beïnvloed nie, maar omdat ‘n herhaalde gewoonte van gehoorsaamheid binne-in ‘n gemeenskapsopset hulle sosialiseer en hul belange herskep sodat daar waarde aan nakoming van reëls geheg word (Stivachtis & Mckeil, 2018:10).

Die mikroprosesse van akkulturasie sluit in *nabootsing* en *identifikasie*. Dit help kognitiewe en sosiale druk aan wat 'n staat dryf om sosiaal legitieme houdings, opvattinge en gedrag aan te neem. Nabootsing hou verband met state wat die gedrag van ander state naboots (Patterson, 2006:1239). Akkulturasie het te doen met 'n sosiale druk om te konformeer tot die gedrag van 'n verwysingsgroep en dus konformiteit en nabootsing produseer. Identifikasie is belangrik vir die teorie van akkulturasie. As state hulself identifiseer met 'n verwysingsgroep, skep hulle sosiale en kognitiewe druk om te konformeer tot die norme van daardie groep (Goodman & Jinks, 2013:26).

In Koh (2005:977) se evaluering van die teorie van akkulturasie bekragtig hy hierdie teorie as 'n gevallestudie van internalisering deur sosialisering. Hy argumenteer in hierdie verband dat Goodman en Jinks deur te fokus op akkulturasie eerder as dwang, lig gewerp het op 'n manier om staatsverbintenis met menseregte wetgewing te beïnvloed deur 'n "komplekse interaksie tussen proses en idees".

Die literatuur oor sosiale invloede toon die omstandighede waaronder akkulturasie kan plaasvind. Figuur 2.3 gee 'n opsommende voorstelling hiervan en toon die verskillende variante van akkulturasie, naamlik interne (kognitiewe) druk en eksterne (sosiale) druk.



Figuur 2.3: Twee variante van akkulturasie

Bron: Skrywer.

2.4.1 Interne kognitiewe druk

Akkulturasie word aangedryf deur identifikasie met 'n verwysingsgroep (Patterson, 2006:1239). Lidmaatskap tot 'n groep word gekenmerk deur stellings, gedrag of verbintenisse, soos byvoorbeeld beloftes van lojaliteit, deelname in groepsaktiwiteit of verbintenisse om lidmaatskapsvereistes na te kom. Hierdie gedrag skep 'n basis van identiteit, sodat gedrag wat afwyk van hierdie identiteit merkers van teenstrydighede skep wat ongemak veroorsaak. Hoe meer hierdie identiteitskonformerende gedrag herhaal word, hoe meer ekstreem word die staat se gedrag en

optredes en die verbintnisse tot hierdie groep word gevolglik versterk (Petty, Wegener & Fabrigar, 1997:612).

Druk is in hierdie geval intern van aard en vind plaas wanneer rolspelers in verskeie opsigte gedryf word om te konformeer. Interne druk sluit die volgende in:

- Sosiaal-sielkundige koste van nie-konformiteit (soos dissonansie geassosieer met optrede wat nie konsekwent is met 'n rolspeler se identiteit of sosiale rol nie).
- Sosiaal-sielkundige voordele van die konformering tot groepsnorme en verwagtinge soos die “kognitiewe gerief/vertroosting” wat geassosieer word met lidmaatskap in 'n waargenome “in-groep” (Goodman & Jinks, 2013:22).
- Kognitiewe ongemak, wat gekenmerk word deur waargenome divergensie van groepsnorme, veroorsaak interne druk om te konformeer tot die groep se praktyk, met ander woorde, hierdie divergensie kan state aanspoor om afwykings te verminder deur groter konformiteit te toon (Stryker & Statham, 1985:311).
- 'n Gewaarwording van gemak wat spruit uit die interaksie met ander waarmee die staat sekere kenmerke deel, wat kan lei tot 'n toenemende gewilligheid om te voldoen aan die versoeke van vriende (Cialdini, 1984:212).

Hierdie variant van akkulturasie is toegepas in Patterson (2006:1217) se studie. Die skrywer verduidelik die ooreenkomste tussen die Verenigde State van Amerika (VSA) en Europa in die ontwikkeling van hul onderskeie doodstraf doktrines. Patterson demonstreer hoedat die VSA se lidmaatskap tot 'n groep van westerse ontwikkelde demokrasieë wat menseregte respekteer ('n groep wat ook Europa insluit), veroorsaak dat die land kognitiewe en sosiale druk in die behoud van sy idenititeit as 'n menseregte leier aanvaar en dus sy gebruik van die doodstraf beperk. In Alvarez (2005:970) se assessering van akkulturasie het die skrywer egter kritiek gelewer op akkulturasie wat die indruk skep dat state in navolging van 'n verwysingsgroep optree. Dit laat die idee ontstaan dat state oor geen agentskap beskik om hul aksies op 'n selfstandige wyse te dryf nie.

2.4.2 Eksterne sosiale druk

Sosiale druk wat toegepas word deur 'n groep is ekstern van aard en toon die volgende kenmerke: die oplegging van sosiaal-sielkundige koste deur state in die verleentheid te stel; asook die oordrag van sosiaal-sielkundige voordele deur vertoning van publieke goedkeuring (Goodman & Jinks, 2004:638). Goodman en Jinks (2013:432) het argumenteer dat akkulturasie een manier is waarop deelname in internasionale instellings staatsgedrag rig. Die idee is dat akkulturasie dikwels dieselfde druk op state uitoefen soos op individue – dit is 'n eenvoudige toepassing vir staatsgedrag, spesifiek menseregte. Akademici wat die staat sien as 'n agent, fokus op sy geneigdheid om te soek na materiële doelstellings, soos byvoorbeeld veiligheid en ekonomiese winste, maar state soek ook sielkundige doelstellings soos legitimiteit en erkenning. Sodra dit gevestig is in die gemeenskap sal

state voortgaan om hul gedrag in lyn te bring met normatiewe verwagtinge, sodat hulle beskou kan word as 'n legitieme lid en voordele kan kry uit lidmaatskap (Goodman & Jinks, 2004:641).

Die sosiale bande wat in die gemeenskap geskep word, is ook belangrik vir die proses van akkulturasie, omdat hulle 'n gevoel van gedeelde identiteit onder groeplede bevorder (Goodman & Jinks, 2004:641). Patterson (2006:1217) het voorafgaande skrywers se opvatting ondersteun dat soos wat state self-identifiseer, soortgelyke kenmerke het as 'n groep of behoort aan 'n organisasie, word die groep 'n legitieme gehoor wie se kritiek en sensuur state poog om te vermy. Wanneer die sosiale band wat hierdie gevoel van gedeelde identiteit bevorder afgesny word, word state verwyder van die sosiale belonings wat hul gedrag motiveer en hulle verloor ook hul rede om in die eerste plek volgens die reëls te speel (Goodman & Jinks, 2004:641).

Dit kom daarop neer dat rolspelers sosiale legitimititeit en sosiale status wil verhoog en sosiale afkeur wil verminder. In hierdie verband verwys status na "n posisie in die hiërargie van 'n groep, gebaseer op kriteria soos prestige, eer en eerbied" (Lovaglia, 1995:402). Status word ook verbind tot ander se "verwagtinge van vermoë of bevoegdheidsoptrede". Die beeld van 'n staat hou verband met die publieke manifestasie van status en verwys na persepsies en indrukke wat 'n staat skep deur statusgedrag wat konsekwent is (Sloss, 2014:576).

Die beloning is sielkundige welstand as gevolg van goedkeuring, terwyl straf sielkundige ang is weens publieke vernedering. Die begrip van "om te sloer" wat hieruit vloei, is 'n bewys van 'n kognitiewe dissonansie in die bestaan van 'n "buitestaander" (Patterson, 2006:1217). Daar word geargumenteer dat die behoefte van state om "op te vang" of die risiko te loop om hul aansien in die oë van die wêreld te verloor vir state belangrik is (Lovaglia, 1995:404).

As die vertrekpunt is dat sosiaal-sielkundige konformiteitstudies bestudeer word, is daar substansiële empiriese bewyse wat aantoon dat, indien daar sosiale druk is van 'n verwysingsgroep, rolspelers dikwels hul gedrag verander om te konformeer tot die gedragspatrone van die groep (Goodman & Jinks, 2004:639). Dit is ongemaklik om as skynheilig beskou te word in terme van historiese optredes en verbintenisse. Omgekeerde positiewe optrede wat gesien word as konsekwent met die staat se eie verklaarde identiteit, noop state wie se konsekwentheid uitgedaag word om te reageer deur groter konformitiese gedrag (Alvarez, 2005:973). Goodman en Jinks (2004:639) verwys ook na akkulturasie se kenmerk van sosiale druk wat somtyds kan lei tot botsing van binnelandse kulturele belange met die van die internasionale gemeenskap- die hieruitvloeiende botsing van norme kan ernstige implikasies inhou vir die werklike bevordering van menseregte.

2.4.3 Probleme en vooruitsigte van staat sosialisering

2.4.3.1 Die probleem van nakoming

Goodman en Jinks (2004:656) is van mening dat verandering in gedrag gedryf word deur oorwegings van legitimiteit, eerder as bekommernis oor rasionele aanpassing. 'n Kritiek teen hierdie variant van akkulturasie, naamlik sosiale druk, is dat dit dikwels lei tot publieke nakoming, maar nie private aanvaarding van sosiale norme nie. Akkulturasie genereer dus ont koppeling (Alvarez, 2005:963). Om te verstaan hoe ont koppeling geskied, moet daar onderskei word tussen die verskillende tipes ont koppeling, soos vervat in Tabel 2.1.

Tabel 2.1: Verskillende soorte ont koppeling

Soorte ont koppeling	Voorbeelde
1. Vorme (van globale voorskrifte) teenoor Funksionele taak eise	<ul style="list-style-type: none"> • Supersoniese lugvaart aankope met geen eksterne veiligheidsbedreigings nie; • Wetenskaplike navorsingsbenaderings wat nie ingestel is op nasionale tegniese en ekonomiese behoeftes nie
2. Publieke konformiteit (met globale praktyke) teenoor Private implementering	<ul style="list-style-type: none"> • Internasionale opvoedkundige kurrikulums wat nie nasionaal geïmplementeer word nie.
3. Materiële/tegniese eise (van globale voorskrifte) teenoor Hulpbron/tegniese kapasiteit	<ul style="list-style-type: none"> • Kinderregte regimes met geen kapasiteit om te moniteer of te reguleer nie; • Omgewingsimpak assesserings met geen kapasiteit om hersienings uit te voer nie.

Bron: Goodman & Jinks, 2008:729.

2.4.3.2 Variante van ont koppeling

Akkulturasie genereer dikwels ont koppeling. Die funksionele gevolge van ont koppeling varieer van problematies tot goedgunstig of selfs aanpassing (Alvarez, 2005:974). Om dit te verstaan, is dit nodig om te onderskei tussen verskillende soorte ont koppeling. Akkulturasie het drie verskillende tipes van ont koppeling tot gevolg, soos gesien in Tabel 2.1. Dit is belangrik om te onderskei tussen die variante van ont koppeling, want dit gee insig oor hoe om ont koppeling te oorkom. Die term ont koppeling moet dus opgebreek word om die redes vir die mislukking van implementering beter te verstaan (Goodman & Jinks, 2008:748).

Kategorieë 1 en 2 in Tabel 2.1 verwys na die belangrikste vorme van ont koppeling wat in empiriese navorsing geïdentifiseer word. In sulke situasies sal die mate van isomorfiëse veranderinge oor lande gedeeltelik 'n funksie wees van die diepte van verbintenisse wat nodig is om legitimiteit in die gemeenskap van state te verkry, of dit kan ook wees om aan te sluit by bestaande opvattinge oor die moderne staat (sosiale druk) (Goodman & Jinks, 2008:729).

a) Vorme (van globale voorskrifte) teenoor funksionele taak eise

Een van die algemene soorte ontkoppeling, naamlik ontkoppeling tussen vorm en funksionele taak eise (kategorie 1) belemmer nie nakoming nie; en mag selfs nakoming baie goed fasiliteer. Die menseregte voorskrifte wat regerings aanneem kan belangrike effekte hê wat nie noodwendig die materiële taakeise van die staat dien nie (Goodman & Jinks, 2013:246). Dit is duidelik die waarheid as dit oorweeg word as 'n konseptuele kwessie. In die geval van 'n empiriese kwessie, stel bestaande navorsing voor dat sulke ontkoppeling groot herstrukturering van state en regshervorminge tot gevolg gehad het. Hierdie veranderinge het materiële belange van die staat geïgnoreer en is 'n aanduiding van die potensiële mag van akkulturasie om sulke groot veranderinge te bewerkstellig. Hierdie voorbeelde illustreer ook dat sommige vorme van ontkoppeling 'n bewys is van 'n sterk verbintenis tot globale praktyke (Goodman & Jinks, 2008:730).

b) Materiële/Tegniese eise (van globale voorskrifte) teenoor Hulpbron/Tegniese kapasiteit

Kategorie 3 ontkoppeling in Tabel 2.1 verwys na die gapings tussen beleid en uitkomst weens 'n tekort aan materiële hulpbronne of tegniese kapasiteit op nasionale vlak. Hierdie soort ontkoppeling belemmer duidelik nakoming, maar nie op enige manier wat akkulturasie gebaseerde regime elemente diskrediteer nie. Beide dwang-en oorredingsgedrewe sosiale invloed sal ook 'n invloed hê op die belemmering tot implementering wat lei tot Kategorie 3 nakomingsgapings (Goodman & Jinks, 2008:731). Die nakomingsprobleme wat geskep word deur hierdie soorte ontkoppeling het niks te doen met vorming of verandering van voorkeure nie en is daarom nie van toepassing op enige besprekings oor sosiale invloed en regime ontwerp nie (Goodman & Jinks, 2013:246). Nietemin verteenwoordig Kategorie 3 ontkoppeling belangrike uitdagings vir menseregte wetgewing en beleid wat die beste aangespreek word deur bestuurstrategieë, soos voorgestel deur Chayes en Chayes (1998:426).

Oor die algemeen fasiliteer ontkoppeling dikwels nakoming. Hierdie strukturele kenmerke van die wêreld regeringsvorm fasiliteer 'n dieper indringing van globale norme en praktyke in die plaaslike kultuur en praktyk (Goodman & Jinks, 2013:246). Ontkoppeling kan egter help om die belangrike ontwrigting en konflik te vermy wat dikwels gepaard gaan met die aanvaarding van globale praktyke wat dikwels nie geskik is in plaaslike kontekste nie. Die verskeidenheid ontkoppelvorme stel state in staat om gestandaardiseerde, legitieme formele strukture te behou, terwyl hulle aksies in reaksie op praktiese oorwegings varieer (Meyer & Rowan, 1977:357).

c) Publieke konformiteit (met globale praktyke) teenoor private implementering

'n Problematiese gevolg van akkulturasie hou egter verband met Kategorie 2 ontkoppeling – publieke konformiteit met ontkoppeling van private, plaaslike praktyke (Goodman & Jinks, 2013:246). Tog kan hierdie opvatting oor ontkoppeling gebaseer wees op 'n logiese dwaling. Die grootte van die gaping tussen die amptelike menseregte verbintenisse en plaaslike praktyke kan binne-in 'n staat dieselfde bly sonder om absolute verbeteringe in menseregte te verhoed. Die vraag is hier of die verbintenisse

sterker raak oor tyd. 'n Voorbeeld in hierdie verband is 'n staat wat konstant agter is met sy verbintnisse op 'n sekere vlak, terwyl daardie verbintnisse progressief toeneem oor tyd – dit wil dan voorkom of sodanige staat aanhoudend agter raak, terwyl die absolute toestande in die werklikheid verbeter. 'n Aanhoudende gaping tussen formele posisies en werklike optrede binne-in state mag absolute winste in optrede in die duister hul (Goodman & Jinks, 2015:122).

Volgens Goodman en Jinks (2008:733) is die twee transnasionale effekte van Kategorie 2 ont koppeling en nakoming belangrik. Eerstens, is daar reeds aangetoon hoedat absolute menseregte toestande kan toeneem indien die verbintnisse oor tyd ook toeneem. Dit is belangrik om daarop te let dat, indien die ontwikkeling van standarde voortvloei uit progressiewe institusionalisering op die globale vlak, die gemiddelde optrede van alle state kan toeneem, ten spyte van konstante of uitbreidende ont koppeling. Met ander woorde, selfs met interne ont koppeling in state kan akkulturasie lei tot magtige verbeteringe van die sisteem (Goodman & Jinks, 2013:246).

Tweedens, kan wetshervorming in een groep lande regsuitkomste in ander state affekteer deur te help om die norm globaal te institusionaliseer. Die sosiale effek van publieke aksie mag waar wees, selfs al is die aanvanklike hervorming van wette en praktyke swak (ont koppeling van die praktyk op 'n problematiese manier). Dit is moontlik dat die globale institusionalisering van 'n norm die omgekeerde vorm van Kategorie 2 ont koppeling mag produseer: positiewe uitkomste in plaaslike staatspraktyke wat nooit die strukturele hervorming aanneem nie – byvoorbeeld die globale institusionalisering van 'n norm wat marteling verhoed kan lei tot die vermindering van marteling, selfs in state wat nie die Marteling Konvensie geratifiseer het nie, werklike praktyke verander het nie of anti-marteling wette aangeneem het nie (Goodman & Jinks, 2008:733).

Die effek van eksterne sosiale druk wat lei tot ont koppeling dien egter as 'n potensiële swakheid in die teorie van akkulturasie, waar sosiale druk ter sprake is, met 'n bekommernis oor die moontlike gaping wat akkulturasie laat tussen formele verpligtinge deur state en die werklike verpligtinge (Alvarez, 2005:963). Akkulturasie studies dokumenteer dikwels aanhoudende vorme van ont koppeling en stel voor dat formele verpligtinge nie daarin slaag om die konkrete praktyke van state te verander nie. In die menseregte konteks is dit kommerwekkend, gegewe die bekende probleem van die blykbaar oppervlakkige omarming van internasionale menseregte norme deur baie state (Koh, 2005:982).

Munro (2011) het byvoorbeeld Goodman en Jinks se akkulturasie model toegepas en geargumenteer dat akkulturasie die totstandkoming van die ASEAN Inter-regeringskommissie oor Menseregte kon verduidelik het. Hierdeur het Asiatiese state ander state en streeksorganisasies nageboots en daardeur effektief 'n patroon van globale gedrag geassimileer. Alhoewel hierdie assimilasië plaasgevind het, het die ontwerp van genoemde kommissie tot gevolg gehad dat menseregte beskermingsdoelwitte nie bereik kon word nie (Munro, 2011:1185).

Alvarez (2005) het ook 'n studie gedoen waar akkulturasie gebruik is as teoretiese uitgangspunt. Die skrywer het net soos Munro se studie patrone van ontkoppeling in verband met akkulturasie deur sosiale druk opgetel. Sosiale druk wat geasosieer word met akkulturasie kan tot gevolg hê dat die globale praktyke nie in die konteks van die binnelandse konteks pas nie. Hierdeur kritiseer die skrywer akkulturasie deur te argumenteer dat die teorie die oplegging van hegomoniese mag tot gevolg het (Alvarez, 2005:965).

Mushkat (2009b:437) het verwys na state wat dikwels globale praktyke navolg sonder om substansiële werklike veranderinge te bewerkstellig. Byvoorbeeld, state ratifiseer internasionale mensregte verbonde en verorden grondwette wat gebaseer is op liberale regte, maar hierdie formele veranderinge verander dikwels nie hul verbintenis tot menseregte standaarde nie – die patrone van staatsgedrag toon publieke konformiteit sonder private aanvaarding (Mushkat, 2009b:438). Sloss (2014:582) het ook melding gemaak van state wat hul formele struktuur konformeer tot die waargenome verbintnisse van die wêreldgemeenskap, terwyl hulle in werklikheid optree volgens hul eiesinnige voorkeure, veral waar die staatspraktyke relatief geïsoleer is van globale ondersoek.

Gegewe bogenoemde opinies word daar bevraagteken of akkulturasie 'n normatief aantreklike sosiale meganisme van invloed is. Hierdie kritiek verkry verdere aandag in Hoofstuk 4, nadat Suid-Afrika se optrede ondersoek is. In die besonder word daar gefokus op Goodman en Jinks (2008), asook ander skrywers, se reaksie op die knelpunte omtrent die teorie van akkulturasie.

Vervolgens verskuif die bespreking na 'n vergelyking van akkulturasie met dwang en ooreding. Hierdeur sal die inherente kenmerke van akkulturasie duideliker na vore kom.

2.5 AKKULTURASIE TEENoor DWANG EN OORREDING

2.5.1 Die verskil tussen Dwang en Akkulturasie

Volgens Patterson (2006:1231) sluit dwang in sosiale sanksies wat 'n invloed het op rolspelers, omdat daardie rolspelers van mening is dat sosiale koste omgeskakel sal word in materiële koste. Akkulturasie aan die ander kant, sluit hierdie dwang elemente slegs in tot die mate waartoe sosiale koste denke en aksies beïnvloed. Hierdie dimensie van akkulturasie fokus op daardie omstandighede waarin rolspelers konformeer tot sosiale druk, nie net weens 'n tweede-orde berekening van die spesifieke koste en voordele nie, maar eerder as gevolg van “konformering” en “behoort aan” wat lei tot kognitiewe gemak/troos. In samehang hiermee is rolspelers besig met die algemene strewe na sosiale legitimiteit, wat dan diep geïnternaliseer kan word (Goodman & Jinks, 2013:246).

2.5.2 Die verskil tussen Oorreding en Akkulturasie

Volgens Patterson (2006:1231) het oorreding te doen met algehele internalisering, terwyl akkulturasie eerder volledige of onvolledige internalisering kan behels. Oorreding benodig aktiewe assessering van die meriete van 'n opvatting. Akkulturasie verskil in die opsig dat elke optrede van konformering lei tot sosiale goedkeuring en kognitiewe ongemak verminder. Ooreding het te doen met die assessering van die inhoud van die boodskap, en akkulturasie met die assessering van die sosiale verhouding (Goodman & Jinks, 2013:31). Volgens Goodman en Jinks (2015:122) kom akkulturasie nie voor as gevolg van die inhoud van 'n relevante reël of norm nie, maar eerder as 'n funksie van sosiale struktuur – die verhoudinge tussen rolspelers en 'n verwysingsgroep. Akkulturasie is ook minder afhanklik van die eienskappe van die reël as van die eienskappe van die verhouding van die rolspeler tot die gemeenskap (Goodman & Jinks, 2013:31).

Die belangrikste verskil tussen die akkulturasie deur eksterne sosiale druk verduideliking en die oorreding verduideliking is dat laasgenoemde staatmaak op norm internalisering, en eersgenoemde verband hou met norm konformiteit sonder norm internalisering (Goodman & Jinks, 2013:32). Konformering tot 'n norm sonder om dit werklik te internaliseer, is ook 'n kenmerk van dwang – hier voldoen state aan menseregte norme weens die materiële koste of voordele van konformiteit eerder as gevolg van “konformering” en “behoort aan” wat lei tot kognitiewe gemak/troos (Goodman & Jinks, 2015:122).

Tabel 2.2 gee 'n kort opsomming van die drie meganismes van sosiale invloed op state.

Uit voorafgaande besprekings kom dit na vore dat daar 'n waarneembare verskil is tussen dwang en akkulturasie, asook tussen oorreding en akkulturasie.

Tabel 2.2: Drie meganismes van sosiale invloed op state

	Dwang	Oorreding	Akkulturasie
Basis van invloed	Belang	Kongruensie met waardes	Sosiale verwagtinge Kulturele identiteit
Gedraglogika	Instrumentalisme	Aktiewe assessering van die geldigheid van 'n reël	Sosiale rol Sosiale status Nabootsing
Vorme van invloed	Materiële belonings en straf	Raamwerk Aanwysing om harder te dink Oortuiging Onderrig	Sosiale belonings en straf (skaam maak, vermyding en rugklop) Kognitiewe koste en voordele (ortodoksie, dissonansie)
Resultate	Nakoming	Aanvaarding	Konformiteit/Aanvaarding

Bron: Goodman & Jinks, 2013:88.

2.6 UNIVERSELE PERIODIEKE HERSIENINGSMEGANISME REGIME ONTWERP: GUNSTIGE TOESTANDE VIR AKKULTURASIE

Volgens Goodman en Jinks (2013:667) word drie aspekte benodig om die voorkoms van akkulturasie te bepaal. Eerstens, die kenmerke van die sosiale omgewing waarin agente optree is deurslaggewend. Tweedens, die kenmerke van agente is belangrik. Derdens is die interaksie van hierdie agente met die omgewing ook van belang en hieroor word meer uitgebrei in Hoofstuk 4.

2.6.1 Institusionele omgewing

Goodman en Jinks (2013:666) verwys na die omstandighede in portuurhersienningsinstellings wat gunstig is vir akkulturasie, omdat dit gekenmerk word deur geen materiële dwang. Johnstone (2021:229) verwys daarna dat multi-laterale instellings nietemin 'n verskeidenheid van doelstellings het wat nie van toepassing is op die bi-laterale konteks nie. Instellings is die "sosiale omgewing" waarin state voorkom en waarsonder sosiale goedkeuring of skande nie moontlik sou wees nie. Instellings maak optrede op 'n spesifieke manier meer publiek deur die skepping van 'n gefokusde arena, nie net vir die waarneming van gedrag nie, maar ook vir openbaarmaking en lof (Johnstone (2021:230).

Die UPH is ontwerp om staat te maak op portuurdruk. Geen sanksies vir nie-nakoming is moontlik nie. Die effektiwiteit van sanksies in regime ontwerp hou verband met 'n optrede van persoonlike keuse eerder as een wat afgedwing word deur eksterne mag (Goodman & Jinks, 2015:121). Volgens akkulturasie, konformeer state tot norme as gevolg van 'n bewustheid van kognitiewe dissonasie of druk om te konformeer, eerder as gevolg van forsering deur partye van buite. Sanksies mag 'n staat vervreem van sy verwysingsgroep en daardeur word die akkulturasie se mikroproses, soos nabootsing, ontwig (Patterson, 2006:1246).

Met verwysing na monitering en afdwinging, argumenteer Goodman en Jinks (2013) dat "onder sekere omstandighede sal 'sagte menseregte meganismes' meer effektief raak in die vestiging van volhoubare norme". Skrywers soos Schaffer en Pollack (2013:222) het dieselfde argument gemaak. Hul siening beklemtoon dat die publisering van beste praktyke, monitering en verslagdoening, asook kritisering van slegte rolspelers almal potensieel aktiewe metodes van akkulturasie deur kognitiewe en sosiale druk is. Hulle noem ook dat bindende besluite en sanksies ernstige risiko's inhou vir die ondermyning van 'n staat se affiniteit tot 'n verwysingsgroep en dus sosiale invloed op state.

Volgens Vandenbogaerde (2016:27) toon die UPH die mag van portuurdruk en globale kultuur in die afdwinging van menseregte wetgewing deur staatsinvloed. Akkulturasie kan gemaklik plaasvind tydens die UPH. Aangesien hierdie UPH gebruik maak van portuurhersiening en nie 'n spesifieke groep eksperte nie, is daar nie 'n persepsie van "ons" versus "hulle" nie (Vandenbogaerde, 2016:28).

Volgens Goodman en Jinks (2015:121) is die kognitiewe en sosiale druk wat geskep word deur die akkulturasie mikroproses van identifikasie meer effektief wanneer 'n internasionale regeringsorganisasie universele lidmaatskap voorsien en alle lidstate onderwerp word aan hersiening. Sosiale en kognitiewe druk kan egter binne spesifieke kulture die taal van menseregte in die rigting van sommige morele verbintenisse druk, selfs in terme van die uitdaging van een of meer aspekte van daardie kultuur (Goodman & Jinks, 2004:623).

Die insluiting van alle lede van die UPH kan gesien word as 'n positiewe kenmerk van regime ontwerp. Dit help "om die aanspraak te staaf" dat menseregte universeel is, gegewe dat akkulturasie staatmaak op druk om te konformeer tot 'n verwysingsgroep of globale kulturele voorskrifte. Menseregte behoort oorweeg te word as 'n universele norm van toepassing op almal (Simmons, 2014:183). Verpligtende lidmaatskap kan egter ook "diskursiewe verskrikking" tot gevolg hê, waar state verplig voel om menseregte situasies te verbeter of die risiko loop om alle geloofwaardigheid en aansien te verloor (Goodman & Jinks, 2015:121).

2.6.2 Onderwerp van analise: Suid-Afrika as agent

Die onderwerp van analise is die staat, Suid-Afrika. Suid-Afrika vorm deel van die groep van 193 VN lidstate met verpligte lidmaatskap by die UPH. Suid-Afrika het gedurig sy goedkeuring vir die UPH meganisme retories uitgespreek. Daarom mag Suid-Afrika onder druk verkeer, om state wat deelneem in die UPH proses se gedrag na te boots. As 'n opkomende mag, kan Suid-Afrika dalk ook die UPH beskou as die gewenste plek om status te bekom (Pillay, 2021:1-2). Verder het Suid-Afrika ook 'n verbintenis met 'n sub-groep, naamlik die Afrika-groep, aangesien Suid-Afrika deel is van die Afrika streeksgroep. Daar is ook verder tekens van Pan-Afrikanisme in Suid-Afrika se buitelandse beleid wat die verbintenis tussen Suid-Afrika en die Afrika-groep kan versterk (Jumat, 2019:2).

Hierdie omstandighede sake bied 'n gunstige omgewing vir akkulturasie om plaas te vind omdat akkulturasie op 'n verwysingsgroep steun wat kognitiewe en sosiale druk genereer om te konformeer tot die gedrag van die genoemde verwysingsgroep (Goodman & Jinks, 2004:621).

Die vraag ontstaan dus oor die bepaling van empiriese bewyse vir akkulturasie.

2.7 DIE BEPALING VAN EMPIRIESE VOETSPORE VAN AKKULTURASIE

Vervolgens kan die vraag gevra word: "*Wat is die empiriese bewyse vir akkulturasie?*"

Goodman en Jinks (2013:542) het die volgende merkers van akkulturasie uitgelig:

- Daar moet ook 'n verwysingsgroep teenwoordig wees waarmee state identifiseer en tot wie se norme en gedrag daar gekonformeer word.
- Daar word verwag dat daar nabootsing behoort te wees, dit is wanneer state mekaar naboots. Die staat tree gevolglik op soos die verwysingsgroep beplan om op te tree of soos wat die

groep in werklikheid optree. Dit kan toegeskryf word aan akkulturasie wat verband hou met druk om te konformeer, en konformiteit wat nabootsing skep.

- Hier is “ortodoksie” ter sprake, omdat state optree as gevolg van ’n gevoel van geskiktheid. Dit is omdat akkulturasie te doen het met konformering aan ’n sosiaal-aanvaarde praktyk.
- In die geval van akkulturasie deur sosiale druk, behoort daar moontlik ’n diskonneksie tussen formele beloftes en binnelandse praktyke te wees.

2.8 STUDIES OOR SOSIALISERING EN INTERNASIONALE BETREKKINGE

In terme van verbandhouding en toevoeging van waarde tot die Internasionale Betrekkinge literatuur het Goodman en Jinks (2004) aangesluit by ’n groep internasionale reg akademici wat nie net vooraanstaande verbruikers van die Internasionale Betrekkinge literatuur is nie, maar ook belangrike bydraes in hierdie verband gemaak het. Die eerste bydrae van hulle idees in Internasionale Betrekkinge is die artikulasie van drie onderskeidende meganismes van internasionale invloed op state, naamlik dwang, oorreding, en akkulturasie (Goodman & Jinks, 2013:10). Die klassifikasie van dwang en oorreding is egter nie nuut nie. Internasionale Betrekkinge kenners van Politieke Wetenskap is van die 1980’s sterk beïnvloed deur March en Olsen se klassieke onderskeid tussen twee logikas: ’n “logika van menslike aksie” en ’n “logika van gevolglikheid,” wat die aannames van individue en state aangeneem het as rasonele gebruiksmaksimaliseerders en ’n “logika van geskiktheid” wat March en Olsen verkry het van die teorie van Sosiologie (March & Olsen, 1998:947).

Sover dit die logika van geskiktheid aangaan, is March en Olsen van mening dat instellings nie net eenvoudige strategiese beperkinge voorsien waarin rolspelers poog om hulle individuele bruikbaarheid te maksimaliseer nie. Instellings se reëls, roetines en rolle word geïnternaliseer en gevolg, selfs as dit nie duidelik in die eng self-belang van die persoon is wat verantwoordelik is om so te doen nie (March & Olsen, 1998:969). Hierdie skrywers het verder geargumenteer dat rolspelers nie noodwendig die verwagte bruikbaarheid of alternatiewe soort aksies volgens hulle spesifieke voorkeure kies nie, maar eerder poog om die aksie te onderneem wat mees geskik is vir hul sosiale rol en die aard van hul situasie.

Hierdie opvatting van sosiale aksie het geblyk invloedryk te wees in konstruktivistiese Internasionale Betrekkinge teorie gedurende die 1990’s, toe akademici soos Finnemore voorgestel het dat internasionale instellings norme aan state onderrig, wat dan “geskik” optree gegewe hulle sosiaal aangeleerde reëls en rolle (Finnemore, 1993:565).

In 2000 het Risse staat gemaak op Habermas se teorieë oor kommunikatiewe aksie en melding gemaak van ’n derde onderskeidende logika van menslike aksie, naamlik die “logika van argumentering” en het die interverbandhoudende konsepte van argumentering, beraadslaging en oorreding beklemtoon (Risse, 2000:1-2).

In teenstelling met bogenoemde skrywers het Goodman en Jinks (2013:44) dwang en oorreding as die twee primêre, teenoorgestelde sosialiseringsmeganismes in Internasionale Betrekkinge beskryf. Nog 'n derde meganisme, akkulturasie, is bygevoeg. Op die oog af lyk dit asof Goodman en Jinks se oorsaaklike meganismes verband hou met Risse se drie logikas; daar is ooreenkomste. Tog is die skrywers se konsep van akkulturasie meer gedetailleerd as March en Olsen (1998) se logika van geskiktheid, omdat kognitiewe (interne) druk en sosiale (eksterne) druk gespesifiseer word. Dit mag rolspelers daartoe lei om geskik te probeer optree relatief tot 'n belangrike verwysingsgroep; dit is 'n konsep wat ontbreek by March en Olsen (Goodman & Jinks, 2013:45).

Kelly (2004) het kompeterende aansprake oor die invloed van die Europese Unie (EU) op die kandidaat lede van die Unie se binnelandse minderheidsregte beleide ondersoek. Net soos Goodman en Jinks (2013), het Kelly gepoog om sosialisering te operasionaliseer en om die empiriese bewyse vir twee aparte oorsaaklike meganismes te onderskei. Dit het beide oorreding en sosiale invloed ingesluit, asook voorwaardelikheid wat gelykstaande was aan Goodman en Jinks (2013) se dwang. Kelly het bevind dat sosialisering 'n primêre rol kan speel waar binnelandse voorkeure en opposisie swak is of 'n ondersteuningsrol kan speel in die vorming van die spesifieke beleide wat aangeneem word onder die bedreiging van voorwaardelikheid. Haar algehele bevinding het die belangrikheid van dwang in die primêre meganisme van EU invloed onderstreep Kelly (2004:425).

Schimmelfennig en Sedelmeier (2004) het drie aparte modelle van meganismes geïdentifiseer wat 'n rol gespeel het by die Europanisasie van nuwe lidlande van sentrale en Oostelike Europa. Die eerste model is na verwys as die "eksterne beloningsmodel" en is verkry vanaf rasionele keuse modelle van onderhandeling en het gefokus op die assimetriese onderhandelingsmeganisme van die EU en sy applikant state en veral op EU voorwaardelikheid. Hierdie eksterne beloningsmodel was in konflik met die konstruktivistiese of sosiologiese instellingsverduidelikings – 'n sosiale leer model wat voorspel is volgens 'n logika van geskiktheid met klem op die sosialisering van state en rolspelers van die burgerlike gemeenskap in die groter lande en 'n "lesson-drawing model" waarin ontevrede regerings in Sentraal en Oostelike Europa EU praktyke ingevoer het, terwyl die Unie self 'n passiewe rol gespeel het (Schimmelfennig & Sedelmeier, 2004). Schimmelfennig en Sedelmeier (2004) se eksterne beloningsmodel toon 'n mate van ooreenstemming met die van Goodman en Jinks (2013) se dwang model. Die "lesson-drawing model" van Schimmelfennig en Sedelmeier (2004) hou ook verband met Goodman en Jinks (2013) se oorredingsmodel.

Checkel (2005) en 'n groep skrywers het in ondersoek ingestel na die toestande waaronder en die meganismes waardeur instellings in Europa state sosialiseer en hulle lei tot die internalisering van nuwe rolle of groep gemeenskapsnorme – hierdie projek se doelstellings was dieselfde as die van Goodman en Jinks. Checkel het ook gebruik gemaak van Risse (2000) se werk en tesame met nog akademië drie moontlike kousale meganismes of mikroprosesse van sosialisering geïdentifiseer wat in 'n mate 'n ooreenkoms toon met die werk van Schimmelfennig en Sedelmeier (2004) en

Goodman en Jinks (2013). Die eerste kousale meganisme is “*strategiese berekening*” wat beskou is as “die gebruik van materiële belonings om ‘n gewenste verandering in die gedrag van ‘n geteikende staat mee te bring en dit stem ooreen met Goodman en Jinks se meganisme van dwang (Checkel, 2005:809).

Die tweede kousale meganisme is afkomstig van March en Olsen (1998) se logika van geskiktheid en Checkel (2005:809) verwys daarna as *rolspel*. Rolspel is verskillend van die normatiewe oorroedingsmeganisme. State neem rolle aan, want dit is sosiaal makliker en teenoorgesteld as om net altyd strategies en instrumenteel op te tree. Tog mag hierdie rolle later gespeel word sonder bewuste optrede of oorreding. As daar rolspel betrokke is, sal agente groep- of gemeenskapsnorme nakom om op ‘n nie-refleksiewe wyse op te tree. Dit is ‘n meganisme van sosialisering wat afkomstig is van organisasie teorie en kognitiewe sosiale sielkunde. Agente word beskou as rasioneel en dit is nie moontlik vir hulle om aan alles gelyktydig aandag te gee of die koste en voordele noukeurig te bereken nie. Organisatoriese of groepsomgewings bied leidrade, kortpaaie en buffers wat kan lei tot die verordening van rolspel onder agente. In dié geval word kontak in klein groepe as ‘n stimulus vir internalisering beklemtoon (March & Simon, 1981:432). Hieruit volg dat akkulturasie van rolspel verskil in die sin dat akkulturasie die teenwoordigheid van groter groepe vereis wat gevolglik die kognitiewe en sosiale druk beter kan bevorder. Hierdie rolspel meganisme stem rofweg ooreen met Goodman en Jinks (2013) se akkulturasie meganisme, maar daar is ‘n groter klem op kleingroep dinamikas wat afwesig is by Goodman en Jinks se analise. Checkel (2005:809) se derde meganisme word *normatiewe oorreding* genoem en dit stem ooreen met Goodman en Jinks (2013) se meganisme van oorreding.

Dit blyk dat die meeste van die Internasionale Betrekkinge studies oor sosialisering en instellings op die EU fokus. ‘n Fokus op Suid-Afrika sal dus bydra tot nuwe insigte omtrent ‘n Afrika-staat se verhouding met die UPH.

Johnston (2008) se *Social States* was die eerste boek om die effekte van sosialisering in Internasionale Betrekkinge te ondersoek. Hy het ‘n poging aangewend om te verduidelik hoekom rolspelers op die wêreldverhoog beweeg na samewerking, alhoewel dit nie in hulle materiële magsbelang is nie. Sy boek het gefokus om ‘n teoretiese gedetailleerde blik te gee op China se deelname in internasionale veiligheidsinstellings. Dit is gedoen deur te steun op Sosiologie en Sosiale Sielkunde om sosiale invloed en oorreding te ondersoek. Sosiale invloed verwys weer na die proses waar state voldoen aan pro-sosiale gedrag in reaksie op groepsgebaseerde sosiale belonings. Die faktore wat hierdie gedrag ondersteun is beloningsoos soos die maksimalisering van status of vermyding van straf deur vernedering. Sosiale invloed het dus te doen met state se sosiale interaksies wat veroorsaak dat hulle konformeer tot pro-sosiale gedrag in die najaag van sosiale aanvaarding, soos in die geval van sosiale status merkers of in die vermyding van sosiale koste. Sosiale invloed hang gevolglik af van ‘n gedeelde begrip van wat aanvaarbare gedrag is – dit sluit in spesifieke reëls, doelstellings, verwagtinge of andersins belonings (publieke lof) of straf (publieke

kritiek) (Johnstone, 2021:227). Nabootsing vorm deel van beide sosialiseringsprosesse. Die slotsom van die studie was dat China meer samewerking gegee het as gevolg van hul toenemende sosiale interaksies in internasionale instellings (Johnston, 2008:45). Dit kom na vore dat sosiale invloed van Goodman en Jinks se akkulturasie verskil in die sin dat die teorie meer gepas is vir hierdie studie. Die akkulturasie teorie bied 'n geskikter verklaring in die konteks van die navorsingsprojek as Johnston se model van sosiale invloed, aangesien akkulturasie verder gaan deur die variante van ont koppeling te spesifiseer. Boonop verduidelik akkulturasie hoe om van oppervlakkige nakoming te beweeg na 'n meer diepgaande voldoening (Goodman & Jinks, 2013). Johnston se model is gevolglik staties van aard, terwyl akkulturasie 'n vloeibare verduideliking in terme van state se nakoming verskaf.

2.9 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het 'n oorsig gegee van die toestande waaronder daar van state verwag kan word om algemeen-aanvaarde menseregte norme te aanvaar. Ten einde lig te werp op hierdie toestande is daar gekyk na meganismes van sosiale invloed. Groter begrip is nodig oor die gedragsmeganismes wat state kan oorreed om hul voorkeure en gedrag te verander. Tog moet enige volledige teorie van gedragsmotivering die verreikende effekte van kultuur, sosiale struktuur en kognisie in ag neem, aangesien dit 'n invloed het op die voorkeurvorming van state. Hierdie opvatting stel voor dat akkulturasie 'n belangrike meganisme van invloed is in globale- en streekspolitiek en dat hierdie meganisme die potensiaal het om belangrike verskuiwings met betrekking tot state se menseregte praktyke te maak. Daar word veral gesteun op sosiale wetenskap navorsing met betrekking tot die rol van indentifikasie, nabootsing en sosiale konformiteit soos dit neerslag vind in groepe en organisasies.

State sal dikwels gemotiveer word deur sosiale druk en kognitiewe magte om gehoorsaam te wees aan internasionale legitieme voorskrifte van staatsgedrag. State tree op in konformiteit met die legitieme opvattinge van staatskap of die rol wat hulle speel in hul state. Die teoretiese bespreking het ook getoon dat ont koppeling 'n swakpunt van akkulturasie is. Verder is dwang en oorreding vergelyk met akkulturasie om sodoende die verskille uit te lig. Daar is geargumenteer dat die institusionele ontwerp gunstige toetsande vir akkulturasie skep. Laastens is daar melding gemaak van Internasionale Betrekkinge studies oor sosialisering. Verskille tussen akkulturasie en Internasionale Betrekkinge teorieë is uitgewys.

Vervolgens verskuif die bespreking na 'n uiteensetting van die vestiging en funksionering van die UPH. Hierdie insigte sal bydra om 'n beter begrip van die funksionering van die instelling te vorm. Vir die doelstellings van die navorsing is só 'n bespreking belangrik, omdat die werkinge en die aard van die UPH noodsaaklik is om meer kennis te verkry oor Suid-Afrika se optrede binne hierdie instelling.

HOOFSTUK 3: DIE VESTIGING EN FUNKSIONERING VAN DIE UNIVERSELE PERIODIEKE HERSIENINGSMEGANISME

3.1 INLEIDING

VN Algemene Vergadering Resolusie 60/251 het die Menseregte Raad in 2006 gestig as 'n filiaal organisasie van die Algemene Vergadering wat 'n plaasvervanger vir die Kommissie vir Menseregte was (Mertus & Mertus, 2009:41). Een van die breër oogmerke van die Menseregte Raad was om “verantwoordelik te wees vir die bevordering van universele respek vir die beskerming van alle menseregte en fundamentele vryhede vir almal”. Hierdie nuwe menseregte evalueringsmeganisme toon die potensiaal om die tekortkominge van die Kommissie op Menseregte aan te spreek deur die beleide van selektiwiteit en politisering te vervang met 'n inter-regering samewerkende platform vir menseregte hersiening (Tomuschat, 2008:38).

Algemene Vergadering Resolusie 60/251 het verder ook onderneem om universele periodieke monitering van alle lidstate in werking te stel (Tistounet, 2020:5). Die Universele Periodieke Hersieningsmeganisme word daarom beskou as 'n belangrike uitkoms van menseregte hervorming. In die lig hiervan, fokus hierdie studie op die effektiewe deelname van Afrika-state tydens die drie siklusse van die UPH, veral in terme van die indentifisering van patrone van akkulturasie wat sigbaar is in die menseregte gedrag van Suid-Afrika in die UPH.

Hierdie hoofstuk verskaf 'n agtergrond tot die vestiging van die UPH. Vervolgens is dit eerstens nodig om aandag te skenk aan die Menseregte Kommissie, aangesien dit onontbeerlik is tot 'n deeglike begrip van hoe hervormingsvoorstelle in reaksie op die tekortkominge van die Kommissie gelei het tot die vestiging van die Menseregte Raad en sy UPH. Die hervormingsvoorstelle van die Kommissie, asook die skep van die UPH word daarom bespreek. Die portuur hersieningsinstelling, as 'n verantwoordbaarheidsmeganisme, word hierna bespreek. Daarna geniet die werkswyse en funksionering van die UPH aandag. Hierdie hoofstuk se fokus is dus om die UPH se sleutelkenmerke uit te lig en daardeur veral klem te plaas op die aspekte inherent daaraan wat toepaslik is vir hierdie studie. Laastens word 'n literatuuroorsig verskaf oor die sienswyses van akademici met betrekking tot die waarde van die UPH.

3.2 AGTERGROND TOT DIE MENSEREGTE RAAD EN SY UNIVERSELE PERIODIEKE HERSIENINGSMEGANISME

3.2.1 Die Menseregte Kommissie

Die ondertekening van die Handves van die VN in 1945 het die stimulus verskaf vir die ontwikkeling van 'n internasionale menseregte regime. Die wêreld was bewus van die gruweldade wat met die Tweede Wêreldoorlog gepaard gegaan het (Tomuschat, 2008:22). Hierdie omstandighede het die VN genoop om menseregte te kodifiseer en 'n spesiale instelling te skep om die bevordering en

beskerming van menseregte op globale vlak aan te spreek (Wallace & Martin-Ortega, 2016:247). Die Handves het in sy aanhef en eerste artikel 'n duidelike gewilligheid aan die kant van stigterstate gereflekteer vir die vestiging van 'n universele raamwerk vir die behoud van menseregte. Hieruit het die VN Kommissie op Menseregte ontwikkel (Tomuschat, 2008:23).

Die Kommissie se mandaat het die beskerming en bevordering van internasionale menseregte voorgestaan (Mertus & Mertus, 2009:41). Die instelling se werk het uit twee komponente bestaan, naamlik die bepaling van standaarde; en die beskerming en bevordering van menseregte (Steiner & Alston, 1996:364). Die vasstelling van standaarde het die Kommissie se werk oorheers gedurende die instelling se eerste twintig jaar. Vanaf 1967 het werksaamhede ook onder andere uitgebrei na die monitering, implementering en bevordering van menseregte (Rhamani-Ocora, 2006:15). Een van die eerste take van die Kommissie in 1946 was egter om 'n "Internasionale Handves van Menseregte" te ontwikkel. In 1948 het die VN Algemene Vergadering die eerste deel van die Internasionale Handves van Menseregte, naamlik die Universele Verklaring van Menseregte, aangeneem (Steiner & Alston, 1996:364). Hierdie dokument het onomwonde die grondslagteks van internasionale menseregte gevorm (Ruggie, 2013: xxix). Nog ander ontwikkelinge kan verbind word aan die positiewe uitwerking wat die Menseregte Kommissie op die bevordering en beskerming van menseregte gehad het.

Vanaf die 1960's het die Kommissie moniteringswerk gedoen, sodat implementering onder die vergrootglas geplaas kon word. Die Kommissie het meganismes geskep en aangewend, insluitende werkgroepe en onafhanklike kundiges (Steiner & Alston, 1996:375). Onafhanklike menseregtekeners is in staat gestel om menseregte aangeleenthede te ondersoek en advies te verskaf. Onafhanklike kundiges het dus 'n belangrike rol vervul om menseregte kwessies op die voorgrond te plaas (Mertus & Mertus, 2009:53). Die Kommissie het ook geskakel met die Kantoor van die VN Hoë Kommissaris van Menseregte om advies en tegniese hulp te bewillig vir lande ten einde hulle menseregte rekord te verbeter (Wallace & Martin-Ortega, 2016:257).

Tesame met bostaande verwickelinge, het 'n wêreldwye bewuswording van wanpraktyke met betrekking tot menseregte ontwikkel en vergrypinge is wyd in die media gepubliseer. Gevolglik het die Kommissie se werk uitgebrei om spesifieke ondersoeke na menseregte te onderneem (Steiner & Alston, 1996:376). In 1967 kon die Kommissie menseregtepraktyke in individuele state sonder toestemming ondersoek indien betroubare klagtes aanhangig gemaak is onder die 1235 Prosedure. Dié prosedure het 'n jaarlikse publieke debat tussen state oor landspesifieke menseregte vergrypinge tot gevolg gehad (Mertus & Mertus, 2009:53).

Die 1503 prosedure is in 1970 geskep, en het 'n vertroulike klagteprosedure vir state, nie-regeringsorganisasies (NRO's) en individue geskep wat tot gevolg gehad het dat klagtes gerig kon word aan die VN menseregte sisteem. Nadat die VN aanvanklik nie voorsiening gemaak het vir NRO's en individue se petisies teen menseregte vergrypinge nie, kon die 1503 prosedure help om meer agentskap te verskaf aan individue en NRO's ten opsigte van die ontbloting van menseregte

skendings (Gaer, 1995:389). Die 1503 prosedure het dit verder ook moontlik gemaak om state te ondersoek en die Kommissie kon aksie neem sonder nasionale samewerking. Met oorgrensvergrypinge het landspesifieke mandate in gebreke gebly om geskik te reageer op alle menseregte vergrypinge (Alston, 2006:187). In reaksie hierop het die Kommissie tematiese mandate geskep om menseregte probleme te ondersoek. Die Kommissie kon wydverspreide vergrypinge van 'n spesifieke reg hanteer (Steiner & Alston, 1996:377). Wydverspreide en sistematiese skendings binne 'n spesifieke land kon ook aangespreek word (Alston, 2006:185). Danksy hierdie uitbreiding van die Kommissie se werk kon daar gereageer word op menseregtevergrypinge en bepaalde standaarde kon geïmplementeer word (Steiner & Alston, 1996:377). Ten spyte van al hierdie positiewe bydraes, was daar ook bepaalde tekortkominge wat uiteindelik gelei het tot die Kommissie se ondergang (Wallace & Martin-Ortega, 2016:257).

3.2.2 Die ondergang van die Menseregte Kommissie

Die Kommissie se finale jare is gekenmerk deur kontroversie en kritiek weens die instelling se toenemende mislukking om 'n bepaalde mandaat te vervul: uitbreiding van internasionale menseregte om meer kwessies te dek, tesame met die instelling se verlies aan geloofwaardigheid, het meegehelp om die doelstellings van die mandaat te verongeluk (Schrijver, 2007:822). Die Kommissie se onvermoë om verandering te bewerkstellig het gelei tot al hoe meer algemene aanvalle op die VN deur konserwatiewe regerings en selfs sommige NRO's. Hierdie negatiewe persepsies het die klem laat val op die oneffektiwiteit van die instelling (Wallace & Martin-Ortega, 2016:257). Met betrekking tot hierdie tekortkominge is die onderstaande probleemareas telkemale uitgesonder.

Eerstens was die aanwesigheid van bekende menseregte vergrypers, wat ook die posisie van lede kon bekleed op die paneel *de rigueur* en gevolglik 'n groot probleem. Aanvanklik is daar by die Kommissie se totstandkoming die aanbeveling gemaak dat die instelling slegs goed gekwalifiseerde onpartydige persone, kundiges of juriste van die menseregteveld moes wees; die rolspelers het 'n hoë mate van onafhanklikheid van die state beskik wat hulle gestuur het (Moss, 2006:11). Hierdie aanbevelings is egter nie in praktyk aangeneem nie. 'n Kompromie het vereis dat alle lede bevestig moes word deur die Ekonomiese en Sosiale Raad om uitstaande kundigheid te verseker. Die Ekonomiese en Sosiale Raad het geen nominasies verwerp nie, wat veroorsaak het dat die Kommissie se lidmaatskap 'n regeringskarakter gehad het (Alston, 2006:190). Afgevaardigdes het hul nasionale agendas vooropgestel en die klem verskuif van die Kommissie se mandaat (Steiner & Alston, 1996:402). Kritiek op die Kommissie se lidmaatskap het 'n groter kwessie geraak, veral nadat die VSA nie in 2001 kon slaag met 'n herverkiesingsbod nie; die VSA moes toe sy sitplek oordra aan Oostenryk wat in daardie tyd blootgestel is aan internasionale ondersoek en kritiek oor menseregte (Schoenbaum, 2006:250).

Roth (2001:20) voer aan dat in reaksie op die lidmaatskap probleem, die Uitvoerende Direkteur van “Human Rights Watch” die volgende opmerking gemaak het:

... stel jou voor ‘n jurie wat moordenaars insluit, of ‘n polisiemag wat grootliks deur verdagte moordenaars gelei word wat vasbeslote is om ondersoek na hul misdade te verhoed. Dit is hartseer dat sulke spektakels nie ver van die realiteit verwyder is by die VN Kommissie op Menseregte nie... dit bevat die ongure ritueel van die wêreld se despote wat skarrel om aan te sluit by ‘n Kommissie wat ironies juis die taak het om menseregteskendings te ondersoek en die wêreld se despote te veroordeel... dit is onnodig om te sê dat sulke regerings nie lidmaatskap soek weens ‘n verbintenis om menseregte oorsee te bevorder of onpeilbare menseregte rekords te verbeter nie. Hulle het eerder by die Kommissie aangesluit om hulself te beskerm teen kritiek en om die instelling se werk te ondermyn.

Tweedens, die Kommissie se mislukking om te reageer op erge menseregtesituasies was tekenend van die onvermoë om ‘n verskil te maak en het verder gelei tot die instelling se verval. Beskuldigings dat die instelling nie menseregteprobleme kon aanspreek nie, was aan die orde van die dag (Dennis, 2003:385-386). In 2005 het die Kommissie vier resolusies teen Sudan, Zimbabwe en die Demokratiese Republiek van die Kongo aangeneem. Die Kommissie het egter erge vergrypinge in ander lande soos Belarus, Kuba, die Demokratiese Republiek van Korea en Myanmar geïgnoreer, grootliks omdat regionale en politieke doelstellings van Kommissielede ‘n struikelblok was dag (Dennis, 2003:385-386). Gebrek aan reaksie op menseregtesituasies het ook op verskeie maniere plaasgevind (Rahmani-Ocora, 2006:16). Ghanea (2006:697) het waargeneem dat state wat menseregte skend toenemende vernuftige metodes gebruik het om aksies deur die Kommissie te vermy. Hierdie metodes het ingesluit onttrekking van voorlopige resolusies deur aksie te blokkeer en stemme teen resolusies. Misbruik van die “nie-aksie mosie” deur lede om te stem teen die neem van aksie op ‘n spesifieke agenda item was ook aan die orde van die dag. Die Kommissie is dus gebruik om ander agendas voor te staan as dié wat deur die mandaat uitspel word oor die beskerming en bevordering van menseregte (Ghanea, 2006:698).

Derdens is landspesifieke besprekings daargestel om die Kommissie toe te laat om spesifieke menseregtesituasies onder die vergrootglas te plaas: besprekings en resolusies het tot gevolg gehad dat die Kommissie kon fokus op erge en sistematiese situasies met betrekking tot menseregte praktyke wat binne ‘n staat plaasvind (Scannella & Splinter, 2007:50). Donnelly (1988:242) het met ander skrywers saamgestem dat sekere lande uitgesonder word vir partydige doeleindes, terwyl ander lande uitgesluit word. Die gebruik van landspesifieke besprekings en resolusies om sekere state aan te spreek, was duidelik waarneembaar in die geval van Israel (Dennis, 2003:384). Alhoewel die meeste waarnemers die ernstige probleme in die Israelse Besette Terreine erken het, het politisering in hierdie verband plaasgevind (Donnelly, 1988:245). Die disproporsionele fokus op Israel het verseker dat die Kommissie tyd spandeer het om te fokus op net een staat en in die proses is ander lande verskans teen ondersoek weens beperkte tyd by die Kommissie se sessies

(Dominguez-Redondo, 2008:721). Druk vir hervorming het dus gevolglik toegeneem (Rahmani-Ocora, 2006:16).

3.2.3 Van Kommissie tot Raad: Hervormingsvoorstelle

By die Kommissie se 61ste sessie het die Sweedse ambassadeur, Calmy-Rey, 'n beroep gedoen vir die vervanging van die Kommissie met 'n Menseregte Raad. Vyf dae later het Kofi Annan in sy 2005 verslag, "*In Larger Freedom: Towards Security, Development and Human Rights for All*", dieselfde idee gepropageer met die voorstel dat menseregte primêr is aan veiligheid en ontwikkelingskwessies en dat dit as sulks gehanteer moet word by alle VN sessies (Alston, 2006:223). Annan het verder ook die interafhanklikheid van sekuriteit, ontwikkeling en menseregte pertinent gestel en was beslis dat geeneen bereik kan word sonder die ander nie (Ghanea, 2006:698). Annan het hierdeur die belangrikheid van menseregte beklemtoon deur menseregte se posisie as die derde pilaar van die VN te bevestig. Die verslag het die uitbreiding van menseregte dus sentraal binne die VN sisteem geplaas en dit duidelik gemaak dat nuwe en ou meganismes, soos tegniese ondersteuning of instellingsbou, nie suksesvol sal wees waar die basiese beginsel van beskerming van menseregte aktief geskend word nie (Ghanea, 2006:699). Ongeag verskeie aspekte van die VN menseregte masjinerie, was die sterkste hervormingsbeginsels duidelik gerig op die Kommissie op Menseregte se tekortkominge (Scanella & Splinter, 2007:69).

Die 2005 Wêreldberaad van Staatshoofde en Regerings het bestaan uit wêreldleiers wat almal saamgestem het oor fundamentele veranderinge gerig op die VN se mandaat. Die Wêreldberaad het ten doel gehad om kwessies binne die VN menseregtesisteem aan te spreek deur die skep van 'n nuwe Menseregte Raad om skendings van menseregte, insluitende groot en sistematiese vergrypinge, te hanteer en aanbevelings daarop te maak (Schoenbaum, 2006:277). Die Wêreldberaad het versoek dat die Algemene Vergadering onderhandelings moes begin om die Menseregte Raad as instelling te skep en praktiese uitvoerbaarheid te vestig. Drie hoofareas vir voorstelle het 'n aanduiding gegee van die ernstigste kritiek op die Kommissie, soos byvoorbeeld die meganismes en verrigtinge (Alston, 2006:188).

Een area wat gevolglik hervorming nodig gehad het was die instelling se meganismes en verrigtinge. Annan was ten gunste van die konsep van 'n Menseregte Raad wat verantwoordelikheid neem vir 'n portuurbeoordelingsproses om die totstandkoming van elke staat se menseregte verpligtinge te assesser. Annan het verduidelik dat die "Kamer van die Portuurbeoordelings hersiening en evaluering sal moet doen van elke staat se nakoming van sy menseregte verpligtinge en die Menseregte Verbondsliggaam se rapporteringsprosedure komplementêr en nie dupliseer nie" (Boyle, 2009:119). Volgens Annan moes die hersieningsmeganisme 'n proses wees waardeur state vrywillig deelneem aan besprekings oor menseregtekweesies in hul onderskeie lande en dat dit gebaseer moes wees op verpligtinge en verantwoordelikhede om daardie regte te bevorder en te beskerm onder die Handves en soos wat dit voorkom in die Universele Verklaring van Menseregte (De Frouville, 2011:241).

Die 2005 Wêreld Beraad Uitkomsdokument het die VN se verbintenis tot die versterking van menseregte deur die skep van 'n Menseregte Raad herbevestig wat verantwoordelik sou wees vir die “bevordering van universele respek vir die beskerming van menseregte en fundamentele vryhede vir almal sonder onderskeid van enige soort en op 'n regverdige en gelyke manier”. As President van die VN het Kofi Annan “oop, deursigtige en inklusiewe” onderhandelings uitgevoer om “die mandaat, modaliteite, funksies, grootte, samestelling, lidmaatskap, werksmetodes en prosedures van die Raad” te vestig (Boyle, 2009:119-120). Verder is dit voorsien dat 'n Portuurhersieningsmeganisme politisering sou uitwis deur die skep van 'n universele proses waar elke staat verantwoordelik gehou word vir die volledige spektrum van menseregte en daardeur elke staat “hersien teen dieselfe kriteria” (Mertus & Mertus, 2009:53). Met die skep van die UPH het die Menseregte Raad die taak gekry om te besluit oor die regsbasis, volgorde, modaliteite en funksies van die hersiening (Wallace & Martin-Ortega, 2016:258).

3.2.3.1 *Besprekings oor die struktuur van die Universele Periodieke Meganisme*

Afrika-state was aktiewe deelnemers toe daar in verskeie werkgroepe onderhandel is gedurende die Menseregte Raad se eerste sessie vanaf 19 Junie tot 30 Junie 2006. Hulle was betrokke by die vestiging van die Raad se institusionele prosedurele raamwerk. Onderhandelinge oor die modaliteite van die UPH het plaasgevind in 'n werkgroep wat deur die Menseregte Raad daargestel is (Jonas, 2012:428). Tydens die onderhandelings het Afrika, sowel as nie-Afrika-state, die voorbeeld van die Afrika Portuur Beoordelingsmeganisme voorgedra as 'n moontlike model vir die vasstelling van die aard van die UPH (Abebe, 2009:5).

Die definisie vir die vorm en modaliteite was egter 'n onderwerp van groot meningsverskille en besprekings. Hierdeur is die Raad se oogmerk ontspoor om die hersieningsproses in die eerste siklus te begin. Tesame hiermee het die deelname van NRO's en ander menseregte meganismes ook gelei tot vele besprekings. Afrika-state het 'n staatsgedrewe proses voorgestaan, terwyl ander state deelname van die NRO's verkies het (Joseph & Jenkin, 2019:94). Nóg 'n kwessie was die kritiek op die idee van die werwing van nuwe en bykomende verslae vir die UPH. Daar is geargumenteer dat die hersiening slegs gerig moet wees op 'n ondersoek na state se voorlegging aan bestaande Menseregte Verbonde (McMahon, 2012:1).

Die slotsom is bereik dat die UPH nie 'n verbondspesifieke regime is nie (dit is dus nie beperk tot die toepassing van 'n stel menseregte norme volgens die verbonde nie), maar dat dit 'n wye spektrum van normatiewe standaarde en kwessies dek (Joseph & Jenkin, 2019:94). Deur Menseregte Raad Resolusie 5/1 word die normatiewe raamwerk vir die hersiening nie beperk tot menseregte verbonde waartoe die staat onder hersiening 'n party is nie, maar het 'n groter fokus wat ook die Handves van die VN insluit. Ander state, insluitende lede van die Afrika-groep en sommige westerse state soos die VSA, het daarop aangedring dat die normatiewe basis vir die hersiening eksklusief menseregte norme moes wees. Die instelling se bouteks het uiteindelik voorsien dat die UPH toepaslike internasionale humanitêre reg in ag moet neem (Abebe, 2009:10-11).

Akademici, soos Wallace en Martin-Ortega (2016:259) het kennis geneem van ooreenkomste tussen die UPH en die periodiese rapporteringsprosedure wat deur die Kommissie tussen 1956 en 1981 gebruik is. Hierdie UPH hersiening van 1956 het van state vereis om “elke drie jaar ‘n verslag aan die Sekretaris-generaal te verskaf wat ontwikkelings en vooruitgang wat bereik is beskryf in terme van implementeringstandaarde van die Universele Verklaring van Menseregte gedurende die voorafgaande drie jare”. Op 17 Desember 1980 het die Algemene Vergadering die vroeë meganismes afgeskaf nadat internasionale menseregte verbode onderhandel is en die verbondsliggaam sisteem begin ontwikkel het (Szurlej, 2013:10).

Daar is primêre verskille tussen hierdie vroeëre rapporteringsmeganisme en die UPH. Toe die Menseregte Raad die opdrag gekry het om sestig jaar later ‘n UPH te vestig, het die Algemene Vergadering gestipuleer dat die hersiening veronderstel is om “die werk van die Verbondsliggame te komplementeer en nie te dupliseer nie” en hierdeur die belangrikste rede moet aanspreek waarom die vorige meganisme ontbind is. In kontras met die oorspronklike meganisme, het die UPH ‘n breër omvang en word verbind aan portuurhersiening. Nog ‘n verskil is dat die vorige meganisme slegs gebaseer was op verslae wat deur die betrokke staat voorberei is, terwyl die UPH aangevul word deur verslae wat ‘n samestelling is van VN dokumentasie en ‘n opsomming van aandeelhouers se verslae wat voorberei is deur die Kantoor van die Hoë Kommissaris van Menseregte (OHCHR, 2006:3). Die UPH word dus gesien as ‘n unieke meganisme. Die voormalige Hoë Kommissaris van Menseregte, Louise Arbour, is van mening dat die UPH ‘n formidabele respons is op meeste van die kritiek wat gerig was teen die Kommissie en meld dat dit “‘n middel kan voorsien vir die ondersoek na die implementering van regte” (Abebe, 2009:6).

Na afloop hiervan is die VN Algemene Vergadering Resolusie 60/251 uitgevaardig op 6 April 2006 en het die UPH tot stand gebring as ‘n universele en interregering portuurbeoordelingsproses. Hierdie resolusie het vermeld dat ‘n universele periodieke hersiening onderneem moes word wat objektiewe en betroubare informasie as vertrekpunt neem ter vervulling van elke staat se menseregte verpligtinge en verbintenisse. Die werkswyse moes universaliteit van dekking en gelyke behandeling van alle state insluit. Verder moes die hersiening gekenmerk word deur samewerking op ‘n basis van interaktiewe dialoog en moes kapasiteitsboubehoeftes in aanmerking geneem word (Joseph & Jenkin, 2019:94). Die meganisme sou ook die werk van Verdrae Liggame komplementeer en nie dupliseer nie. Verder sou die Menseregte Raad modaliteite en tyd toeken aan die UPH binne een jaar na afloop van die eerste sessie. Resolusie 60/251 het die werkswyse van die UPH aan die Menseregte Raad oorgelaat om dit in verdere besonderhede uit te stippel, waarvoor voorsien word in Resolusie 5/1 (Tistounet, 2020:11). Vervolgens word die Menseregte Raad se UPH, as ‘n verantwoordbaarheidsinstelling vir portuurhersiening, bespreek.

3.3 MEGANISME VAN DIE MENSEREGTE RAAD: UNIVERSELE PERIODIEKE HERSIENINGSMEGANISME

3.3.1 Die portuurhersieningsinstelling en verantwoordbaarheid

Internasionale menseregte wetgewing verskaf 'n bepreking oor mag: "Waar daar mag is, moet daar verantwoordbaarheid wees.... Menseregte gaan oor die beskerming van individue en groepe teen onderdrukkende mag." (Kinely & Tadaki, 2004:1021). Gevolglike spreek Vandebogaerde (2016:54) die volgende mening uit: "Gegewe hierdie basiese missie van internasionale menseregte reg, is die beslissende maatstaf vir die uitsondering van state as menseregte pligsdraers of hulle mag uitoefen of in 'n posisie is om so te doen". Internasionale menseregte wetgewing is dus van toepassing op alle state wat mag het of mag uitoefen. 'n Soortgelyke siening is deur Mcbeth (2008:73) gehuldig: "Effektiwiteit van menseregte vereis dat alle entiteite wat daartoe in staat is om inbreuk te maak op menseregte daarvan weerhou word om so te doen".

Dit moet in berekening gebring word dat die proses van verantwoordbaarheid uit drie dimensies of drie fases bestaan, naamlik: 'n standaard dimensie; inligting dimensie; en sanksie/straf dimensie wat materieel of sielkundig van aard kan wees. Die verantwoordbaarheidsmeganismes moet dus op internasionale vlak hierdie drie dimensies teenwoordig hê ten einde oorweeg te word as 'n verantwoordbaarheidsproses (Rubenstein, 2007).

3.3.2 Die drie dimensies van verantwoordbaarheid

Rubenstein (2007) se studie het drie dimensies van verantwoordbaarheid geïdentifiseer. Vervolgens word hierdie aangeleentheid bespreek.

3.3.2.1 Standaard dimensie

Die standaard dimensie van 'n verantwoordbaarheidsverhouding verwys na die norme waarteen 'n staat verantwoordbaar gehou sal word. Standaarde waaraan die staat moet voldoen, mag reëls, norme en uitkomstes insluit (Vandebogaerde, 2016:54). Volgens Rubenstein (2007:619) is dit 'n belangrike vereiste vir beide rolspelers, omdat dit nodig is dat verantwoordbaarheidshouers die standarde onderskryf en dat die state onder hersiening hierdie standarde as standarde erken in 'n verantwoordbaarheidsmeganisme en hul legitimiteit aanvaar. Gesien in die lig hiervan, kan standaard verantwoordbaarheid soos volg gedefinieer word: "rolspeler A, die staat, is verantwoordbaar teenoor rolspeler B (die verantwoordbaarheidshouer). Rolspeler A word gewoonlik gekonfronteer met 'n sanksie vir die mislukking om volgens rolspeler B se erkende standarde op te tree" (Rubenstein, 2007:618).

3.3.2.2 Inligting dimensie

Nadat standaard vasgestel is, verkry rolspeler B (verantwoordsbaarheidshouer) inligting oor of rolspeler A (die staat) aan hierdie standaard voldoen het (Rubenstein, 2007:619). Die inligting dimensie van verantwoordbaarheid verwys na die proses waardeur die verantwoordbaarheidshouer en die staat onder hersiening inligting uitruil. Dit is die insameling van inligting oor of die staat aan daardie standaard voldoen het. Hierdie dimensie word gekenmerk deur 'n verpligting aan die kant van die staat onder hersiening om inligting aan die verantwoordbaarheidshouer te voorsien (Rubenstein, 2007:617). Daar moet onthou word dat inligting oor nakoming voorsien kan word deur die staat en ander verantwoordbaarheidshouers, soos verskillende NRO's en derde partye (Rubenstein 2007:623). Sonder so 'n verpligting sal hierdie dimensie nie deel vorm van 'n verantwoordbaarheidsproses nie, maar sal slegs 'n beskrywing wees van 'n vrywillige uitruil van inligting. Gevolglik is daar nie sprake van 'n ware verantwoordbaarheidsproses wanneer rolspelers nie onder 'n verpligting is om inligting uit te ruil met verantwoordbaarheidshouers nie (Vandenbogaerde, 2016:27).


3.3.2.3 Sanksie/straf dimensie

Die derde dimensie wat te doen het met sanksies fokus op kwessies wat natuurlik meer konfronterend van aard is, omdat, dit nie net 'n verduideliking vereis nie, maar ook poog om sanksies toe te pas of te straf indien daar onbehoorlike gedrag is (Rubenstein, 2007:618).

By die sanksie dimensie van verantwoordbaarheid is die opvatting hieromtrent negatief van aard. Dit word gewoonlik gebruik om die negatiewe response te beskryf, soos ekonomiese sanksies en embargo's. Sanksies word beskou as konfronterend, omdat dit nie verduideliking benodig nie, maar straf tot gevolg het indien daar ongewenste gedrag bespeur word (Bovens, 2007:448). In hierdie verband verwys Rubenstein (2007:618) na "rolspeler A (die staat) wat verantwoordbaar is vir sy hantering van rolspeler C (die slagoffer). Indien rolspeler A gekonfronteer word met belangrike en voorspelbare sanksies vir die mislukking om rolspeler C te hanteer volgens erkende standaard". Siekundige sanksies aan die ander kant moedig gedrag aan wat beskou word as geskik en probeer om gedrag wat nie hieraan voldoen nie te verhoed (Vandenbogaerde, 2016:30). Daarom is sielkundige sanksies enige reaksies deur andere op die gedrag van 'n groep wat die doelstelling het om te verseker dat voldoen word aan 'n gegewe sosiale norm of praktyk (Rubenstein, 2007:618).

3.3.3 Vorme van verantwoordbaarheid

Daar word dikwels onderskei tussen die verskillende vorme van verantwoordbaarheid. 'n Algemene onderskeid wat relevant is, kan gemaak word wat die belangrikste verhouding tussen verantwoordbaarheidshouers en state illustreer. Soos in Figuur 3.1 geïllustreer, kan die belangrikste onderskeid in verantwoordbaarheid getref word tussen horisontale en vertikale verantwoordbaarheid. Die direkte skeiding tussen horisontale en vertikale verantwoordbaarheid word bepaal deur vas te stel of die verantwoordbaarheidsverhouding te doen het met 'n hiërargiese (vertikale) verhouding of eerder 'n portuur-tot-portuur verhouding tussen outonome magte (Vandenbogaerde, 2016:55).



Figuur 3.1: Onderskeid tussen vertikale en horisontale verantwoordbaarheid

Bron: Skrywer.

3.3.3.1 Vertikale verantwoordbaarheid

Vertikale verantwoordbaarheid kan gesien word in 'n verhouding tussen ongelyke rolspelers. Daar is twee fundamentele benaderings tot vertikale verantwoordbaarheid wat na vore kom: "n Onderskeid kan gesien word tussen van onder-na-bo en van bo-na-onder vertikale verantwoordbaarheid. 'n Bo-na-onder benadering tot verantwoordbaarheid verwys na die benadering waar "...diegene wat in beheer is, die wat vir hulle werk verantwoordbaar hou" (Weiss, 2007:259). Verantwoordbaarheid kan byvoorbeeld verbind word aan die algehele doel om agente te laat optree volgens die wense van hulle meerdere. Die tradisionele vorm van verantwoordbaarheid is dus baie verskillend van dit wat menseregte akademici oor die algemeen verstaan onder verantwoordbaarheid (Mulgan, 2002:563).

'n Ander vorm van vertikale verantwoordbaarheid beweeg in die teenoorgestelde rigting en word beskryf as die onder-na-bo benadering. Internasionale mensregte wetgewing is gebou op 'n vertikale verpligting van die staat teenoor die individue onder sy jurisdiksie. Verantwoordbaarheid in menseregte wetgewing val gevolglik binne in die onder-na-bo benadering tot verantwoordbaarheid (Mulgan, 2003:26). Die individue se klagte prosedures onder die internasionale verantwoordbaarheidsregimes is 'n voorbeeld hiervan (Vandenbogaerde, 2016:31).

3.3.3.2 Horisontale verantwoordbaarheid

Terwyl vertikale verantwoordbaarheid 'n verhouding tussen ongelyke rolspelers beskryf, impliseer horisontale verantwoordbaarheid outoriteit van 'n soortgelyke status (Mulgan, 2003:26). Die internasionale regsraamwerk is 'n voorbeeld van so 'n horisontale verantwoordbaarheid. State kan mekaar verantwoordbaar hou vir vergrypinge van internasionale menseregte. Onder internasionale reg is state gelyk. Dit is op hierdie basis dat Afrika-state of state oor die algemeen waargeneem kan word as eweknieë (Jonas, 2012:428). Hierdie studie fokus op 'n horisontale verantwoordbaarheidsverhouding wat verband hou met 'n portuur-tot-portuur verhouding tussen outonome magte.

3.3.4 Portuurhersiening: Horisontale verantwoordbaarheid

Hier word veral gefokus op portuurhersiening onder state as 'n meganisme om nakoming met internasionale reëls te bevorder. Portuurhersiening onder state word deesdae toenemend in globale regering gebruik. Die proses bestaan uit "die sistematiese ondersoek en assessering van die optrede van die staat deur ander state met die uiteindelijke doel om die staat wat hersien word te help met verbetering met die maak van beleide, aanneem van beste praktyke, voldoening aan gevestigde internasionale standaarde en beginsels" (Pagani, 2002:15). Dit is die standaard dimensie van verantwoordbaarheid. Die portuurhersiening kan dus help om die implementering van internasionale verbonde en ander regsbindende instrumente te moniteer (Vandenbogaerde, 2016:54).

Portuurhersiening word gekenmerk deur eienskappe, soos state wat inligting verskaf oor hul ondervindinge met die implementering en konformering tot internasionale standaarde en beleidspraktyke. Dit is die inligtingsdimensie van verantwoordbaarheid (Rubenstein, 2007:617). Die inligting word geassesseer deur ander state van die portuurhersieningsgroep. State hou gevolglik mekaar verantwoordbaar vir byvoorbeeld skending van internasionale menseregte norme (Mulgan, 2003:26).

Hierna ontvang state wat hersien word aanbevelings oor hoe hulle te werke kan gaan om hulle gedrag met betrekking tot 'n bepaalde kwessie, soos byvoorbeeld menseregte, te verbeter. Dikwels is dit deur hierdie proses dat beste praktyke geïdentifiseer word (Pagani, 2002:15). Dit is belangrik dat alle betrokkenes deur dieselfde oefening gaan en dat die lande onder hersiening dus nie voel dat hulle uitgesonder word nie (Vandenbogaerde, 2016:54).

Hierdie sagte benadering van die portuurhersiening kan vanuit 'n internasionale perspektief as meer effektief bewys word sover dit die aanmoediging tot nakoming met aanbevelings aangaan. Portuurhersiening kan net behoorlik funksioneer as daar 'n verbintenis is tot optrede deur die deelnemende lande. Dit beteken egter nie net die voorsiening van genoegsame geld om die optredes uit te voer nie, maar ook om ten volle betrokke te wees by elke stadium in die proses.

Die gereelde besprekings onder lidlande skep 'n sekere dinamiese druk op portuurgroepe om op te tree volgens die raad wat hulle ontvang het. Indien state se gedrag nie konformeer tot die verwagtinge van die instelling nie, word die staat in die verleentheid gestel – dit is die straf dimensie van verantwoordbaarheid (sielkundige koste) (Rubenstein, 2007:618). Die oogmerk is om dialoog aan die gang te kry tussen lande in 'n nie-teëstander omgewing. Portuurdruk is die dryfkrag wat die hersiening effektief maak. Die invloed van hierdie meganisme word veral sterker wanneer die uitkoms van die hersiening aan die publiek openbaar word (Carraro, 2019:1091). Die betrokkenheid van die media en publieke ondersoek is belangrike bydraende faktore tot die sukses van die hersieningsproses (Roesdahl, 2017:423).

Die portuurhersiening is 'n samestelling van die aktiwiteite van verskillende rolspelers, die groep waarin die hersiening onderneem word, die land wat hersien word, die hersiener lande, asook die Sekretariaat. Die proses word onderneem binne die raamwerk van 'n hersieningsliggaam, soos die Komitee werkgroep. Die land wat hersien word gee sy samewerking deur dokumente en data beskikbaar te maak, te reageer op vrae en versoeke vir self-assessering en ook kontakte en besoeke te fasiliteer (Pagani, 2002:20). Die rol van die hersiener lande is om die kollektiewe liggaam te verteenwoordig in die eerste stadium van die proses en om leiding te verskaf in die debat. Die sekretariaat tree op as 'n bewaarder van die historiese geheue van die portuurhersiening. Die onafhanklikheid, deursigtheid, akkuraatheid en analitiese kwaliteit van die organisasie se werk is onontbeerlik vir die effektiwiteit en geloofwaardigheid van die portuurhersiening (Carraro & Jogen, 2018:616).

Daar is dus vier kenmerke waaroor alle portuurhersienings moet beskik, wat soos volg deur Pagani (2002:15) beklemtoon word:

1. 'n Basis van verrigtinge, soos byvoorbeeld 'n besluit of 'n versoek deur 'n internasionale organisasie om die hersiening uit te voer, of spesifieke verbondsvoorsienings wat die portuurhersiening benodig as 'n metode om staatsnakoming te assesser;
2. 'n Stel regsinstrumente, beleidsriglyne of beginsels wat die standaard vorm waarteen state geassesseer word;
3. Spesifieke rolspelers wat die hersiening uitvoer – normaalweg ander state; en
4. Prosedures wat bepaal hoe die portuurhersiening uitgevoer moet word.

3.4 DIE FUNKSIONERING VAN DIE UNIVERSELE PERIODIEKE HERSIENINGSMEGANISME

Die UPH kan ook 'n portuurhersiening-verantwoordbaarheidsmeganisme genoem word. In hierdie verantwoordbaarheidsproses tree state op as verantwoordbaarheidshouers, sowel as pligdraers (Vandenbogaerde, 2016:147). Die UPH toon kenmerke van 'n inter-staatsproses, omdat state die rekeninghouers sowel as die draers van mag is. Die hersiening is dus 'n portuurhersieningsproses en nie 'n hersiening deur onafhanklike kundiges, soos gevind in die verbondsgebaseerde staatrappoteringsprosedure nie. Die prosedure is staatsgesentreerd en ken slegs 'n beperkte rol toe aan die ander relevante aandeelhouers in die werkgroep. Hierdie rolspelers mag relevante inligting indien en die UPH werkgroep sessies bywoon. Voor die aanname van die verslag mag byvoorbeeld NRO's die geleentheid kry om algemene kommentaar en aanbevelings te maak. Hulle kan egter nie tussenbeide tree en mondelings vrae rig en aanbevelings maak gedurende die UPH werkgroep verrigtinge nie. Dit volg hieruit, dat die ruimte vir verantwoordbaarheidshouers anders as die staat beperk is (Shah & Sivakumaran, 2021:264). Hierdie rolspelers het dus duidelik aansienlik minder geleentheid om die hersiening te beïnvloed. Magsdraers, anders as state, word ook nie ingesluit in die proses nie en nie-staatsrolspelers kan gevolglik nie verantwoordbaar gehou word deur hierdie prosedures nie (Martin, 2014:256).

3.4.1 Die Universele Periodieke Hersieningsmeganisme se mandaat

Algemene Vergadering Resolusie 60/251 verskaf 'n uiteensetting van die mandaat van die Raad:

“...om 'n universele periodieke hersiening te onderneem, gebaseer op doelstellings en betroubare inligting van die vervulling deur elke staat van sy menseregte verbintnisse en verpligtinge op 'n manier wat universaliteit van dekking verseker en gelyke behandeling met verwysing na alle state; die hersiening sal 'n samewerkende meganisme wees, gebaseer op 'n interaktiewe dialoog, met die volledige betrokkenheid van die land wie dit raak en met oorweging wat geskenk word aan sy kapasiteitsbou behoeftes; so 'n meganisme sal aanvul en nie die werk van Verbondsliggame dupliseer nie” (OHCHR, 2006: 60/251: para 5(e)).

Hierdie proses van die UPH toon bepaalde kenmerke, soos hieronder uiteengesit. Daar moet onthou word dat die funksionering gebaseer is op bepaalde “beginsels van die UPH” proses.

3.4.2 Beginsels van die Universele Periodieke Hersiening

Daar is 'n aantal beginsels wat riglyne aan die UPH verskaf gedurende die verskillende stadia van sy werksaamhede. Die volgende moet ingesluit word:

- Die universaliteit, inter-afhanklikheid en onverdeelbaarheid en inter-verbandhoudenheid van alle menseregte moet bevorder word.
- Dit moet 'n samewerkende meganisme wees, gebaseer op objektiewe en betroubare inligting en interaktiewe dialoog.
- Universele dekking en gelyke behandeling van alle state moet verseker word.
- Die proses moet inter-regerings, VN-lidgedrewe en aksie georiënteerd wees.
- Die staat onder hersiening moet volledig betrokke wees.
- Ander menseregte meganismes moet gekomplementeer en nie gedupliseer word nie, ten einde waarde toe te voeg.
- Die UPH moet uitgevoer word op 'n objektiewe, deursigtige, nie-selektiewe, konstruktiewe, nie-konfronterende en nie-gepolitiseerde wyse.
- Die UPH moet nie 'n oordrewe las op die betrokke staat of die agenda van die Raad wees nie.
- Die UPH moet nie oordrewe lank wees nie; dit behoort realisties te wees en nie 'n disproporsionele hoeveelheid van tyd en menslike en finansiële hulpbronne absorbeer nie.
- Die UPH moet nie die Menseregte Raad se kapasiteit verminder om te reageer op dringende menseregte situasies nie.
- Die UPH moet ten volle 'n geslagsperspektief te integreer.
- Die UPH moet die vlak van ontwikkeling en spesifiekhede van die staat in ag neem.
- Die UPH moet die deelname van alle relevante aandeelhouers verseker, insluitende NRO's, in samehang met Algemene Vergadering Resolusie 60/251 en Ekonomiese Sosiale Raad Resolusie 1996/31, sowel as enige besluite wat die Menseregte Raad in hierdie verband mag neem (OHCHR, 2006: 60/251: para 2-3).

3.4.3 Periodisiteit

Volgens Joseph & Kyriakakis (2010:2) verwys periodisiteit na die neiging van 'n gebeurtenis of reeks gebeurtenisse om herhaaldelik op 'n vasgestelde manier plaas te vind. Siklus een van die UPH was vier jaar, wat toegelaat het dat 48 state jaarliks hersien word. Die tweede siklus is uitgebrei tot vier en 'n half jaar, wat 'n aanvang geneem het in Mei 2012, en sal voortgaan tot November 2016 en ruimte geskep het vir 42 state om elke jaar hersien te word. Die derde siklus is onderneem vanaf 2017 tot 2021 (Tistounet, 2020:5). Hieronder volg 'n uiteensetting van die orde waarin die hersiening plaasvind.

3.4.3.1 Orde van die Hersiening

Die volgorde waarin state hersien word is onderhewig aan die beginsels van universaliteit en gelyke behandeling. Resolusie 5/1 maak gebruik van onderstaande bepalings om die orde van die hersiening te bepaal (Charlesworth & Larking, 2014:2):

- Alle lidstate van die Raad sal hersien word gedurende hul termyn van lidmaatskap.
- Die aanvanklike lidstate van die Raad, veral diegene wat verkies is vir een of twee jaartermyne, sal eerste hersien word.
- 'n Samestelling van lidstate en waarnemer state van die Raad moet hersien word.
- Gelyke geografiese verspreiding moet gerespekteer word in die keuse van lande vir hersiening.

3.4.3.2 Basis van die Hersiening


Elke staat word ondersoek op die basis van die volgende (Tistounet, 2020:6):

- Die Handves van die VN;
- Die Universele Verklaring van Menseregte;
- Die menseregte instrumente wat die staat onderteken het;
- Die staat se gewillige ondernemings en nakomings, insluitende (waar relevant) daardie wat onderneem is toe kandidate voorgestel is vir verkiesing tot die Raad; en
- Toepaslike internasionale humanitêre reg.

Die UPH is gevolglik nie die skepping van 'n verbond nie – dit het eerder 'n uitgestrekte fokus wat verby daardie menseregte en norme strek wat in 'n verbond vervat sou word (Shah & Sivakumaran, 2021:267). Dit vind aansluiting by Resolusie 5/1 wat lui dat die normatiewe raamwerk nie beperk is tot menseregte verbonde waartoe 'n staat onder hersiening 'n party is nie. Die UPH het 'n wyer dekking wat vrywillige pleidooie en verbintenisse, gemaak deur die staat onder hersiening, insluit. Gegewe die aanvullende en wedersydse interverbandhoudende aard van internasionale menseregte reg en humanitêre reg, oorweeg die hersieningsproses ook humanitêre reg waar geskik (OHCHR, 2007: A/HRC/RES/5/1: para 1(d)). Vervolgens word die werskwyse van die UPH bespreek.

3.4.4 Modus operandi van die Universele Periodieke Hersieningsproses

Die UPO se *modus operandi* bestaan uit vyf fases soos opgesom in Figuur 3.2 (Joseph & Jenkin, 2019:85). Die verskillende fases word vervolgens breedvoerig bespreek.



Figuur 3.2: Die UPH-proses

Bron: Joseph & Jenkin, 2019:85.

3.4.4.1 Fase 1: Voorbereiding en samestelling van verslae vir die staat onder hersiening

Die eerste fase fokus op dataversameling oor die menseregte situasie (De Schutter, 2010: 1146). Elke hersiening is gebaseer op drie dokumente waarna verwys word as “verslae”. Die eerste een word opgestel deur die staat self. Alhoewel dit gewoonlik in ‘n geskrewe formaat is, kan dit ook mondelings gedoen word in ‘n uitsonderlike geval. Die tweede en die derde verslae word aangebied deur die Kantoor van die Hoë Kommissaris van Menseregte. Die tweede verslag is ‘n samestelling van die inligting wat voorsien word deur Verdragsliggame, Spesiale Prosedures en ander amptelike VN dokumente. Die laaste verslag is ‘n opsomming van addisionele, geloofwaardige en betroubare inligting wat voorsien word deur nasionale menseregte instellings en nie-regeringsorganisasies. Na voltooiing, word die drie verslae ingehandig (Joseph & Jenkin, 2019:85).

3.4.4.2 Fase 2: Hersiening van die staat deur die Menseregte Raad werkgroep

Tydens die tweede fase moet die staat onder hersiening ‘n nasionale verslag deur ‘n interaktiewe sessie voor die Menseregte Raad lewer (De Schutter, 2010: 1146). Die werklike hersiening van die state vind plaas in die werkgroep van die UPH. Aangesien die UPH ‘n portuur-hersieningsmeganisme is, mag slegs state deelneem in die interaktiewe dialoog wat georganiseer is deur die werkgroep. Ander aandeelhouers mag die hersiening bywoon sonder moontlike deelname. Die groep bestaan dus uit die Raad se 47 lidstate en die voorsitter is die president van die Menseregte Raad. Drie twee-week sessies vind elke jaar plaas, met 16 state wat hersien word tydens elke sessie, dus ‘n totaal van 48 state elke jaar. Die werkgroep het vir die eerste keer in April 2008 bymekaar gekom (Tistounet, 2020:19).

‘n Drie-uur interaktiewe dialoog sessie vind tussen state onder hersiening en die waarnemer state van die Raad plaas (Charlesworth & Larking, 2014:5). ‘n Groep van drie rapporteurs (Troikas) lei die hersiening van elke staat. Vir elke staatshersiening word ‘n ander Troika gevorm. Troika lede is afkomstig van verskillende VN streeksroepe, wat geselekteer word deur die trek van ‘n lootjie onder die Menseregte Raad se lidstate. Die Kantoor van die Hoë Kommissaris van Menseregte verleen hulp aan die Troika met die uitvoering van hul taak. State kry ook die geleentheid om skriftelike kwessies oor ‘n staat onder hersiening voor sy hersiening te opper. Die Troika ontvang hierdie vrae en as hulle so besluit, word die vrae in groepe ingedeel. Die Troika stuur dan die vrae na die Sekretariaat van die UPH, wat dit dan weer aanstuur na die staat onder hersiening (nie later as tien werksdae voor sy hersiening nie). Die vrae word ook gestuur aan die Raad se lidstate en waarnemer state (Joseph & Jenkin, 2019:86).

Tydens die hersiening het die lidstate en waarnemer state twee ure om vrae te vra en aanbevelings voor te stel aan die staat onder hersiening (De Schutter, 2010: 1147). Die staat onder hersiening het een uur om ‘n aanbieding (wat inligting kan verskans of byvoeg tot sy hersiening) aan die werkgroep te doen, te reageer op vrae en aanbevelings vooraf en gedurende die interaktiewe dialoog voor te stel, asook om opinies te gee na afloop van die hersiening. Na die interaktiewe dialoog oor elke

staat, skeep die Troika 'n uitkomsdokument oor die hersiening, met die hulp van die UPH Sekretariaat, asook die betrokkenheid van die staat onder hersiening (Charlesworth & Larking, 2014:5).

Die uitkomsdokumente sluit 'n opsomming in van die verrigtinge van die hersiening en/of aanbevelings, asook enige vrywillige nakomings en ondernemings wat gemaak is deur die staat onder hersiening (Joseph & Jenkin, 2019:85). Elke hersiende staat word die geleentheid gebied om aan te toon of die betrokke staat die aanbevelings, wat vervat is in die uitkomsdokument, aanvaar of verwerp (Charlesworth & Larking, 2014:6).

Die aanbevelings is 'n integrale deel van die UPH, want dit is die proses waardeur VN lidstate voorstelle gedurende die interaktiewe dialoog maak (Storey, 2018:43). Dit hou verband met die wyses waarop die staat onder hersiening menseregte op 'n beter manier kan bevorder en beskerm (De Schutter, 2010: 1147).

Die aanbevelings wat aanvaar word deur die staat sal die kern wees van die opvolg tot sy UPH en sal die daaropvolgende hersiening onderskryf (Storey, 2018:43). In hierdie proses is die Troika ook belangrik en kan help om "kwessies te groepeer... om te verseker dat die interaktiewe dialoog plaasvind op 'n geordende manier" (Tistounet, 2020:20).

In die praktyk word aanbevelings "aanvaar" of "van kennis geneem". Laasgenoemde aanbeveling is in wese 'n *de facto* verwerping. Dit is 'n wyer kwessie binne die UPH proses, omdat Resolusie 5/1 dit uiteensit dat sulke opeenvolgende hersienings gebaseer is op aanbevelings wat aanvaar is in die vorige siklus – dit beteken dat state prakties kan optree wanneer hulle oorweeg om aanbevelings te aanvaar of daarvan kennis te neem en dit te gebruik om die aanspreek van sekere menseregte kwessies te vermy (Storey, 2018:43). Dit kan uiters frustrerend raak, maar die nie-verpligtende kenmerke van die UPH en dat die aanbevelings nie bindend is op state nie, laat sulke state toe om hul soewereine mag te behou en het tot dusver 100% samewerking van state verkry (Tistounet, 2020:20).

Sommige state het nie daarin geslaag om betrokke te wees by die aanbevelingsproses nie. In sy eerste hersiening het Noord-Korea nie 'n enkele aanbeveling aanvaar nie en Israel het slegs drie aanbevelings aanvaar en kon ook nie duidelike antwoorde vir ander aanbevelings verskaf nie. Hierdie gebrek aan betrokkenheid by die aanbevelings is teleurstellend omdat ander state wel goed deurdagte en konstruktiewe aanbevelings aan beide lande gemaak het (Larking, 2015:32). In samehang met hierdie bekommernis is dit so dat sommige state sal reageer op aanbevelings deur daarop aanspraak te maak dat hulle alreeds regte erken het, wanneer dit nie die waarheid is nie. Om afwysend te wees met betrekking tot aanbevelings kan potensieel die hele UPR hersieningsproses ondermyn (Charlesworth & Larking, 2014:14-15).

Daar is egter baie min leiding van die VN met betrekking tot die aanbevelings, veral ten opsigte van die formulering van aanbevelings, die lengte en omvang van detail wat ingesluit moet word. Resolusie 5/1 stel dit duidelik dat aanbevelings so geïdentifiseer moet word dat die ondersteuning

van die betrokke staat geniet sal word. Kennis sal geneem word van ander aanbevelings, tesame met die kommentaar van die betrokke staat daaroor. Verder sal die uitkomsverslag insluit wat aangeneem is deur die Raad. Die feit dat die VN nie voorskriftelik is in die formulering van die aanbevelings nie, blyk problematies te wees vir die potensiaal van implementering (Storey, 2018:43).

Omrede daar nie amptelike leiding oor die inhoud van die aanbevelings is nie, word probleme ondervind met die formulering en voorstel van aanbevelings. Aanbevelings sal grootliks te breed wees, wat daarop dui dat dit onwaarskynlik sal lei tot werklike spesifieke aksie (Storey, 2018:43). Volgens Chayes en Chayes (1998:321) kan implementering nie plaasvind sonder duidelike riglyne van die internasionale organisasie nie. Die skrywers voer verder in hierdie verband aan dat aanbevelings tot hulp kan wees vir die bereiking van die oorhoofse oogmerk van die UPH (implementering, om sodoende die werklike menseregte situasie te verander) as dit spesifiek en meetbaar is. In die lig hiervan word daar in Hoofstuk 4 van hierdie studie ondersoek of daar 'n verbetering in terme van die spesifiekheid van die aanbevelings oor die drie siklusse was. Dit hou verband met Suid-Afrika se implementering van die Afrika-groep se eed.

3.4.4.3 Fase 3: Voorbereiding van die hersiening se uitkomsverslag

Volgens Vandenbogaerde (2016:148) behels die derde fase 'n voorlopige verslag van uitkomstes wat bereik is met betrekking tot die staat onder hersiening. Na voltooiing van die hersiening, word 'n verslag saamgestel. Hierdie verslag bestaan uit alle aanbevelings wat deur alle sprekers gemaak is. Slegs daardie aanbevelings wat mondelings gemaak is in die konteks van die publieke vergadering, word ingesluit. Indien die spreker onderbreek word voor die einde van 'n stelling, word die gedeelte van die aanbevelings of stellings wat nie formeel voorgelê is nie, nie in die verslag ingesluit nie. Die staat onder hersiening kan hierdie aanbevelings wat gemaak is, aanvaar of verwerp. Die staat onder hersiening moet die aanbevelings identifiseer wat sy ondersteuning geniet. Al die ander word net oorweeg as opgemerk – hierdie aanbevelings word nie aanvaar nie en word verwerp deur die staat onder hersiening, alhoewel VN terminologie nie sulke terme gebruik nie (Joseph & Jenkin, 2019:85). Alhoewel vindingryke terminologie gebruik mag word, gaan die Raad voort op die basis dat daar slegs twee kategorieë van aanbevelings is. Die state onder hersiening mag enige tyd die werkgroep inlig oor sy besluit; dit vind plaas by die werkgroep of by die Raad se *plenêre* vergadering. Die laaste optrede is wanneer die finale uitkoms van die hersiening deur die Raad aangeneem word (De Schutter, 2010:1147).

3.4.4.4 Fase 4: Aanneem van die hersiening se uitkomsverslag voor die vollediger Menseregte Raad

Die vierde fase van die hersiening word gekenmerk deur 'n bespreking oor die finale uitkoms by die Menseregte Raad sessie. Die finale uitkoms van die hersiening word aangeneem deur die *plenêre* vergadering van die Raad. Die Raad verskaf 'n een-uur segment aan elke staat onder hersiening – dit word ingedeel in drie dele van 20-minute elk. Die staat onder hersiening kry 20 minute wat hulle mag organiseer soos wat hulle verkies. Die lede en die waarnemers van die Raad kry ook 20 minute

(De Schutter, 2010: 1146). Die lys van die sprekers van die tweede segment word georganiseer deur die trek van lootjies op die Buro vlak, waar dit verstaan word dat diegene wat nie kan praat nie hulle geskrewe stellings op die internet mag plaas. Elkeen van die 47 lidstate word toegelaat om kommentaar te lewer oor die uitkomsverslag en NRO's kan ook algemene bydraes lewer. Hierna word die uitkomsverslag finaal aangeneem (Tistounet, 2020:11).

3.4.4.5 Fase 5: Opvolgstadium

Die laaste fase van die hersiening is die opvolgstadium waartydens die staat die aanvaarde aanbevelings moet implementeer. Hierdie proses help met doelwitbereiking, wat kan lei tot die verbetering van die menseregte situasie. Die staat onder hersiening is verantwoordelik om die uitkoms van die UPH, tesame met internasionale kapasiteitsbou en tegniese ondersteuning, te laat realiseer. Dit is belangrik dat hieropvolgende hersienings nie moet nalaat om die implementering van vorige aanbevelings te monitor nie (Joseph & Jenkin, 2019:95). Vanaf die tweede hersiening word daar verwag dat die hersienings sal fokus op die implementering van die voorafgaande siklus. Hierdie studie het egter net gefokus op die hersienings- en implementering fase van die UPH proses, naamlik Fase 2 en Fase 5. In hierdie hele proses (soos uitgebeeld in Figuur 3.2) is state belangrike aandeelhouers.

3.4.5 State as belangrike aandeelhouers

State se rolle en take in die UPH word oor die algemeen vervat in die amptelike dokumente wat aangeneem is deur verskillende VN organe en word aangevul deur stellings in verband met prosedurele modaliteite by die President van die Menseregte Raad (Joseph & Jenkin, 2019:86). Semi-amptelike riglyne aan state oor rapportering word voorberei deur die Kantoor van die Hoë Kommissaris vir Menseregte. In praktyk is afwykings van norme en ideale nie ongewoon nie (Shah & Sivakumran, 2021:264). Volgende word 'n kort beskrywing van die staat se rol gegee, asook hoe die praktiese implementering ontwikkel het.

State word onderwerp aan twee rolle in die UPH proses. Dit is wanneer hulle hersiening ondergaan en deelneem in hersienings van hul portuur state. State onder hersiening moet 'n duidelike uiteensetting gee van hul menseregte regsraamwerk. Hul implementeringspraktyk voor hulle hersiening moet ook duidelik in hul verslag weergegee word (Joseph & Jenkin, 2019:86). Regerings moet self die burgerlike gemeenskap en Nasionale Menseregte Instellings betrek wanneer daar gerapporteer word. Riglyne vir staatsverslae word voorsien deur die Kantoor van die Hoë Kommissaris vir Menseregte (Vengoechea-Barrios, 2008:101).

Tydens die internasionale hersieningsproses word daar van state verwag om kennis te neem van kommentaar, vrae en aanbevelings wat verband hou met hul staatsverslag. Ander verslae, soos byvoorbeeld 'n verslag oor inligting van die verbondsliggame, sowel as insette van die land se Nasionale Menseregte Instelling en NRO's, is ook belangrik (Joseph & Jenkin, 2019:86). Laastens, word die staat onder hersiening versoek om 'n aanduiding te gee van watter aanbevelings

ondersteun word. Die staat moet so vroeg as moontlik 'n geskrewe verslag indien, voor die sessie van die Menseregte Raad se *plenêre* vergadering; hierdeur word ander aandeelhouers die beste geleentheid gebied om vir hulle intervensies voor te berei, sodat dit ooreenstem met die staat onder hersiening se planne en bedoelings. Alle state berei egter nie so 'n geskrewe lys van gewillige verbintenisse in verband met aanbevelings van die werksgroep voor nie. Dit is belangrik dat sulke aanvaarde aanbevelings die staat onder hersiening moet verbind en die aanbevelings ook geïmplementeer moet word in die opvolgfase van die hersiening (Tistounet, 2020:11).

Dit volg hieruit dat die kwaliteit en impak van die hersieningsproses afhanklik is van die wil en die vermoë van die staat onder hersiening om te voldoen aan die doelstellings van die meganisme. Ander state is ook belangrike rolspelers in beheer van die interaktiewe hersieningsessies (Tistounet, 2020:12). Alle lidstate mag deelneem deur geskrewe vrae aan die staat onder hersiening te rig of deur mondelinge deelname by die werksgroep en later by die Menseregte Raad *plenêre* sessie. State kan kies om verskillende rolle in die hersiening te vervul – hul begrip van menseregte en prioriteite in verhouding tot menseregte speel hier 'n rol (Joseph & Jenkin, 2019:87). Volgende sal nagegaan word of regsritualisme 'n rol speel in die UPH proses.

3.4.6 Regsritualisme

Regsritualisme kom gedurig voor in die internasionale menseregte sisteem (Larking, 2015:372). Regsritualisme word ook in die literatuur beskou as een van die problematiese uitdagings vir die UPH proses (Charlesworth & Larking, 2014; Kälin, 2014). Volgens Brainthwaite, Makkai en Brainthwaite (2007:7) beteken regsritualisme die “aanvaarding van institusionele betekenis ten einde regulatoriese doelstellings te verseker, terwyl alle fokus verloor word om die doelstellings of uitkomstes self te bereik”.

Charlesworth en Larking (2014:15) skryf ook oor ritualisme en pas dit toe op die UPH. Daar word geargumenteer dat regsritualisme 'n algemene respons is op 'n ooglopende verwerping van menseregte standarde en instellings. Regsritualisme word beskou as 'n manier om die taal van menseregte voor te staan om ondersoek na menseregte vergrypinge af te weer en daardeur verantwoordbaarheid vir menseregte skendings te laat afneem (Charlesworth & Larking, 2014:16). Regsritualisme is dus 'n duidelike respons wat die verwerping van menseregte standarde en instellings tot gevolg het (Larking, 2015:372).

Terselfdetyd word positiewe reputasie voordele verbind aan menseregte verbintenisse. Praktyke van regsritualisme kan state se ratifisering van menseregte verbonde insluit, sonder dat hulle voorsienings binnelands implementeer. In die konteks van die UPH, is regsritualisme die aanvaarding van aanbevelings, sonder om dit te implementeer (Kälin, 2014:41). Voorgenoemde skrywer verwys na ritualisme as 'n proses van verslae en vergaderings, maar met 'n onverskilligheid teenoor die toenemende beskerming van menseregte.

In teenstelling met bogenoemde opvattinge, is Tistoune (2020) en Carraro (2019) van mening dat die UPH 'n uitstekende maatstaf van sukses vir portuur-verantwoordbaarheid is, omdat dit die meganisme se kenmerke van samewerking en inklusiwiteit is wat kan lei tot 'n ware bespreking van menseregte vergrypinge. Tog neig die UPH proses na ritualisme weens sy politieke aard as 'n proses wat heeltemal staatsgedrewe is. Nieteenstaande kan die UPH se ritualisme ook menseregte waarneming afweer of uitstel (Charlesworth & Larking, 2014:6). Hierby word die risiko van ritualisme byna in elke hersiening van baie verskillende state gevind (Kälin, 2014:39). In Hoofstuk 4 word ritualisme uitgelig deur te kyk of Suid-Afrika aanvaarde aanbevelings implementeer het.

Vervolgens word opinies van akademici oor die effektiwiteit van die UPH bestudeer. Positiewe, sowel as negatiewe bydraes, word in hierdie verband verduidelik.

3.5 LITERATUUROORSIG VAN DIE UNIVERSELE PERIODIEKE HERSIENINGSMEGANISME

Ten spyte van die onlangse totstandkoming van die UPH is daar tog heelwat literatuur hieroor beskikbaar. Sedert die UPH se totstandkoming word die meganisme in die literatuur gekritiseer. Hierdie kritiek is gebaseer op die aanname van die meganisme wat grootliks op samewerking staatmaak vir die monitering van state se menseregte nakoming. Sodanige kritiek bied verskillende perspektiewe op die werking van die UPH, sodat die vermoë van die meganisme om verandering aan die werklike menseregte situasie te bewerkstellig, onder die vergrootglas geplaas kan word. Alle vakkundiges huldig egter nie dieselfde opvattinge omtrent die potensiaal van die UPH om nakoming van menseregte te bewerkstellig nie. Positiewe sowel as negatiewe opinies word in die hieropvolgende bespreking uitgelig.

Sommige akademici is van mening dat die UPH nie waarde bydra tot die bevordering en beskerming van menseregte nie, omdat dit afhanklik is van die goedgesindheid van state en dat dit 'n afbrekende effek het op ander menseregte meganismes. Volgens hierdie siening is die UPH institusioneel swak en moet daar aanpassings gemaak word sodat dit vervang kan word deur 'n nuwe instelling wat state ondersoek en hulle verantwoordelik hou vir menseregte vergrypinge (Collister, 2014:109). Rana (2015:41) het voorspraak gemaak vir 'n sterker meganisme wat staatsmenseregte oortreders kan verantwoordbaar hou, terwyl Nowak (2011b:226) geargumenteer het dat samewerking en dialoog nie menseregte vergrypinge deur state kan ondersoek nie.

Abebe (2009:35) het kritiek uitgespreek oor die deelname van Afrika-state aan die UPH. Hy was van mening dat Afrika-state die sisteem gemanipuleer het gedurende die vormingsjare toe hulle NRO deelname in die proses probeer beperk het, betrokke was by streeksdinamika en die politiek van onderhandeling gevoer het deur nie mekaar te kritiseer tydens die hersiening van Afrika-state nie. Afrika-state was ook geneig om algemene aanbevelings te formuleer wat moeilik is om te meet. Hierdie neiging, volgens die skrywer, van die Afrika-groep om te steun op groep alliansie om ware ondersoek na hulle menseregte situasie te vermy, kan nie dui op 'n effektiewe UPH nie (Abebe,

2009:35). Tog moet genoem word dat Abebe se analise beperk was tot die eerste twee sessies. Teen die einde van UPH I, II en III is daar dus 'n omvattende analise nodig omtrent die mate van Afrika-state se deelname om 'n beter oordeel te fel oor die effektiewe deelname van Afrika-state in die UPH. Bulto (2014:236) het ook 'n analise gedoen oor Afrika se betrokkenheid by die UPH. Hy het bevind dat die Afrika-state meer betrokke is by die UPH as by ander menseregte meganismes. Volgens hom is die rede hiervoor die beheer wat state het tydens die UPH proses. Bulto het verder waargeneem dat state se betrokkenheid 'n gebrek aan opregte verbintenis toon. Die skrywer het egter nie deurlopend teoretiese verklarings gebied wat Afrika-state se gedrag verklaar nie (Bulto, 2014:254).

Smith (2014:346) het genoem dat regionalisme 'n bydraende faktor is wanneer die deelname van Afrika-state in die UPH bestudeer word, in weerwil van die universaliteit van die meganisme. Die skrywer het ook verwys na regionalisme wat voorkom in 'n internasionale organisasie wanneer 'n groep van interafhanklike state 'n sub-groep binne die hoof-organisasie vorm. Freedman (2014:68) is van mening dat regionalisme met negatiewe omhul word omdat dit die werk van die VN ondermyn. Jonas (2012:453) het ook in hierdie verband gesê dat die Afrika-groep gebruik maak van regionale alliansies om weg te doen met die ondersoek na menseregte toestande van hul streeksportuurgroepe in die Menseregte Raad, sowel as in die meganisme van die UPH. Alhoewel daar 'n risiko van regionalisme is in die sin dat polarisasie plaasvind en die UPH se effektiwiteit belemmer word weens samewerking tussen streeks-groepe, het Smith (2014), Freedman (2014) en Jonas (2012) nie die positiewe uitkomstes van regionalisme wat in die UPH proses verkry kan word in aanmerking geneem nie.

Terman (2019:1) het ook die reaksie van state op aanbevelings kritiseer (hierin word verwys na die afwesigheid van duidelike response deur sommige state). Terman is van mening dat sonder duidelike response die UPH nie kan slaag in sy doelstelling om verbeteringe in die beskerming van menseregte te bewerkstellig nie- dit dui op tekens van regsritualisme. Mislukking deur state in die maak van duidelike verbintenisse beperk die Menseregte Raad se vermoë om die werklike vooruitgang na te gaan (Terman, 2019:1).

Schokman en Lynch (2014:146) het die opvatting regverdig dat die effektiwiteit van die UPH alreeds ondermyn is deur die politiek van die Menseregte Raad. Daarom doen die organisasie 'n beroep op die UPH om 'n groter rol aan die NRO's toe te ken tydens die hersieningsproses. Die NRO's blyk 'n deurslaggewende rol te speel in die vermindering van partydigheid, sodat alle state op gelyke gronslag beoordeel word. Nowak (2007:251) is ook van mening dat die UPH benadeel word deur state se optrede met betrekking tot menseregte wat geassesseer word deur state en nie deur onafhanklike kundiges nie. Volgens Nowak (2007:251) word die werk van verbondsliggame en spesiale prosedures hierdeur verongeluk. Die skrywer is dus oortuig daarvan dat die monitering van menseregte implementering die beste gehanteer word deur menseregte kundiges eerder as deur state.

Dit volg uit bogenoemde kritiek dat sienings gegenerer is voor die hersiening begin het of dalk slegs tydens die eerste paar sessies van die eerste siklus. Waarnemings tydens die eerste, tweede en derde siklusse behoort daarom 'n meer ewewigtige beeld te skep oor die effektiwiteit oor die UPH. Skrywers uit die kritiese groep het egter waardevolle bydraes gelewer in terme van onderhandelings tydens die vestigingsera van die UPH, die struktuur van die UPH en bydraes oor wat gedoen moet word om die effektiwiteit van die UPH te verhoog. Aan die ander kant is daar akademië wat 'n gunstiger opvatting omtrent die UPH huldig en dit beskou as 'n meganisme met positiewe kenmerke. 'n Akademikus wat positiewe opvatting omtrent die effektiwiteit van die UPH huldig, is Professor MacMahon. Hy het een van die eerste empiriese analises onderneem toe hy die eerste siklus van die UPH ontleed het en gefokus het op die kwaliteit van UPH aanbevelings en die response deur alle state. Hy was oortuig dat die UPH tasbare voordele vir menseregte beskerming en bevordering inhou danksy die universele en hoë vlak van staatsbetrokkenheid, asook die konstruktiewe dialoog tussen sommige regerings en die burgerlike gemeenskap. Hy het egter ook melding gemaak van die gebrek aan spesifiekheid van aanbevelings en aanvullende benaderings wat gevolg is deur Afrika-groepe tydens die hersiening van hul streeksportuurgroep. Hy het dit egter duidelik gemaak dat die UPH in staat is om te ontwikkel tot 'n robuuste meganisme omdat state die proses ernstig opneem (McMahon, 2012:27-28).

Dominguez-Redondo (2008:734) het 'n soortgelyke ondersoek soos dié van McMahon onderneem en tot soortgelyke gevolgtrekkings gekom. Die navorser het dit beklemtoon dat die effektiwiteit van die UPH bepaal sal word deur die mate waartoe die state deelneem in die UPH proses en die werklike menseregte situasie daardeur verbeter. Smith (2013:1) het aangevoer dat die UPH oor die potensiaal beskik om die legitimiteit van internasionale menseregte monitoring te verbeter, omdat die meganisme ook magtige state blootstel aan ondersoek met betrekking tot hul menseregte praktyke. Die UPH het ook 'n 100% deelname van state tot gevolg gehad. Hierdeur het die UPH erken dat menseregte nie net 'n binnelandse kwessie is nie, maar ook 'n aangeleentheid van internasionale verantwoordbaarheid (Charlesworth & Larking, 2014:7).

Tóg is empiriese navorsing wat die mate waartoe UPH aanbevelings geïmplementeer word, nie so wyd nagevors nie. Meeste van die navorsing bestaan uit enkele gevallestudies deur praktisyns. In hierdie verband is Frazier (2011:27) positief ingestel teenoor state se implementering van aanbevelings; die skrywer het 'n studie onderneem waar hy die implementeringsvlak van aanbevelings in nege lande nagegaan het. Die navorser het bevind dat die UPH wel menseregte op die grond verbeter het, soos met Fiji se nietigverklaring van die doodsvonnis.

Dit is dus duidelik dat die meeste akademië fokus op die effektiwiteit van die UPH. Daarom het hierdie navorsingstudie gepoog om die bestaande debat oor die effektiwiteit van die UPH aan te vul. Dit is gedoen deur die effektiwiteit van die meganisme tydens UPH I, II en III te evalueer in terme van Suid-Afrika se betrokkenheid. Hierdeur spreek die studie die tekortkoming in die literatuur aan,

aangesien die meeste studies slegs op siklus I en II fokus. Verder vul hierdie studie ook die gebrek aan teoretiese geleide studies aan.

3.6 SAMEVATTING

Die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk het 'n historiese konteks verskaf om te verstaan hoekom die UPH proses in die eerste plek tot stand gekom het. Verduideliking is gegee oor hoekom die Menseregte Raad se voorganger, naamlik, die Kommissie op Menseregte, afgeskaf is. Die tweede gedeelte het die UPH as instelling beskryf, te wete 'n verantwoordbaarheidsinstelling vir portuurhersiening. Die derde gedeelte het die meganika en modaliteite van die UPH verduidelik.

Die UPH is 'n portuurhersieningsinstelling wat bevorderlik is vir verantwoordbaarheid. Dit is 'n meganisme van die Menseregte Raad en word gekritiseer ten opsigte van politisering en selektiwiteit. Die meganisme word gebruik om die rekords van die VN lidstate periodies te hersien volgens die Handves van die VN, Universele Verklaring van Menseregte, Menseregte Verbonde waartoe die betrokke state 'n party is, toepaslike internasionale humanitêre reg en vrywillige beloftes. Die hersieningsproses word verbind aan die beginsels en doelstellings van Menseregte Raad Resolusie 5/1.

Lidstate en waarnemer state hou state onder hersiening verantwoordbaar in ooreenstemming met internasionale menseregte standaarde deur die voorstelling van aanbevelings tydens 'n interaktiewe dialoog gelei deur 'n portuurgroep en wat gebaseer is op verslae wat ingedien is deur die betrokke staat. Hierby word gevoeg 'n opsomming van die aandeelhouers se verslae en 'n VN dokument wat voorberei is deur die Hoë Kommissaris vir Menseregte. State onder hersiening kan ook die geleentheid gebruik om vrywillige beloftes te maak ten einde hul eie menseregte rekords te verbeter.

Laastens, het 'n literatuuroorsig van die effektiwiteit van die UPH, inligting verskaf ten opsigte van die ondersteuning vir die meganisme, asook struikelblokke wat nog aandag moet geniet.

Die volgende hoofstuk fokus op die ontleding van Suid-Afrika se optrede binne die UPH. Daar word veral aandag gegee aan Suid-Afrika se implementering van die eed wat hulle onderneem het met die Afrika-groep, asook die aanbevelings wat aan Suid-Afrika gemaak is deur state van die organisasie. Die manier waarop teoretiese aannames van die teorie van akkulturasie neerslag gevind het word ondersoek in die analise van Suid-Afrika. Die klem val op die land se effektiewe optrede met betrekking tot menseregte gedrag tydens die tweede en vyfde fases van die UPH.

HOOFSTUK 4: STAATSBETROKKENHEID BY DIE UNIVERSELE PERIODIEKE HERSIENINGSMEGANISME: DIE EFFEKTIWITEIT VAN SUID-AFRIKA SE OPTREDE

4.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk ondersoek Suid-Afrika, as 'n sleutel rolspeler van die Suidelike Afrika-streek, se betrokkenheid by die UPH van die Menseregte Raad. Suid-Afrika is een van die langsdienende lede van die Menseregte Raad (UPR Info, 2021:2).

Hierdie hoofstuk se fokuspunt is Suid-Afrika se betrokkenheid by die hersienings- en implementeringstadium van die UPH proses. Elke siklus begin met konsultasies tussen Suid-Afrika en die relevante aandeelhouers vir die indiening van nasionale- en aandeelhouersverslae. Hierdie verslae, asook 'n samestelling van die VN dokumentasie, is belangrik vir die bespreking tussen lidstate en waarnememer state wanneer voortgegaan word met die interaktiewe dialoog (Joseph & Kariakakis, 2010:17). 'n Uitkomsverslag wat verband hou met aanbevelings en vrywillige verbintenisse wat die gevolg is van die dialoog word voorberei deur die VN werksgroep. Die Menseregte Raad neem hierdie dokumente aan tydens sy *plenêre* vergadering (Tistounet, 2020:11). Daar word van state onder hersiening verwag om aanvaarde aanbevelings te implementeer. State en relevante aandeelhouers verrig 'n belangrike funksie in die monitering en opvolg van staatsimplementering van die uitkoms van die hersiening (Tistounet, 2020:12).

Die manier waarop teoretiese aannames van die teorie van akkulturasie neerslag vind in die analise van Suid-Afrika is ondersoek. Die klem het geval op die land se effektiewe optrede met betrekking tot die implementering van beloftes en aanbevelings tydens die drie siklusse van die UPH. Op so 'n manier is die breë patrone en neigings in Suid-Afrika se UPH betrokkenheid ondersoek (siklusse I, II en III tot Mei 2020), wat dan weer op sy beurt 'n aanduiding gee het van die mate waartoe die land bydra tot die effektiwiteit van die organisasie. Aangesien Suid-Afrika se beloftes verband hou met die verbetering van spesifiekheid van die aanbevelings wat die staat maak, is die aksie kategorieë van McMahon gebruik om die verskillende aanbevelings se verbetering in kwaliteit na te gaan. Die Implementering Aanbevelingsindeks, soos gebruik deur UPR Info (2012), is aangewend om die implementering van aanbevelings te bepaal. In die loop van die hieropvolgende analise word genoemde analiseringsmeganismes verder toegelig. Vervolgens verskuif die bespreking na 'n kort agtergrond van Suid-Afrika se menseregte gedrag.

4.2 AGTERGROND VAN SUID-AFRIKA SE MENSEREGTE GEDRAG

Na 45 jaar se apartheidsregime het Suid-Afrika in 1994 'n demokratiese oorgang beleef. Aangesien apartheid gekenmerk is deur groot menseregte vergrypinge, het dit tot die verwagting gelei dat die land in die toekoms sou dien as 'n simbool van hoop vir die bevordering van menseregte (Borer & Mills, 2011:76). Hierdie optimisme oor Suid-Afrika se respek vir menseregte kan verbind word aan President Mandela se waardegebaseerde buitelandse beleid met 'n spesiale voorneme om die VN te versterk en die waardes wat die organisasie voorstaan, te bevorder in terme van menseregte en geregtigheid. Suid-Afrika se Grondwet het ook 'n Handves van Menseregte ingesluit. Die ses hoof-internasionale menseregte verbonde wat bestaan het teen die tyd van die totstandkoming van die Grondwet het ooreengekom met die taal en inhoud van die Handves van Menseregte (Melber, 2014:131). Mashabane, die voormalige Minister van Internasionale Betrekkinge en Samewerking, het 'n stelling gemaak by die 16de sessie van die VN Menseregte Raad dat die Suid-Afrikaanse regering hulself beskou as 'n onderskrywer van die bevordering van menseregte en dat die land erns het met die internasionale menseregte agenda (Human Rights Watch, 2011:18).

Die optimisme wat bespeur is deur die post-apartheid era met betrekking tot die vooruitgang van menseregte, was miskien 'n bietjie voortydig. Suid-Afrika se post-apartheid menseregte beleid het kenmerke van teenstrydighede getoon, wat ingesluit het die "stille diplomاسie" in respons op die onderdrukking en opheffing van die oppergesag van die reg in Zimbabwe (Schoeman & Alden, 2003:29). Die ontkenningssposisie van Thabo Mbeki oor HIV/Vigs en Suid-Afrika se kontroversiële wapenverkrygingsprogramme, binnelandse xenofobie en die dreigende onttrekking aan die Internasionale Strafreghof is nog voorbeelde van hierdie teenstrydighede (Nathan, 2005:361). Met verwysing na binnelandse xenofobie is Suid-Afrika veral gekritiseer deur NRO's vir hul onvermoë om die xenofobiese aanvalle in 2008 af te weer en 'n herhaling in 2015 en 2019 te voorkom (Crush, 2020:13).

Nog teenstrydighede in Suid-Afrika se menseregte praktyke was die toename in geweld en diskriminasie gebaseer op seksuele oriëntasie in weerwil van die wettige erkenning van dieselfde geslag verbintenisse (Mbazira, 2009:22). Verder is instellings wat deur die Grondwet geskep is om die afdwinging van menseregte te monitor, gekritiseer, omdat hulle misluk het om hul magte te gebruik en vir die gebrek aan regeringsondersteuning. Baie vakkundiges (Heyns & Brand, 2005; Mbazira, 2009) het egter die Suid-Afrikaanse Konstitusionele Hof geloof vir hul aktiewe betrokkenheid in die afdwinging van sosio-ekonomiese regte. Ten spyte hiervan was die regering onwillig om besluite oor sosio-ekonomiese regte met erns te bejeën (Dugard, 2014:123). Gevolglik beskou menseregte akademië, soos Jordaan (2014), Suid-Afrika se menseregte verbintenisse vanuit drie perspektiewe.

Die eerste perspektief se vertrekpunt is dat Suid-Afrika nog steeds 'n sterk verbintenis tot die menseregte saak het. Suid-Afrika word beskou as 'n model internasionale burger wat menseregte bevorder, net soos Swede en Kanada (Brysk, 2009:171). Landsberg (2010:436) het ook opgemerk dat, alhoewel Suid-Afrika geskukkel het met die verantwoordelikheid om te beskerm en te operasionaliseer, die land nog steeds 'n ywerige kampioen van hierdie norm is.


Die tweede perspektief beskou Suid-Afrika as nie meer of minder verbind tot menseregte as ander demokrasieë nie. Suid-Afrika is dus in hierdie geval verbind tot menseregte wanneer die land se nasionale belange ter sprake kom (Black, 2001:76). Dit mag verklaar hoekom Suid-Afrika, ten spyte van die bydrae van die land in die ontwikkeling van die Internasionale Strafreghof, 'n beweging gelei het om die genoemde hof te verhoed om 'n arrestasie dagvaarding uit te reik aan die president van Soedan, Omar Al Bashir, en gevolglik hom nie gearresteer het nie (Ngari, 2017:4).

Die derde perspektief huldig 'n opvatting dat Suid-Afrika slegter daaraan toe is as ander demokrasieë. Volgens hierdie siening het Suid-Afrika 'n land geword wat regerings met swak menseregte rekords beskerm en die internasionale menseregte saak benadeel (Gerson, 2008:2). Jordaan se 2014 analise van Suid-Afrika se optrede in die Menseregte Raad onderskryf voorgenoemde stelling. Die skrywer kritiseer Suid-Afrika vir die mislukking om onderdrukkende regerings vir spesifieke landmandate uit te sonder (Jordaan, 2014:122). Volgens Jordaan (2014:98) het dit voorgekom asof Suid-Afrika glo dat selektiewe uitsondering teenproduktief is. Dit onderstreep ook die argument wat gemaak is in Hoofstuk 1 dat die selektiewe uitsonderingsbenadering sekere beperkinge het, omdat die idee van dubbele standaarde hierdeur geskep word.

Volgens Bulto (2014:236) is Afrika-lande geneig om die UPH te ondersteun as gevolg van die meganisme se universele, inklusiewe en samewerkende benadering tot menseregte implementering. In hierdie verband toon Suid-Afrika dieselfde sentiment (Jordaan, 2020:83). Vervolgens was dit belangrik om lig te werp op die breë patrone en neigings wat sigbaar is in Suid-Afrika se UPH menseregte betrokkenheid, wat dan weer op sy beurt 'n aanduiding gee van die mate waartoe die land bydra tot die effektiwiteit van die organisasie. Dit is gedoen deur die teorie van akkulturasie in te span om sekere menseregte gedragpatrone te verklaar.

Figuur 4.1 verskaf 'n voorstelling van die twee variante van akkulturasie wat 'n aanduiding gee van 'n behoefte om oorweging te skenk aan die intra-identifikasie wat 'n land kan hê met sy streeksgroep, sowel as die ekstra-identifikasie met die internasionale gemeenskap, wat die portuurgroep van die UPH vorm. Eerstens word gefokus op interne druk en daarna op eksterne druk.

Vervolgens word hierdie twee komponente van akkulturasie van naderby beskou.



Figuur 4.1: Ekstra- en Intra-identifikasie met 'n verwysingsgroep

Bron: Skrywer.

4.3 AKKULTURASIE DEUR INTERNE KOGNITIEWE DRUK (INTRA-IDENTIFIKASIE)

4.3.1 Interne kognitiewe druk

Soos reeds genoem in Hoofstuk 3 verbind Goodman en Jinks (2013:25) akkulturasie met identifikasie met 'n verwysingsgroep. Interne kognitiewe druk word veroorsaak deur sosiale sielkundige koste van nie-konformiteit (soos dissonansie geassosieer met optrede wat nie konsekwent is met 'n rolspeler se identiteit of sosiale rolle nie). Sosiaal-sielkundige voordele van die konformerings tot groepsnorme en verwagtinge soos die “kognitiewe gerief/vertroosting” wat geassosieer word met lidmaatskap tot 'n waargenome groep (Goodman & Jinks, 2013:26). Goodman en Jinks (2013:542) het die volgende tekens van akkulturasie beklemtoon:

- Die bestaan van 'n verwysingsgroep moet teenwoordig wees tot wie se norme en gedrag daar gekonformeer word.
- Nabootsing (wanneer state mekaar naboots) moet teenwoordig wees. Die staat tree op soos die verwysingsgroep beplan om op te tree of soos wat die groep in werklikheid optree. Dit kan toegeskryf word aan akkulturasie wat verband hou met druk om te konformeer, en konformiteit wat nabootsing skep.
- “Ortodoksie” kom na vore, omdat state optree as gevolg van 'n gevoel van geskiktheid.
- In die geval van akkulturasie deur interne druk, behoort daar implementering te wees.

4.3.2 Akkulturasie deur interne druk: Implementering van die Afrika-groep se eed

Volgens McNeilly (2021:3) is 'n eed of belofte wat deur die staat onder hersiening gemaak is ook deel van die UPH proses. Daar word tussen twee tipes beloftes onderskei: Eerstens, state wat hul kandidatuur aan die Menseregte Raad tydens verkiesings indien, moet pogings wat gemaak is en gemaak sal word aandui in die area van menseregte bevordering en beskerming. Hierdie belofte is deel van die basiese elemente waaruit die hersiening bestaan; dit is op dieselfde basis as internasionale kovensies waartoe die staat 'n party is. Tweedens, die staat mag enige tyd verbintenisse gedurende die hersieningsproses onderneem. Dit mag gedoen word in die nasionale verslag in die afdeling wat sy prioriteite uiteensit, asook verbintenisse om die menseregte situasie te verbeter (Shah & Sivakumaran, 2021:265). Cowell (2021:274) het aangevoer dat die staat ook verbintenisse mag aangaan wanneer samevattende opmerkings gemaak word, byvoorbeeld by die einde van die interaktiewe dialoog. Die eed wat afgelê is deur die Afrika-groep ressorteer onder laasgenoemde tipe.

In 2013 en 2017 het 89 VN lidstate, insluitende die Afrika-groep, hulle vrywillig daartoe verbind om altyd hoë kwaliteit aanbevelings aan ander state te gee deur te verseker dat al hul aanbevelings presies en implementeerbaar is (OHCHR, 2013; 2017). Die eed was in respons op die spesifiekheid van UPH aanbevelings wat 'n knelpunt is in die debat oor die effektiwiteit van die meganisme. 'n Vergadering in hierdie verband het in 2008 plaasgevind (Pillay, 2021:5).


Tydens die vergadering tussen lede van die nege VN Menseregte Verdragsliggame, is daar gefokus op gemeenskaplike bekommernisse en die deel van beste praktyke. Deelnemers het in hierdie verband besorgdheid uitgespreek dat die onlangs gestigte UPH proses die outonomie van ander menseregte instellings, soos die Verbondsliggame sou bedreig en hulle onafhanklikheid in die weegskaal plaas (Pillay, 2021:1). Volgens Charlesworth en Larking (2014:10) kon hierdie vrees verbind word aan die UPH se staatsgesentreerde rituele wat ontwerp is om die samewerking van state te kry deur te verseker dat die staat betrokke is by al die stadia van die proses, insluitende die besluit oor watter aanbevelings die staat formuleer. Dikwels lei dit tot 'n finale aantal aanbevelings wat swak is in vergelyking met dié vanaf die verdragsliggame of wat 'n staat se verpligtinge onder internasionale menseregte wetgewing weerspreek. Wanneer state onder hersiening gekonfronteer word deur hierdie tipe aanbevelings is daar 'n bekommernis dat hulle sal kies om te voldoen aan die swakker aanbevelings en dié vanaf die verdragsliggame te ignoreer deur daarop aanspraak te maak dat hulle die aanbevelings van 'n ander waardige legitieme liggaam navolg (Collister, 2014:109).

Gevolgtrek word daar verwag dat UPH aanbevelings so spesifiek en gedetailleerd as moontlik moet wees sodat dit vir state nuttig sal wees. Volgens Carraro (2019) se studie het die staatsafgevaardigdes 'n aanduiding gegee dat die mees nuttige aanbevelings daardie is wat spesifieke instruksies bevat en stap-vir-stap lei tot implementering. State word aangemoedig om 'n aksie-georiënteerde UPH proses te ondersteun. Hulle word verder versoek om daaraan toegewyd te wees om menseregte werklik prakties te verbeter. Hierdie twee beginsels moet dus die werk van

state beïnvloed wanneer hulle in die UPH werksaam is (Resolusie 5.1). Presiese en aksiegeoriënteerde aanbevelings is dus belangrik omdat sulke aanbevelings makliker is om te implementeer. 'n Staat onder hersiening kan nie aanbevelings implementeer wat nie presies is nie. 'n Presiese aanbeveling sal goed verduidelik watter aksie van die staat onder hersiening verwag kan word. Daarby is sulke aanbevelings makliker om te monitor en sal die assessering daarvan vergemaklik (McMahon, 2012:28).


Aan die ander kant van hierdie bespreking wys Storey (2018:43) daarop dat, wanneer 'n aanbeveling gemaak word, state dikwels wil hê dat die aanbevelings aanvaar moet word ten einde implementering te verseker. Daarom toon state 'n neiging om vaer aanbevelings te maak om daardie doelstelling te bereik. Terwyl 'n aanvaarde aanbeveling groter waarskynlikheid vir implementering sal hê, behoort die doelstelling om die aanbeveling aanvaar te kry nie die formulering van die aanbevelingsproses te lei nie. State behoort nie hulleself te sensor om hul aanbeveling aanvaar te kry nie (Vandenbogaerde, 2016:51).

Aanvaarding is egter slegs een aspek van die UPH proses. 'n Aanbeveling wat nie erken word beteken nie dit is onbelangrik nie. Die staat onder hersiening moet nog steeds verduidelik hoekom die aanbeveling nie sy ondersteuning geniet het nie – dit skep 'n geleentheid om kwessies te bespreek. By die nasionale vlak sal die aanbevelings waarvan kennis geneem is op die besprekingsstafel bly, omdat regerings hul posisies kan verander. In die verlede is gesien dat sulke aanbevelings uiteindelik aanvaar word. Aanbevelings wat erken word, word dus geïmplementeer (Storey, 2018:44). Volgens UPR Info (2012:26) se data het 19% van erkende aanbevelings aksie uitgelok van die state drie jaar na die hersiening. Ten einde die aanvaardingskoers te vermeerder, gebruik baie state die werkwoord “oorweeg” om hulle aanbevelings te begin. Volgens 'n analise van response het aanbevelings wat begin met “oorweeg” 'n soortgelyke aanvaardingskoers as aanbevelings wat spesifiek is (Storey, 2018:44). Gevolglik is die kwaliteit van die aanbevelings derslaggewend vir die sukses van die UPH. Soos reeds in in Hoofstuk 1 breedvoerig bespreek, het McMahon (2012:14) die kwaliteit van aanbevelings verbind aan kategorieë deur 'n skaal van (1) (minimale aksie) tot (5) (spesifieke aksie) te gebruik. Kategorie 1 verwys na minimale aksie, kategorie 2 is voordurende aksie, kategorie 3 is die oorweging van die aksie, kategorie 4 is algemene aksie en kategorie 5 is spesifieke aksie (McMahon, 2012:15). Hierdie kategorieë gee 'n aanduiding van die aanbevelings se sterkte. Hierdie maatstaf van McMahon is in die studie aangewend ten einde te bepaal of Suid-Afrika se kwaliteit van aanbevelings verbeter het en dus of die staat die Afrika-groep se eed geïmplementeer het. Onderstaande Figure 4.2 tot 4.4 is 'n ontleding van die verskillende kategorieë van aanbevelings en verskaf 'n aanduiding van die kwaliteit van Suid-Afrikaanse aanbevelings aan state tydens UPH I, II en III. (OEG verwys na die Oos-Europese groep; GRULAK verwys na die groep van Latyns-Amerika en die Karibiese eilande; WEAG verwys na Wes-Europa en Ander groep). Dit is 'n voorbeeld van horisontale verantwoordbaarheid in die internasionale regsraamwerk (Mulgan, 2003:26). State kan ook gevolglik mekaar verantwoordbaar hou vir skending van internasionale mensregte norme.




Figuur 4.2: UPH I: Aanbevelings gemaak deur Suid-Afrika volgens aksie kategorieë

Bron: Skrywer se samestelling uit UPH Info se statistiese gegewens, UPR Info, 2021.



Figuur 4.3: UPH II: Aanbevelings gemaak deur Suid-Afrika volgens aksie kategorieë

Bron: Skrywer se samestelling uit UPH Info se statistiese gegewens, UPR Info, 2021.



Figuur 4.4: UPH III: Aanbevelings gemaak deur Suid-Afrika volgens aksie kategorieë

Bron: Skrywer se samestelling uit UPH Info se statistiese gegewens, UPR Info, 2021.

Indien aanbevelings 1 tot 5 van naderby beskou word, is dit duidelik dat Suid-Afrika verkies om meer algemene aanbevelings te maak. Die land het egter op 'n gelyke grondslag met alle streeksgroepe opgetree met verwysing na spesifieke aanbevelings in beide UPH I, II en III. Daar was vooruitgang ten opsigte van Suid-Afrika se aanbevelings aan die Afrika groep wat van UPH I tot UPH III met 3% verbeter het. In die geval van Asië, was die toename 2% en die OEG 6%. GRULAK het 'n toename van 2% ervaar en WEAG 'n verbetering van 4%.

Dit moet ook genoem word dat Suid-Afrika se aanbevelings meestal gerig is op Afrika-state: In UPH I het Suid-Afrika meer aanbevelings aan Afrika-state gemaak (48% van 166 aanbevelings); maar slegs 9 van daardie aanbevelings was 'n spesifieke aanbeveling (12% van die 75 aanbevelings aan Afrika-state). In vergelyking hiermee was 24% van die totale aanbevelings wat gemaak is aan GRULAK state gedurende UPH I spesifiek van aard. Van die 312 aanbevelings wat gemaak is van Suid-Afrika aan Afrika-state tydens UPH I, II en III was slegs 21% spesifiek. In vergelyking hiermee was 61% van die 90 aanbevelings wat gemaak is aan state-binne in die Wes-Europese en Ander groep tydens UPH I, UPH II en UPH III spesifiek.

Hierdie optrede toon duidelik dat Suid-Afrika 'n sagter benadering het teenoor die aanspreek van menseregte kwessies binne sy eie streeksgroep en 'n strenger benadering buite die Afrika-groep handhaaf. In Abebe se 2009 studie het die skrywer geargumenteer dat Afrika-state grootliks aanbevelings maak wat soms te algemeen (A4) was om te implementeer. Die Afrika-groep het egter 'n toename in die persentasie van spesifieke aanbevelings deur Suid-Afrika ervaar tydens UPH I en UPH II (7%) asook UPH III (8%). Hierdie toename kan verbind word aan die eed wat in 2013 en

2017 gesamentlik deur die Afrika-groep gemaak is om UPH aanbevelings te maak wat “presies, prakties, konstruktief, vooruitskouend en implementeerbaar is” (OHCHR, 2013; United Kingdom, 2017). Sodanige optrede verskaf ’n basis vir state se gedrag in verhouding tot die kwaliteit van die UPH aanbevelings en bewyse om sodoende die kritiek van Abebe (2009) se studie omtrent aanbevelings se gebrek aan spesifiekheid, aan te spreek.

4.3.2.1 Teoretiese interpretasie van die resultate: Akkulturasie deur interne kognitiewe druk

Akkulturasie deur interne druk kan verklaar hoekom Suid-Afrika die eed wat met ander Afrika-state afgelê is, geïmplementeer het. Goodman en Jinks (2013:200) het sekere tekens van akkulturasie identifiseer: daar moet ’n verwysingsgroep wees wat as sneller dien vir interne kognitiewe druk. Lidmaatskap in ’n groep verskaf die basis van identiteit aan state sodat enige afwykende gedrag ongemak tot gevolg het (Patterson, 2006:1239). Hoe meer state herhalend konformeer tot ’n bepaalde identiteit, hoe sterker word verbintnisse met die verwysingsgroep gevorm (Petty et al., 1997:612). Tistounet (2020:12) het ’n studie onderneem waar hy ’n onderhoud gevoer het met UPH staatsvertegenwoordigers: Suid-Afrika was deel van hierdie studie. Die skrywer se resultate het gedui op die sielkundige invloede wat dikwels buite rekening gelaat word in die UPH proses, waarvolgens state onder hersiening dikwels die druk voel om die regionale portuurgroepe se aanbevelings of beloftes te ondersteun. Dit is logies selfs meer so wanneer aanbevelings/beloftes gemaak word deur ’n land of ’n groep lande met wie die staat onder hersiening ten doel het om positiewe diplomatieke verhoudings te behou (Tistounet, 2020:13). Identifikasie van Suid-Afrika as ’n lid van die Afrika-groep sub-groep het gelei tot interne sosiale en kognitiewe druk wat veroorsaak het dat die land gehoor gegee het aan die uitvoering van die eed.

Tweedens vereis akkulturasie nabootsing (Goodman & Jinks, 2013:32). Die staat tree gevolglik op soos die verwysingsgroep beplan om op te tree of soos wat die groep in werklikheid optree. Dit kan toegeskryf word aan akkulturasie wat verband hou met druk om te konformeer en konformiteit wat nabootsing skep (Patterson, 2006:1239). In hierdie geval het Suid-Afrika die Afrika-groep se gedrag nageboots en opgetree volgens die eed wat deur die groep afgelê is.

Derdens word ortodoksie verwag. Suid-Afrika se optrede word gevolglik as geskik beskou, omdat die land geskik optree en optree volgens die verwagtinge van die land se verwysingsgroep. Dit hou verband met ’n onderneming om die spesifiekheid van die aanbevelings te laat toe neem. Laastens in die geval van interne kognitiewe druk is daar die verwagting dat daar implementering sal wees. Dit is sigbaar in Suid-Afrika se verbetering van die kwaliteit van die aanbevelings. Dit is so omdat druk intern van aard is en die sosiaal-sielkundige koste van nie-konformiteit insluit (Goodman & Jinks, 2013:32). Kognitiewe ongemak lei tot interne druk om te konformeer tot die verwysingsgroep se praktyk en hierdie divergensie kan tot gevolg hê dat state poog om afwykings minder te maak deur groter konformiteit aan die dag te lê.

Bogenoemde resultate stem ooreen met soortgelyke studies deur Smith (2014) en Abebe (2009) wat ook tekens van regionalisme geïdentifiseer het. Hierdie studie verskil wel in die opsig dat regionalisme uitgebeeld word as 'n kondisie wat akkulturasie fasiliteer wat gevolglik gelei het tot Suid-Afrika se implementering van die eed. Resultate van hierdie studie het egter daarop gedui dat regionalisme ook 'n positiewe effek kan lewer: dit kan gesien word in die verbintenis wat die Afrika groep gemaak het en hoedat Suid-Afrika in konformiteit met hierdie verbintenis opgetree het as gevolg van rolinternalisering as Afrika-staat. Uit bogenoemde blyk dit dat regionalisme onder sekere omstandighede voordele mag inhou en die positiewe uitkomst van regionalisme dikwels minder aandag geniet. Hierdie studie se bevindings is in teenstelling met Smith (2014) en Abebe (2009) wat regionalisme slegs beskou het as nadelig vir die UPH. In Smith (2014) se analise waar die skrywer die Afrika streeksgroepering geanaliseer het, is solidariteit tussen die Afrika-state gedurende die hersieningsproses gedemonstreer. Afrika-state het getoon dat hulle meer betrokke is by die hersieningsproses wanneer kommentaar gelewer word oor Afrika-state, as op ander state. Die skrywer beskou regionalisme as nadelig vir die universaliteitsbeginsel van die UPH en huldig 'n eensydige persepsie omtrent regionalisme. Abebe (2009:35) se fokus was ook grootliks op die negatiewe konnotasie wat aan regionalisme toegedig word.

Die tweede variant van akkulturasie, naamlik eksterne sosiale druk, word nou bespreek.

4.4 AKKULTURASIE DEUR EKSTERNE SOSIALE DRUK (EKSTRA-IDENTIFIKASIE)

Goodman en Jinks (2004:638) verwys na sosiale druk wat toegepas word deur groepe as eksterne druk. Volgens hierdie skrywers sluit dit in die oplegging van sosiaal-sielkundige koste wat state ontbloot, asook die oordrag van sosiaal-sielkundige voordele deur publieke goedkeuring. Goodman en Jinks (2004:656) vestig egter die aandag daarop dat sosiale druk wat afkomstig is van eksterne druk publieke nakoming tot gevolg kan hê, maar die private aanvaarding van sosiale norme dikwels nie realiseer nie.

Bostaande tendens kan verbind word daaraan dat state sosiale legitimiteit voorop stel (Lovaglia, 1995:402). Sloss (2014:576) het verwys daarna dat legitimiteit ook gegrond is op bepaalde verwagtinge wat geskep word. Lovaglia (1995:403) het verwys na sielkundige welstand wat verkry word deur goedkeuring, terwyl straf sielkundige angs tot gevolg het, weens publieke vernedering. Volgens Sloss (2014:576) sal state eerder as legitiem beskou wil word en dus korrek optree, eerder as om sy posisie van aansien te verloor. Goodman en Jinks (2004:656) noem dat verandering veroorsaak word deur oorwegings van legitimiteit. Dit volg hieruit dat sosiale druk as 'n variant van akkulturasie afkomstig is van eksterne druk en publieke nakoming maar nie private aanvaarding van

sosiale norme skep nie. Akkulturasie lei dus tot verskillende soorte ontkoppeling. Goodman en Jinks (2013:542) het die volgende tekens van akkulturasie deur eksterne sosiale druk beklemtoon:

- 'n Verwysingsgroep moet teenwoordig wees tot wie se norme en gedrag daar gekonformeer word.
- State moet mekaar kan naboots. 'n Staat tree op soos die verwysingsgroep beplan om op te tree of soos wat die groep in werklikheid optree. Dit kan toegeskryf word aan akkulturasie wat verband hou met druk om te konformeer, en konformiteit wat nabootsing skep.
- "Ortodoksie" kom na vore, omdat state optree as gevolg van 'n gevoel van geskiktheid.
- In die geval van akkulturasie deur eksterne sosiale druk, behoort daar ontkoppeling te wees.


Volgende word Suid-Afrika se optrede as 'n staat onder hersiening ontleed, om sodoende na te gaan of daar tekens is van eksterne sosiale druk, met ander woorde, of die staat sy portuurgroepe se gedrag met betrekking tot menseregte nageboots het.

4.5 AKKULTURASIE DEUR EKSTERNE DRUK: NABOOTSGING VAN DIE INTERNASIONALE PORTUURGROEP

4.5.1 Suid-Afrika as 'n staat onder hersiening binne die internasionale UPH portuurgroep

Die staat onder hersiening se response op die UPH aanbevelings is belangrik aangesien modaliteite vir die UPH voorsiening maak dat die tweede en opeenvolgende siklus van die hersiening moet fokus op die implementering van die aanvaarde aanbevelings. Om afwysend te wees ten opsigte van aanbevelings, het die potensiaal om die UPH proses te ondermyn (Storey, 2018:45). In 2011 het die hersiening van die werk en funksionering van die Menseregte Raad die aanname van 'n resoluëie tot gevolg gehad waardeur daar van state onder hersiening verwag is om "duidelik met die Raad te kommunikeer in 'n verkieslik geskrewe formaat... ten opsigte van hulle posisies oor alle aanbevelings wat ontvang is" (Storey, 2018:46).

4.5.1.1 Aanbevelings aanvaar deur Suid-Afrika



Figuur 4.5: UPH I tot III: Persentasie aanbevelings aanvaar deur Suid-Afrika

Bron: Skrywer het saamgestel uit UPH Info se statistiese gegewens.

Figuur 4.5 is 'n weerspieëling van die aanvaarde aanbevelings van Suid-Afrika. Tydens UPH I het Suid-Afrika geen aanbevelings aanvaar nie; hierdie optrede word beskou as normaal, aangesien state wat aan die begin hersien is gewoonlik min of geen aanbevelings van ander state ontvang nie. In hierdie geval was Suid-Afrika een van die eerste state onder hersiening. Gedurende UPH II is 'n verbetering te bespeur in Suid-Afrika se response op aanbevelings van sy portuurgroepe: 67 state het 151 aanbevelings aan Suid-Afrika gemaak en Suid-Afrika het direk op ongeveer 90% van die aanbevelings gereageer, maar nagelaat om sy posisie ten opsigte van ongeveer 10% van die aanbevelings te verduidelik. Van die 151 aanbevelings, het Suid-Afrika 80% verklaar as "aanvaarbaar" en ongeveer 20% as "nie aanvaarbaar nie". Die enigste aanbeveling wat eksplisiet verwerp is het te doen gehad met beweringe van seksuele uitbuiting en mishandeling deur Suid-Afrikaanse vredesmagte. Die Suid-Afrikaanse afvaardiging het die volgende opmerking gemaak: "In die lig van die politieke swaartekrag van hierdie oordrewe bewering, het die Suid-Afrikaanse regering besluit om hierdie bewering te verwerp en die kwessie bilateraal op te neem met die Kanadese regering op 'n politieke vlak" (UNHRC, 2006). Soos reeds genoem, het Suid-Afrika nie 'n duidelike respons gehad op 10% van die aanbevelings nie, insluitende om "toe te tree tot die Ooreenkoms op Voorregte en Immuniteite van die Internasionale Strafreghof en onmiddellik 'n onafhanklike nasionale moniteringsmeganisme op die Regte van Persone met Ongeskikthede te vestig" (UNHRC, 2006)

Tydens UPH III het Suid-Afrika 243 aanbevelings ontvang en 83% van die totale aanbevelings aanvaar en 17% is verwerp. In samehang hiermee is die verbetering in die response van Suid-Afrika tydens UPH I tot UPH III. Dit stem ooreen met die algemene patronne van die internasionale

portuurgroep. Die totale aanbevelings aanvaar deur state van die internasionale portuurgroep was soos volg: UPH I:15 634; UPH II: 21 891; UPH III: 26 697. Daar was 'n duidelike toename van aanvaarde aanbevelings vanaf UPH I tot UPH III moontlik 'n aanduiding van 'n ontwikkelende praktyk soos wat state toenemend voorsiening maak vir duidelike response in verband met hul posisie op elke UPH aanbeveling (OHCHR, 2017: A/HRC/36/16).

4.5.1.2 Implementering

Vanaf die tweede siklus van hersiening moet state onder hersiening verantwoordelikheid neem vir die implementering van vrywillige verbintenisse en aanvaarde aanbevelings van die vorige siklus (OHCHR, 2007: para 34). Paragraaf 33 van Resolusie 5/1, wat handel oor die opvolg oor staatsnakoming met die staat se menseregte verpligtinge, maak verder melding van “die uitkoms van die universele periodieke hersiening as 'n samewerkende meganisme wat primêr geïmplementeer moet word deur die betrokke staat” (OHCHR, 2007). Tog, weens die voorbereiding en aanhoor proses, sowel as die tydsverloop tussen die hersiening van die staat tot die aanname van die uitkomsverslag, word die oorblywende tyd vir implementering aansienlik verminder en ongeveer drie jaar word hiervoor uitgesit. Aandeelhouers kan 'n belangrike taak vervul in die verspreiding van inligting aan die publiek as aanduidings vir die meet van vooruitgang wat lei tot die volgende hersieningsiklus, die monitering van implementering van vrywillige verbintenisse en aanvaarde aanbevelings, asook die opvolg oor die volle realisering van die nakomingsmaatstawwe waartoe die staat hom verbind het (UPR Info, 2012).

Dit is noodsaaklik om implementering te moniteer, aangesien dit 'n belangrike riglyn verskaf om state se betrokkenheid by die UPH proses te bepaal (Frazier, 2011:3). State se betrokkenheid by die UPH kan net effektief wees indien daar sprake is van implementering van aanbevelings wat bydra om die werklike menseregte situasie te bevorder en te verbeter. Hierdie afdeling se fokus is om die effektiwiteit van Suid-Afrika se betrokkenheid, ten opsigte van die implementering van aanbevelings, in die UPH proses te analiseer. Gevolglik is Suid-Afrika en die implementering van die land se UPH aanbevelings ondersoek, veral om vas te stel of 'n afwyking tussen die aanvaarde en geïmplementeerde aanbevelings bestaan.

State moet eksplisiet reageer op aanbevelings deur te verklaar of hulle dit aanvaar of nie, maar die verwagting word geskep dat hulle die aanvaarde aanbevelings sal implementeer. Die implementeringsproses word gemoniteer (Frazier, 2011:3). Daarby word state ook verantwoordelik gehou tydens besprekings in die daaropvolgende hersieningsiklus. State se optrede deur eksplisiet aanbevelings te aanvaar of kennis daarvan te neem tydens die formele prosedure, is een van die unieke kenmerke van die menseregte sisteem (Carraro, 2019:1093).


Storey (2018:40) verwys daarna dat in teenstelling met bogenoemde maak verbondsliggame aanbevelings aan state wat ondersoek word onder die staatsrapporteringsprosedures. Daar is egter geen formele aanvaardig van verbondsliggame aanbevelings deur die betrokke state nie. State word dus nie self verbind nie. In teenstelling hiermee binne die raamwerk van die UPH, het state aan hulle

portuurgroepe belof om sekere aanbevelings te aanvaar en te implementeer of ten minste verwagtinge geskep dat hulle 'n stap in die rigting van implementering sal neem. Hierdie verwagtinge is legitiem in die lig van die beginsel van goeie trou, alhoewel sulke aanvaardings nie regsbindend is nie (Storey, 2018:40).

Die Implementering Aanbevelingsindeks word aangewend om staatsimplementering van die UPH aanbevelings te meet. Hierdie maatstaf is 'n indeks van UPR Info (2012) wat 'n gemiddelde syfer van aandeelhouders se response verskaf. Die indeks sluit in beide state en aandeelhouders se gedrag omtrent die implementering van UPH aanbevelings (UPR Info, 2012:35). Kategorieë van nakoming is aangewend om bewyse van implementering te illustreer (UPR Info, 2012:36):

- Die eerste kategorie is “volledig geïmplementeer”, wat beteken dat staatsaksie verbind kan word aan die UPH aanbeveling;
- Die tweede kategorie is “gedeeltelik geïmplementeer”, wat daarop dui dat staatsaksie verbind kan word aan die UPH aanbeveling, maar dat sekere aspekte van die aanbeveling nie geïmplementeer word nie.
- Die derde kategorie is “nie geïmplementeer” wat daarop dui dat geen aksie onderneem is aangaande die spesifieke UPH aanbeveling nie of waar 'n teendeel aksie onderneem is.

Wanneer die implementering van UPH aanbevelings nagegaan word, moet besef word dat die UPH 'n deurlopende proses is (UPR Info, 2012:36). Daarom moet kennis geneem word dat aanbevelings wat hierdie indeks mag klassifiseer as geïmplementeer of nie-geïmplementeer nie aan die einde van hierdie navorsing 'n verandering mag ondergaan het. Om sulke veranderinge wat mag voorkom te akkommodeer, word implementering beperk tot die implementeringsraamwerk wat toegeken is vir elke hersiening. Suid-Afrika se implementeringsraamwerk om sy UPH II aanbevelings te implementeer, strek vanaf Mei 2012 tot Mei 2017 (OHCHR, 2021:2-4). Data omtrent implementering vir die derde siklus is nog nie volledig beskikbaar nie. Daarom is Suid Afrika se UPH II aanbevelings net geanaliseer tydens hierdie tydperk. Figuur 4.6 gee 'n uiteensetting van Suid-Afrika se UPH II implementering.



Figuur 4.6: Implementering van Suid-Afrika se UPH II aanbevelings

Bron: Skrywer het saamgestel uit UPH Info se statistiese gegewens.

Aan die einde van Suid-Afrika se implementeringsraamwerk vir UPH II, het die land 14% van die 151 aanbevelings volledig geïmplementeer, 31% van die aanbevelings gedeeltelik geïmplementeer, en 48% van die aanbevelings glad nie geïmplementeer nie. Daar was egter geen inligting van aandeelhouders beskikbaar vir ongeveer 5% van die aanbevelings aan Suid-Afrika gemaak gedurende UPH II nie (OHCHR, 2021:2-4).

Met verwysing na hierdie UPH II implementering, het UPH aandeelhouders die mening gehuldig dat meeste van die aanbevelings op ratifikasie van verbonde (Internasionale Verbond oor Sosiale, Ekonomiese en Kulturele regte en Internasionale Arbeidsorganisasie en Mensehandel) volledig geïmplementeer is deur die regering van Suid-Afrika. Voorbeelde is die Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie, die VN Landspan vir Suid-Afrika en die Regsvereniging van Suid-Afrika wat almal saamgestem het dat aanbevelings vir Suid-Afrika om die Internasionale Verbond op Sosiale Ekonomiese en Kulturele en die Internasionale Arbeidsorganisasie te ratifiseer, volledig geïmplementeer is. Die meeste van die UPH II aanbevelings wat gedeeltelik geïmplementeer is, het gefokus op Gesondheid/MIV, sosio-ekonomiese regte en marteling. Baie aanbevelings, oor byvoorbeeld geweld teen vroue en kinders, privaatheid en vryheid van inligting, rassisme en xenofobie, is nie binne die UPH II implementeringsfase geïmplementeer nie. 'n Implementeringsgaping is gevolglik sigbaar in Suid-Afrika se optrede (OHCHR, 2008b: A/HRC/8/32: para 18, para 20).

4.5.1.3 Teoretiese interpretasie van die resultate: Akkulturasie deur eksterne sosiale druk

Akkulturasie deur sosiale druk kan verklaar hoekom Suid-Afrika die portuurgroep se gedrag nageboots het deur menseregte beloftes te maak. Goodman en Jinks se eerste teken van akkulturasie, naamlik die teenwoordigheid van 'n *verwysingsgroep* is hier waarneembaar. Aangesien die UPH gekenmerk word deur universele lidmaatskap en Suid-Afrika gevolglik 'n lid is van die UPH, word die UPH ook beskou as 'n verwysingsgroep vir Suid-Afrika (Goodman & Jinks, 2004:656). Die staat moet deel vorm van sy sosiale omgewing: die staat is 'n lid van die UPH en vorm dus deel van die sosiale omgewing. Hierdie groep genereer volgens Goodman en Jinks (2004) eksterne sosiale druk. Die skrywers noem dat hierdie druk insluit die oplegging van sosiaal-sielkundige koste wat state ontbloot, asook die oordrag van sosiaal-sielkundige voordele deur publieke goedkeuring.

Soos reeds genoem het Tistounet (2020:12) 'n studie onderneem waar hy 'n onderhoud gevoer het met UPH staatsvertegenwoordigers, insluitende Suid-Afrika. Sy resultate het gedui op die sielkundige invloed wat dikwels buite rekening gelaat word waarvolgens die staat onder hersiening dikwels die druk voel om die portuurgroep se aanbevelings te ondersteun. Hierdeur voel die staat nie uitgesluit nie en ook legitiem. Gevolglik word die staat gelei om meer aanbevelings te aanvaar as wat hulle oorspronklik voorgeneem het (Tistounet, 2020:12).

Die tweede teken van akkulturasie vereis *nabootsing* van die verwysingsgroep se gedrag (Goodman en Jinks, 2013:200). Dit is waarneembaar uit die ondersoek na Suid-Afrika as 'n staat onder hersiening, dat daar 'n verbetering was in die UPH betrokkenheid van die land dwarsdeur UPH I, II en III.

Dit kan toegeskryf word aan akkulturasie wat verband hou met druk om te konformeer en konformiteit wat nabootsing skep. Die totale aanbevelings aanvaar deur die internasionale portuurgroep was soos volg: UPH I:15 634; UPH II: 21 891; UPH III: 26 697. Daar was 'n duidelike toename van aanvaarde aanbevelings vanaf UPH I tot UPH III. Suid-Afrika het hierdie tendens gevolg en ook meer menseregte aanbevelings tydens die tweede siklus aanvaar, maar 'n implementeringsgaping het te voorskyn gekom (OHCHR, 2017:A/HRC/36/16). In hierdie geval het Suid-Afrika die portuurgroep se gedrag nageboots. Wat betref die hoeveelheid aanbevelings aanvaar, het Suid-Afrika aangesluit by die internasionale portuurgroep wat ook meer aanbevelings aanvaar het. Die staat tree gevolglik op soos die verwysingsgroep optree. Dit kan verbind word aan akkulturasie se aanname dat state verkies om nie geklassifiseer te word as buitestaanders nie (Goodman & Jinks, 2013:45).

Derdens word daar verwag dat die staat *geskik sal optree*. Suid Afrika tree geskik op omdat hulle 'n toenemende aantal aanbevelings aanvaar het – wat aansluiting vind by die groep se optrede. (Goodman & Jinks, 2004:656). Bostaande tendens spruit uit die belangrikheid wat state aan sosiale legitimiteit heg (Lovaglia, 1995:402). Volgens Sloss (2014:576) is legitimiteit ook gegrond op bepaalde verwagtinge wat geskep word. Lovaglia (1995:403) het verwys na die sielkundige welstand wat verkry word deur goedkeuring, terwyl straf sielkundige angs tot gevolg het, weens publieke vernedering. Volgens Sloss (2014:576) wil state eerder as legitiem beskou word en dus korrek sal optree eerder as om sy posisie van aansien te verloor. Goodman en Jinks (2004:656) het genoem dat verandering in in gedrag veroorsaak word deur oorwegings van legitimiteit.

Vierdens in die geval van akkulturasie deur eksterne sosiale druk moet daar *ontkoppeling* wees (Goodman en Jinks, 2013:542). Daar was ook tekens van ontkoppeling sigbaar in UPH II, waar 'n implementeringsgaping verskyn het. Laasgenoemde verskynsel is 'n teken van akkulturasie deur eksterne druk, waar die staat verplig voel om op te tree volgens die verwysingsgroep, maar nie daarin slaag om werklike verandering te bewerkstellig deur die aanbevelings nie te implementeer nie (Goodman & Jinks, 2015:122).

Bevindige van ontkoppeling wat in hierdie studie sigbaar is, toon dus ooreenkomste met Munro (2011) en Alvarez (2005) se analyses (soos bespreek in Hoofstuk 2) wat ook akkulturasie as teoretiese raamwerk benut het en patrone van ontkoppeling in hulle studies uitgelig het.

'n Kort oorsig word gegee van die drie kwessies wat herhaaldelik voorgekom het en aanvaar is deur die staat, tydens UPH II, maar nog nie geïmplementeer is nie (OHCHR, 2008b: para 20). Belangrik in die geval van Suid-Afrika is dat nie-geïmplementeerde aanbevelings weer op die oppervlak ontwikkel tydens UPH II. In hierdie verband kan kwessies soos geweld wat verband hou met

seksuele oriëntasie, rassisme en xenofobie, en lyfstraf uitgesonder word. Hierdie kwessies word vervolgens bespreek. Suid-Afrika het genoemde aanbevelings aanvaar maar nie geïmplementeer nie. Akkulturasie word gebruik om hierdie nie-implementering te verklaar.

4.6 AKKULTURASIE DEUR SOSIALE DRUK EN ONTKOPPELING

4.6.1 Geweld wat verband hou met seksuele oriëntasie

Geweld op grond van seksuele oriëntasie is een van die kwessies van staatsaanbevelings aan Suid-Afrika tydens UPH I en II. Aanbevelings wat state aan Suid-Afrika in hierdie verband gemaak het sluit die volgende in: die onderneem van geloofwaardige ondersoek na en vervolging van oortreders; versterking van voorkoming- en moniteringskapsiteit; opleiding van polisie en die regbank; en die loods van bewuswordingsveldtogte (OHCHR, 2012b).

Die lesbiese, gay, biseksuele, transgender (LGBT) gemeenskap in Afrika beleef steeds diskriminasie. Volgens Rudman (2015:6) is Suid-Afrika 'n uitsondering in Afrika, met betrekking tot die diskriminerende behandeling van LGBT persone. Diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie word verbied in die Suid-Afrikaanse grondwet in Artikel 9(3). De Greef (2019:1) het ook daarna verwys dat Suid-Afrika op internasionale vlak bygedra het om die regte van LGBT persone op die voorgrond te plaas. In 2011 het Suid-Afrika 'n voorlopige resoluëie voor die Menseregte Raad geopper met betrekking tot bekommernis oor geweld en diskriminasie gebaseer op seksuele oriëntasie – ten spyte van kritiek deur sy streeksportuurgroepe (OHCHR, 2011:A/HRC/RES/17/19). Suid-Afrika was die enigste Afrika-staat wat in 2014 ten gunste gestem het van 'n resoluëie oor seksuele oriëntasie (OHCHR, 2011:A/HRC/RES/17/19). Suid-Afrika se respons op staatsaanbevelings oor genoemde aangeleentheid en sy kommentaar op implementering het slegs verwys na die binnelandse konstitusionele beskerming, regeringsbeleidsraamwerk om haatsmisdade te bestry en sy internasionale goedkeuring van die LGBT regte by die Menseregte Raad (OHCHR, 2008: para 572).

572. In Suid-Afrika het almal die reg op gelyke beskerming en voordeel van die wet. Teen niemand mag op enige grond gediskrimineer word nie. Die Grondwet brei hierdie beskerming uit na alle groepe, insluitend persone met alternatiewe lewens- en seksuele oriëntasies. Die Suid-Afrikaanse Konstitusionele Hof het reeds suksesvolle sake bereg waar diskriminasie op sommige van hierdie gronde bewys kon word.

In teenstelling hiermee het verskillende NRO's se verslae aangetoon dat die binnelandse situasie van die land nie so rooskleurig voorgekom het nie, aangesien hulle te kampe gekry het met geweld en intimidasie weens seksuele oriëntasie. In 2011 het Human Rights Watch ook berig oor 'n digotomie tussen die ideale van die grondwet en die publieke houding wat teenoor hierdie groep gedemonstreer is. Human Rights Watch (2011:34) het ook bygevoeg dat die grondwetlike beskerming van die regte van die LGBT gemeenskap belemmer word deur diskriminasie in gemeenskappe, families en staatsinstellings. Die Universiteit van Suid-Afrika en NRO's het ook

waargeneem dat staatsresponse op geweld, gebaseer op seksuele oriëntasies, probleme openbaar: daar is 'n gebrek aan amptelike monitering en rapportering in die afwesigheid van 'n werkbare sisteem om te moniteer en data bymekaar te maak oor die vergrype. Hierdie stand van sake verhinder beleidsmakers om die omvang van die probleem te verstaan en geskikte optredes daar te stel. In Suid-Afrika het die regering ook nog nie daarin geslaag om "korrektiewe verkragting" as 'n misdaad van verkragting in plaas van 'n haatsmisdad te identifiseer nie (CEDAW, 2011: paras 39, 40).

Om die bespreking oor hierdie kwessie af te sluit, moet daar beklemtoon word dat die regering van Suid-Afrika hierop gereageer het deur te verwys na die grondwetlike beskerming wat in plek is en sy internasionale endossement van LGBT regte by die Menseregte Raad (OHCHR, 2012a: A/HRC/21/16/Add 1: para 124.81). Dit ondermyn egter die verbintenis tot toenemende binnelandse beskerming van die relevante menseregte kwessies, omdat die substansie van baie van die UPH aanbevelings kommer wek oor die bestaande beskermingsmaatstawwe wat onvoldoende en ondoeltreffend is (OHCHR, 2012a: A/HRC/21/16/Add 1: para 124.81)

4.6.2 Rassisme en xenofobie

Rassisme en xenofobie was belangrike kwessies in die hersiening van Suid-Afrika (OHCHR, 2008a: A/HRC/8/32: paras 124.33-124.46). Met die meeste van hierdie aanbevelings is daar van die regering verwag om maatstawwe in te stel om xenofobie deur wetgewing te beveg. Die meeste van die aanbevelings het ook gefokus op gebreke om rassisme aan te spreek. In Augustus 2006 het die VN Komitee op die Uitskakeling van Rasse Diskriminasie ook kommer uitgespreek oor die aantal haatsmisdade in Suid-Afrika en die oneffektiwiteit van maatstawwe om dit aan te spreek. Daar is toe aanbeveel dat die Suid-Afrikaanse regering wetgewing en meer effektiewe maatstawwe in plek moet stel om hierdie misdaad te voorkom, te bestry en te straf (UN, 2006: A/61/18: para 390).

Die herhaalde voorkoms van xenofobiese gedrag mag 'n bewys wees dat die Suid-Afrikaanse regering nie aandag geskenk het aan die aanbevelings in hierdie verband nie (Ukwandu, 2017:43). Volgens Mavhinga (2019:1) het die Suid-Afrikaanse regering in sy kommentaar oor implementering verwys na die inhoud van 'n Nasionale Aksieplan (2019) om Rassisme, Rasse Diskriminasie, Xenofobie en verbandhoudende onverdraagsaamheid te bestry. Hulle het ook verwys na leierskap op resolusies teen rassisme en xenofobie op internasionale vlak. Terwyl die regering tog pogings aangewend het om xenofobie en rassisme hok te slaan, is daar duidelike oneffektiwiteit van maatstawwe te bespeur in die herhaling van die misdade in sommige dele van die land waar die regering se pogings duidelik ondermyn word (Shoba, 2020:5).

4.6.3 Lyfstraf

Lyfstraf was ook 'n kwessie wat bespreek is onder state se aanbevelings aan Suid-Afrika tydens UPH I en UPH II. Die Suid-Afrikaanse regering het op hierdie aanbevelings gereageer deur te verwys na bestaande wetgewing wat lyfstraf in skole verbied en het gesê dat daar slegs enkele gevalle van nie-nakoming was. Die regering het 'n soortgelyke opinie gehuldig in hulle kommentaar oor die implementering van die aanbeveling op lyfstraf (OHCHR, 2012b).

Die verskillende UPH aandeelhouers het egter saamgestem dat Suid-Afrika nie hierdie aanbeveling geïmplementeer het nie. In hierdie verband het die Suid-Afrikaanse Nasionale Menseregte Kommissie daarop gewys dat die Suid-Afrikaanse regering nie stappe geneem het om die aanbevelings te implementeer nie. Daar is veral beklemtoon dat die land die presiese woorde gebruik het van die aanbeveling wat gemaak is deur Slowenië oor hierdie kwessie aan Suid-Afrika gedurende UPH II (Pillay, 2021:11). Ten spyte van aanbevelings wat aan Suid-Afrika gemaak is oor hierdie kwessie, het die wettigheid van lyfstraf in Suid-Afrika nog nie verander sedert die hersiening in 2008 nie, omdat kinders nog steeds by hul huise onderwerp word aan lyfstraf. Die Suid-Afrikaanse Skole Wet van 1996 en ander relevante wette verbied lyfstraf in skole. Tog is daar geen eksplisiete verbod op lyfstraf by die huis nie (Owen, 2012: para 1.3.). Die Suid-Afrikaanse regering het nie die 2008 UPH aanbeveling op lyfstaf geïmplementeer nie, soos gesien in die toegewings wat gemaak word vir lyfstraf by die huis, in skole en onder ander sosiale omstandighede (Owen, 2012: para 2.4.)

Kommer is uitgespreek oor die voortdurende gebruik van lyfstraf in skole: daar word van die regering verwag dat wetgewing oor lyfstraf streng geïmplementeer moet word in skole en dat daar maatreëls ingestel moet word om lyfstraf by die huis te voorkom. Dit is 'n aanduiding dat bestaande wetgewing oor lyfstraf onvoldoende is (Veriava, 2014: 34-35). Die regering se reaksie is egter dat die land klaar genoeg in hierdie verband gedoen het soos waarneembaar in bestaande wetgewing. Ten spyte hiervan slaag die regering nie daarin om erkenning te gee aan die oneffektiwiteit van sy maatstawwe om lyfstraf in skole en huise te verhoed nie (Owen, 2012: para 1.3.). Dit is 'n teken van regsritualisme.

Die regering van Suid-Afrika het hierop gereageer deur te sê dat die kwessie van lyfstraf by die huis hanteer word deur die Suid-Afrikaanse Binnelandse Geweldswet van 1998. Die land het bygevoeg dat lyfstraf by skole deur wetgewing afgeskaf is, en dat daar slegs "geïsoleerde gevalle van nie-voldoening aan wetgewing is en waarvoor daar regstellende maatstawwe aangewend word". Tog het NRO's en die Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie voortdurend aanbevelings gemaak vir die regering om lyfstraf by die huis te verbied en om die verdediging van redelike tugtiging te verwyder (Owen, 2012: para 1.3.). Die spesiale aandag wat gegee is aan die kwessie van lyfstraf deur verskeie aandeelhouers tydens Suid-Afrika se UPH hersiening was 'n onderskatting van die relevansie van die aanbevelings oor lyfstraf (Owen, 2012: para 1.3.).

4.6.4 Kategorie 2 Ontkoppeling: Publieke konformiteit met globale praktyke teenoor private implementering

Met verwysing na die soorte ontkoppeling dui hierdie kwessies op Kategorie 2 Ontkoppeling: Publieke konformiteit met globale praktyke teenoor private implementering (Goodman & Jinks, 2013:246). Suid-Afrika se respons op die voorgenoemde aanbevelings kan toegeskryf word aan kategorie 2 ontkoppeling aangesien Suid-Afrika die aanbevelings op 'n publieke platform aanvaar het, maar nie in die binneland implementeer het nie. Dit is nie plaaslik van toepassing binne Suid-Afrika nie, aangesien die land van mening is dat daar reeds genoeg in hierdie verband gedoen is. Volgens die staat dien die aanbeveling dus nie 'n doel in die binneland nie (OHCHR, 2012b). Dit is 'n voorbeeld van regsritualisme. Dit toon ooreenstemming met Terman (2019) se studie wat ook melding maak van regsritualisme.

Hierdie konsep van regsritualisme in die konteks van die UPH hou verband met die deelname van state in die UPH proses, maar met onwilligheid om die binnelandse beskerming van menseregte te verbeter (Chralesworth & Larking, 2014:6). Die onwilligheid van die Suid-Afrikaanse regering om aanbevelings te implementeer wat kommer gewek het oor bestaande onvoldoende en ondoeltreffend maatreëls vir menseregte beskerming in Suid-Afrika, beperk die omvang van die land se betrokkenheid by hierdie stadium van die hersiening (Pillay, 2021:4).

4.7 SOSIALE DRUK EN ONTKOPPELING: AKKULTURASIE AS REMEDIE?

Suid-Afrika het groot verbintenisse gemaak tydens sy UPH betrokkenheid en is 'n party tot belangrike internasionale menseregte instrumente. Tog het implementering probleme veroorsaak. Meer as die helfte van UPH II aanbevelings het nie-geïmplementeerd gebly (UPR Info, 2021). Dit is nodig dat die gaping tussen die Suid-Afrikaanse regering se menseregte retoriek en sy menseregte optrede vernou moet word ten einde die werklike menseregte situasie te verbeter.


Sommige van die aanbevelings wat nie gedurende UPH I geïmplementeerd is nie, is weer herhaal gedurende UPH II, maar is nog steeds nie geïmplementeerd nie (OHCHR, 2008b: A/HRC/8/32: para 20). Hierdie drie aangeleenthede wat herhaaldelik in die hersiening van Suid-Afrika dwarsdeur UPH I tot UPH II voorgekom het, word bespreek met die klem op implementering. Die kwessies was soos volg: lyfstraf, geweld gebaseer op seksuele oriëntasie en geslagsidentiteit, asook rassisme en xenofobie.

Hierdie ontkoppeling dui op 'n swakheid in die teorie van akkulturasie en het dus te doen met 'n bekommernis oor of akkulturasie prosesse 'n gaping laat tussen state se formele verpligtinge en hul werklike verpligtinge op die grond (Alvarez, 2005:962). Beide Alvarez (2005) en Sloss (2014) se navorsingstudies maak melding van voortdurende vorme van ontkoppeling. Hulle is van mening dat 'n land se verbintenis tot menseregte standaarde hierdeur in die slag bly, aangesien state nie hul konkrete praktyke verander nie. Gevolglik bevraagteken die skrywers die teorie van akkulturasie wat

ontkoppeling genereer en betwyfel of akkulturasie beskou kan word as 'n waardevolle sosiale meganisme van invloed.

4.8 WEGBEWEEG VAN ONTKOPPELING: DIE PROGRESSIE VAN AKKULTURASIE DEUR SOSIALE DRUK

Goodman en Jinks (2008:726) het op bogenoemde kritiek gereageer deur te sê dat hierdie denkswyse op 'n statiese opvatting van akkulturasie berus. Akkulturasie behels 'n verskeidenheid dinamikas wat onder die geskikte toestande betekenisvolle veranderinge in state se gedrag teweeg kan bring. Akkulturasie kan gevolglik die probleem van regsritualisme aanspreek. Die skrywers verwys na 'n paar belangrike voorbeelde om hierdie punte te illustreer, soos opgesom in Figuur 4.7.



Figuur 4.7: Progressie van akkulturasie deur sosiale druk

Bron: Skrywer.

4.8.1 Die “Beskawende mag van skynheiligheid I”: Eksterne gehoor koste

Eerstens, oppervlakkige verbintenisse tot menseregte norme, sal dikwels lei tot dieper verbintenisse deur die proses wat genoem word “beskawende mag van skynheiligheid” (Elster, 1998:97). Dit hou verband met die idee dat vervalsing van publieke voorkeur moeilik is om te volhou oor tyd weens “eksterne gehoor effekte en interne gehoor effekte”. Elster het sy model ontwikkel in die geval van eksterne druk wat uitgevoer word op politieke rolspelers om 'n publieke posisie te ondersteun. Akkulturasie fokus op eksterne druk op rolspelers om 'n publieke aksie aan te neem. Elster het ook ondersoek hoedat publieke rolspelers hulself verbind tot voorwaardelike pro-sosiale praktyke. Akkulturasie oor die algemeen het te doen met druk om 'n internasionale praktyk (pro-sosiale terme) aan te neem. 'n Belangrike eksterne gehoor effek sluit die publieke eise vir konsekwentheid in

amptelike verbintnisse in. State is nie veronderstel om af te wyk, sonder buitengewone regverdiging, van beginselvaste posisies waartoe hulle hulself in die openbaar verbind het nie (Goodman & Jinks, 2013:150). Soos die akkulturasieproses aangaan, sal dit moeilik wees vir 'n staat om suiwer retoriese verbintnisse vol te hou, weens eksterne "gehoor effekte". Hierdie eksterne gehoor effekte word geskep deur nasionale en transnasionale voorstander netwerke van menseregte wanneer hulle 'n dialoog voer met regerings oor die implementering van norme en in die proses die state verantwoordbaar hou volgens hul menseregte retoriek (Goodman & Jinks, 2008:738).

4.8.2 Die "Beskawende mag van skynheiligheid II": Interne gehoor koste

Tweedens, het Elster (1998:97) verwys na akkulturasie wat lei tot die "beskawende mag van skynheiligheid". Een aspek hiervan is dat valse publieke voorkeur moeilik is om oor tyd te beheer weens verskillende kiesafdelings wat belonings sal verskaf vir publieke rolspelers om hul "skynheilige" ondersteuning van 'n norm of praktyk te toon. Die openbaarmaking van hul optrede skep verwagtinge by die relevante toeskouers en die misklulling om aan hierdie verwagtinge te voldoen, sal verskillende vorme van politieke en sosiale druk skep om op te tree (Elster 1998:122). Op 'n kognitiewe vlak verklein akkulturasie die gaping tussen publieke optrede en private voorkeure: "...onder sekere toestande verander state hul opvattinge om die onaangename toestand van kognitiewe dissonansie tussen wat hulle in die publiek bely en wat hulle in die privaat doen, te vermy". Die belang van Suid-Afrika in terme van die land se identifikasie met die samewerkende UPH kan oor tyd sy akkulturasie fassiliteer (Goodman & Jinks, 2008:746). Die skrywers argumenteer dat akkulturasie hierdie gaping oor tyd kan vernou deur die intene en eksterne gehoor effekte wat geskep word deur effektiewe NRO betrokkenheid.

4.8.3 Toenemende eise deur globale burgerlike gemeenskap

Derdens, formele verbintnisse, soos byvoorbeeld die ratifikasie van menseregte verbonde en die aanvaarding van aanbevelings in die UPH, bemagtig groepe en individue wat verbind is tot die saak van menseregte deur sosiale legitimiteit aan menseregte nie-regeringsorganisasies te gee. Dit plaas die NRO's in 'n sterker posisie om aanspraak te maak op die nakoming van die spesifieke menseregte kwessie deur state (Goodman & Jinks, 2008:746). In Suid-Afrika is daar nog ruimte vir die burgerlike gemeenskap om die regering verantwoordbaar te hou vir sy UPH verbintnisse. 'n Strategiese veldtog deur NRO's, wat ook goed gekoördineer is, kan bydra tot die betekenisvolle verbetering van menseregte binne-in die land (Goodman & Jinks, 2013:150).

4.8.4 Evolusionêre staatsleer

Vierdens, akkulturasie, as dit verbind word aan die dinamika van staatsleer, moedig state aan om toenemend meer betekenisvolle veranderinge te maak. Alhoewel oppervlakkige aksie van publieke konformiteit sommige korttermyn sosiale voordele vir die konformerende staat mag inhou, sal ander state leer dat oor tyd hierdie aksies nie noodwendig 'n aanduiding is van opregte aanvaarding van die norm wat bevestig word nie. As gevolg hiervan sal daar van konformerende state verwag word om toenemende betekenisvolle hervormings te verorden om dieselfde sosiale voordeel vas te vang (Goodman & Jinks, 2008:742). Byvoorbeeld, die eenvoudige ratifisering van 'n menseregte verbond mag aanvanklik sosiale en politieke kapitaal skep vir die ratifiserende staat, maar mislukking om werklike menseregte toestande te verbeter sal oor tyd die belangrikheid van hierdie sein laat vervaag. Om sekere sosiale en politieke kapitaal in die toekoms te verkry, mag state in die toekoms hul formele verpligtinge nakom. Hierdie leer dinamika wakker 'n interaktiewe proses aan waarin daar van state uiteindelik verwag word om merkwaardige robuuste instellingsverbintenisse te aanvaar (Patterson, 2006:1231).

Alvarez (2005:974) en Carraro (2019:1079) is ook van mening dat die sosiale dinamika, wat hierbo beskryf is, dikwels langer sal neem om te realiseer en dus vordering op die gebied van menseregte kan vertraag. Die tydrowende aard van akkulturasie is in sommige gevalle 'n swaarte eerder as 'n sterkpunt. Dit is dus die perfekte verdragingsstrategie, omdat elke keer as ander state mekaar se menseregte rekord kritiseer, daar gereageer kan word met "ons is stadigaan besig om te ontwikkel, stap-vir-stap, ons is verbind, maar gee ons tyd om dit op ons eie manier te doen". Daarom kan 'n lang tydsverloop 'n skadelike kenmerk wees, aangesien dit enige ware voortuiging met betrekking tot menseregte kan vertraag (Carraro, 2019:1080).

4.9 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het Suid-Afrika se menseregte gedrag met betrekking tot die implementering van beloftes en aanbevelings nagegaan. 'n Kort agtergrond oor Suid-Afrika se menseregte gedrag is verskaf. Navorsingsbevindings het gedui op akkulturasie deur interne druk, sowel as akkulturasie deur eksterne druk. As 'n hersiener het Suid-Afrika 'n belofte aan die Afrika-groep gemaak om 'n verbetering in kwaliteit te toon wanneer daar aanbevelings aan ander state gemaak word – hierdie optrede hou verband met regionalisme wat 'n impak op hul gedrag gehad het. Genoemde aksie kan ook verbind word aan akkulturasie deur interne druk, aangesien Suid-Afrika sy rol as Afrika-staat geïnternaliseer het en dus 'n kognitiewe dissonansie wou vermy.

Suid-Afrika as 'n staat onder hersiening het getoon dat die land ontvanklik is vir UPH aanbevelings wat deur hul portuurgroep aan die land gemaak is. Menseregte beloftes het toegeneem vanaf siklus UPH I tot UPH III, as gevolg van nabootsing van die internasionale portuurgroep, maar 'n implementeringsgaping het in UPH II duidelik na vore gekom. Hierdie gedrag dui op akkulturasie, waar die sosiale druk afkomstig van 'n verwysingsgroep formele verbintenisse laat ontstaan het,

maar sonder 'n waarneembare verandering in binnelandse praktyk. Kwessies soos seksuele oriëntasie, rassisme en xenofobie, en lyfstraf het herhaaldelik voorgekom- dit is voorbeelde van kategorie 2 ontkoppeling weens die aanvaarding van aanbevelings op 'n publieke platform sonder binnelandse implementering. Dit verwys na regsritualisme. Goodman en Jinks het verwys na wyses wat ontkoppeling kan oorkom, soos byvoorbeeld die “beskawende mag van skynheiligheid” (eksterne gehoor koste), die “beskawende mag van skynheiligheid” (interne gehoor koste), toenemende eise deur globale burgerlike gemeenskap en evolusionêre staatsleer. Kritici is egter van mening dat voorgenoemde metodes tydrowend van aard kan wees en menseregte verbetering kan vertraag.

